
# Teologie vir Jan Alleman




Geskryf deur
Louwrens Erasmus

© 2016 Shama Bedienings

## INHOUDSOPGAWE

Voorwoord 4

Deel 1 - Inleiding - Hoe kom ek in Kanaän, dit wat die HERE vir my in gadagte het? 8

Kanaän gedefinieër 10

Hoe het dit gebeur dat Kanaän aan Israel belowe is, en hoekom is spesifiek Israel deur die Here gekies? 11

So wat is die probleem? 15

Verbond van geregtigheid 17

Wat moet ek afsterf? 20

Verbond 24

Geloof 27

Nagmaal 32

Doping in die Heilige Gees 36

Genesing 38

Alleen in die woestyn 40

Praat die Here nog met my? 43

Die Tabernakel. 48

Deel 2 - Wat is, en hoe lyk die oorwinnaarslewe van die Bybel? 51

Hoe lyk 'n oorwinnaar? 55

*Wat is die prys wat ons as oorwinnaars sal ontvang?* 64

*Deel 3 - 'n Nuwe teologie bring ek vir julle, die van 'n Nuwe Verbond* 69

*Watter stappe volg dan na die verbond?* 78

*Gevolge van die verbond van geregtigheid vir Israel* 83

*Gevolge van die verbond van geregtigheid vir Calvinisme* 85

*Gevolge van die verbond van geregtigheid vir Dispensasionelisme* 87

*Gevolge van die verbond van geregtigheid op die Wegraping leerstelling* 89

*Slotsom* 96

*Aanhangsel A - Jode – Nasie of Kerkgroep?* 97

*Wie is ons?* 107

*Jeremia 7: 21 - 23*

*So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis.*

*Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie.*

*Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.*

# VOORWOORD

‘n Hele klomp jare gelede het die HERE die een Sondag voor die oggenddiens met my gepraat uit die Bybel, en vir my gesê ek moet alles wat Hy vir my sê, neerskryf. Die skrifgedeelte kom uit Jeremia 30 vers 2: *"So spreek die HERE, die God van Israel: Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek met jou gespreek het".* My eerste gedagte was: "HERE, ek skryf alreeds al die preke af wat ek hoor, en vir my eie stiltetyd het ek ‘n boek wat ek gebruik om al my gebedsversoeke en spesiale woorde mee op te teken". Later die Sondag, terwyl ek soos ons gewoonte is, ‘n vleisie braai vir middagete, het die HERE ‘n fontein binne in my oopgemaak met gedagtes en vrae wat oor die volgende twintig jaar sou groei tot waar hulle vandag is.

Gedurende hierdie tydperk het daar ontsaglik baie in my lewe gebeur, maar die HERE het altyd met my gepraat oor Israel en hulle uittog uit Egipte, en dat dit ook vir ons as voorbeeld moet wees oor hoe ons as Christene by Hom moet uitkom. So het ek dan uiteindelik in 2001 besluit om vinger op te neem en voor die rekenaar stelling in te neem om te doen wat die HERE my destyds beveel het. Nou, terwyl ek besig was om die voorwoord te herskryf vir die hoeveelste maal, het ek vir die eerste maal weer gekyk na wat in Jeremia 30 staan. Ek moet erken ek het geweet dat die HERE my gevra het om te skryf, maar ek kon nooit die skrifgedeelte onthou waarmee die HERE met my gepraat het nie. Op die ou einde het ek afgekom op my oorspronklike boek waarin ek begin het om die artikels te skryf, en gelukkig het ek destyds die vers neergeskryf wat die HERE vir my gegee het. Terwyl ek in my elektroniese Bybel die vers opgesoek het, het ek skielik ervaar ek moet kyk wat sê vers 3, die vers na die opdrag, van Jeremia 30: 3 *"want kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die HERE; en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem".* Toe ek die vers sien, het ek skielik weer besef dat die HERE altyd getrou is, omdat die gedeeltes wat Hy met my oor gepraat het, altyd gegaan het oor Israel se trek uit Egipte uit, en hoe dit vir ons as voorbeeld moet dien. Dit is dan ook die vrae waaroor die boek handel en wat ek sal poog om te beantwoord, sodat ons as wedergebore Christene, die land in besit sal neem wat die HERE aan ons beloof het.

So waaroor handel die boek dan? Ek wil graag na sekere vrae wat ek as Christen het, kyk, nie soseer om altyd ‘n definitiewe antwoord daarop te gee nie, maar om die Woord van God te ondersoek, en dat die Woord die vraag beantwoord. Nie almal gaan altyd hou van wat hulle lees nie, maar dit sal slegs deur die Woord beantwoord word. As rigsnoer word Handelinge 17 verse 11 en 12 gebruik. "***En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka;*** *hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en* ***elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne.***"

Paulus het ook die voorbeeld van Israel se tog uit Egipte voorgehou vir die Jode in Korinte. Hy skryf as volg: ***“Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.***” (1Kor 10 11-13)

So ek het die boek in drie dele opgedeel, met die eerste gedeelte wat vir ons wys wat die tog uit Egipte vir ons en ons teologie beteken, die tweede gedeelte hoe ek as oorwinnaar gaan lewe, en dan die derde gedeelte wat die hoofonderwerp van ons geloof, die verbond, in detail bespreek, hoe Jesus dit kom vervul het, en wat dit alles vir ons vandag inhou. Dit gaan kyk na wat elke stap beteken, en waar daar gate in die teologieë van sovele kerkgroepe beteken. Daarom dat die susterskerke aanvoer dat jy moet die drie formelure van eenheid moet aanhang, want hulle het hulle teologie geneem en dan die Bybel geneem om hulle teologie mee te bevestig. Ek het die ander manier gebruik om eers te kyk wat die Bybel verklaar en dan ‘n teologie daarvolgens ontwikkel. So kan enige persoon deur slegs die voorbeeld wat Israel vir ons gestel het, elke vraag oor watter onderwerp ookal, uit die Bybel beantwoord sonder om na buite Bybelse geloofbeskrywings op mense af te dwing nie.

Ek wil dit graag hier stel dat Jesus ook van die metode gebruik gemaak het wanneer Hy met mense gepraat het. So sien ons dat wanneer Hy praat met mense Hy altyd die Ou testament uitlê en sê :

*“(Luk 16:29)* ***Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.(Luk 16:31) Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.*** *Geeneen van die Kerkvaders van die tyd het na die Ou Testament verwys en daarop hulle eie teologie gebou nie. Hulle was slu genoeg om net die oorlewering van mense te verkondig.*

*(Luk 24:27) En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.(Luk 24:44) En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.*

*(Joh 1:45) (1:46)* ***Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Násaret.***

*(Hand 26:22) Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie: (Hand 28:23) En hulle het vir hom ‘n dag bepaal, en baie het na hom in sy verblyfplek gekom. En in ‘n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit die profete hulle probeer oortuig aangaande Jesus.*

So vir my kyk ek dus altyd met ‘n Ou Testamentiese bril na die Nuwe Testament, en bou my argumente en my teologie op die Ou Testament, met dan ‘n verduideliking hoe dit in die Nuwe Testament gebruik word. Daarmee sny ek dus al die argumente uit wat mense gebruik wat net op Nuwe Testamentiese argumente gebaseer is. So indien ek iets teekom wat mense as ‘n beginsel gebruik wat ek nêrens in die Ou Testament kry nie, ek weet ek dit kan ignoreer, want Jesus het self verklaar dat Hy gekom het om te vervul, en nie nuwe leerstellings daar te stel nie.

‘n Verdere beginsel wat dit baie mee help, is dat ons almal ken die Ou Testament vandag, en dus kan ons oplet hoe die skrywer van Hebreërs juis wys hoe en wat Jesus kom doen het in vergelyking met die Ou Verbond. Aanhangsel A van die boek sal dit in detail bespreek.

Nou hoekom het die ou kerkvaders dit dan anders gedoen? Ons moet onthou dat die Jode altyd die Christenne vervolg het waar hulle ook al gekom het. Ons moet maar net die geskrifte van daardie tyd deur lees om te sien hoe die Christene vervolg is deur die Jode. Ek glo dit het daartoe gelei dat die mense toe net die briewe van Paulus, Johannes en Petrus gebruik het om mense van Jesus te vertel, omdat hulle die konflik met die Jode wou vermy. Ons sien dit duidelik in die optrede van Martin Luther wat probeer het om die Jode te oortuig van Christus, maar op sy oudag 'n boek geskryf het wat selfs deur die Nazi's in die tweede wêreld oorlog gebruik is om die Jode mee te vervolg en dood te maak. **Luther skryf in sy boek "The Jews and their lies" die volgende: "In the treatise, he argues that Jewish synagogues and schools be set on fire, their prayer books destroyed, rabbis forbidden to preach, homes burned, and property and money confiscated. They should be shown no mercy or kindness, afforded no legal protection, and these "poisonous envenomed worms" should be drafted into forced labor or expelled for all time. He also seems to advocate their murder, writing "[W]e are at fault in not slaying them"**. (Wikipedia). Voor Luther is daar ook die boek van John Foxe "Foxes book of Martyrs" **wat beskryf hoe die Christene vervolg was. Dit wys ook hoe elke dissipel gedood is, meestal onder Joodse toesig**.

So het dit dus vir my, aangesien ons nie meer vandag as Christene deur die Jode gedood word nie, makliker gemaak om na hulle geskiedenis en die Ou Verbond te kyk en dit vir vandag toe te pas. Daar het oor die jare sovele verkeerde leerstellings die lig gesien en die enigste manier om dit te weerlê, is om te kyk wat Jesus, Paulus en die ander Apostels oor die leerstellings gesê het. Ons moet onthou dat die Roomse Kerk alreeds hier in 300 na Christus as die "Hoof" bestaan het, en het hulle hul leerstellings vasgelê. Vandag sit ons nou al 500 jaar na die reformasie van Luther en Calvyn, maar moet ons ook onthou dat hulle net dit verander het wat hulle nie mee saamgestem het nie. Luther se hoof probleem het gegaan oor die gesag van die pous, en nie baie oor leerstellings nie, behalwe dat hy die mense wou terug bring na die skrif alleen, en nie wat die pous verklaar het nie.

Ek glo dat ons almal sal saamstem dat daar altyd verskille sal wees afhangende van hoe ons sekere Bybelse beginsels definieër. So sal ons sien dat ons almal 'n roeping het, elkeen 'n spesifieke gawe ontvang het, en aan elke persoon 'n sekere salwing geskenk word wat deur die Heilige Gees aan ons geskenk word. Maar ons almal dien Een HERE, Een Vader, Seun en Helige Gees. Dan sal ons nie net sê soos die Apostoliese geloofsbelydenis, *"Ek glo in die Heilige Gees"* nie, maar sal ek self kan verduidelik wat die doel van die Helige Gees in elke persoon se lewe is, en hoe dié ons sal lei in alle waarheid.

Die laaste punt wat ek graag wil maak is dat ons moet onthou die Bybel is 'n handleiding vir ons as Christene, en nie fortuin vertelling van wat in die toekoms eendag gaan gebeur met die wêreld nie. Nee, die Bybel is 'n handleiding vir Christene, mense wat werklik elke dag van hulle lewe op reis is saam met die HERE. Dit vertel ons nie dat die antichris nog uit Rusland of Europa of Amerika of waar ookal van moet kom nie, maar skakel direk in by wat ons leer in Jesaja 1 vers 21: *"Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars! 22 Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. 23 Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloninge na. Aan die wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie. 24 Daarom spreek die Here HERE van die leërskare, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande! 25 En Ek*

*sal my hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou looddele wegneem. 26 En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadsmanne soos in die begin; daarna sal jy 'n stad van geregtigheid, 'n getroue vesting genoem word. 27 Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid."*

Soos die Ou Verbond vir ons die voorbeeld gee van wat met Israel gebeur het, net so sal ons sien dat die Nuwe Verbond vir ons vertel wat vandag besig is om te gebeur. Daar is nog sovele beloftes en profesië wat nog nie vervul is van die Ou Verbond nie, want dit was nie vir hulle bedoel nie. So sal ons sien dat Esegiël vir ons die einde van hierdie bedeling beskryf binne die raamwerk van die tempel, en beskryf Johannes presies dieselfde gebeure met die Nuwe Jerusalem as sentrale tema.

Die Ou Verbond beskryf altyd oordele oor sewe volke, en die Nuwe Verbond oor sewe Kerk groepe. Dit is in kort wat u hier sal leer uit die boek, waar deel een Israel se tog volg om in Kanaän te kom, en die tweede gedeelte wat dit beteken om 'n oorwinnaar te wees, en die derde deel van die boek die Nuwe Verbond beskryf en hoe Jesus die oue tot niet gemaak het.

# Deel 1 - Inleiding - Hoe kom ek in Kanaän, dit wat die HERE vir my in gadagte het?

Wat is ‘n oorwinnaar? Hoe word ek een? Volgens my is ‘n oorwinnaar iemand wat dit wat die HERE vir ons in gedagte het, gaan erf. In die Ou Testament vind ons dat Israel Kanaän sou erf, en in die Nuwe Testament beskryf Johannes dit as die nuwe Jerusalem.

Hoe word ek dus ‘n oorwinnaar? Daar is verskillende standpunte, afhangende van watter Kerkgroep ‘n persoon aan behoort. Ek wil graag Israel as voorbeeld gebruik oor hoe hulle in die beloofde land ingekom het. Dit sal dan ook vir ons as riglyn dien oor hoe ons vandag in ons Kanaän kan uitkom, want die Here het aan Jeremia in hoofstuk 30 belowe dat Hy Sy volk sal terugbring na die land wat Hy aan hulle voorvaders gegee het, en hulle dit in besit sal neem. Ek weet dat dit is wat die Here vir elkeen van ons in gedagte het, want dit is wat die Bybel verklaar.

Is ek seker dat ons Kanaän sal beërwe? In my soeke het ek so op ‘n paar gedeeltes in die Bybel afgekom wat meer lig gewerp het op die onderwerp. Paulus skryf in 1 Korintiërs 10 die volgende: *“Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.* ***Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie****. En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.”*

Die gedeelte verklaar vir ons dat ons maar na Israel se trek kan kyk en leer hoe ons moet optree, sodat ons lot nie dieselfde as hulle s’n is nie.

Maar het Israel Kanaän ingegaan? Ek het ook al die jare gedink dat hulle wel Kanaän ingegaan het nadat hulle veertig jaar in die woestyn rondgetrek het. Op ‘n dag lees ek toe in Esegiël 20 die volgende: (Vers 6) *“Op dié dag het Ek my hand vir hulle opgehef, om hulle uit Egipteland uit te lei na ‘n land wat Ek vir hulle uitgesoek het, wat oorloop van melk en heuning—’n sieraad is dit van al die lande.” (Vers 13) “Maar die huis van Israel was wederstrewig teen My in die woestyn; hulle het nie in my insettinge gewandel nie en my verordeninge verwerp, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; en my sabbatte het hulle baie ontheilig. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet in die woestyn om hulle te vernietig.” (Verse 17-18) “Maar my oog het hulle verskoon, sodat Ek hulle nie verdelg het nie en geen einde aan hulle gemaak het in die woestyn nie. Maar Ek het aan hulle kinders in die woestyn gesê: Wandel nie in die insettinge van julle vaders nie en onderhou nie hulle verordeninge nie en verontreinig julle nie met hulle*

*drekgode nie". (Verse 22-23) "Maar Ek het my hand teruggetrek en gehandel ter wille van my Naam, dat dit nie ontheilig sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitgelei het nie. Tog het Ék my hand vir hulle opgehef in die woestyn, dat Ek hulle sal versprei onder die nasies en hulle sal verstrooi in die lande"*;

Die gedeelte verklaar dus dat Israel nooit Kanaän ingegaan het soos dit oorspronklik daaruit gesien het nie. Dit verklaar ook waarom daar later nooit weer melding gemaak word dat hulle druiwetrosse geoes het wat so groot was dat twee persone aan een tros moes dra nie. U sien in die veertig jaar wat hulle in die woestyn vertoef het, het die HERE die land so verander dat dit nie meer so was soos wat Josua en Kaleb dit gesien het nie.

So in hierdie eerste deel an die boek wil ek graag die voorbeeld van Israel gebruik oor hoe hulle in Kanaän ingegaan het, wat die HERE van hulle verwag het, en wat gebeur het indien hulle Hom vertrou het, en wat gebeur het indien hulle nie hulle vertroue in Hom geplaas het nie.

## KANAÄN GEDEFINIEËR

Maar eers, hoe lyk Kanaän? Num.14:8 ***"**As die HERE 'n welbehae in ons het, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning,"* Num.13:23, *"Daarop het hulle tot by die dal Eskol gekom en daar 'n rank met een tros druiwe afgesny, en twee het dit aan 'n draagstok gedra; ook van die granate en van die vye."* Num.13:27. *"En hulle het hom vertel en gesê: Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning, en dít is sy vrugte."*

Hoe beskryf Dawid vir ons hoe ons lewe sal wees wanneer ons alles doen wat die Here van ons verwag en ons ons in Kanaän bevind. Psalm 1 verse 1 tot 3 gee vir ons die antwoord.

*"1 ¶ Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; 2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. 3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit."*

So, om in Kanaän te wees, sien ons dat ons altyd vrugte sal dra, en dat alles wat ons doen, voorspoedig sal wees.

## Hoe het dit gebeur dat Kanaän aan Israel belowe is, en hoekom is spesifiek Israel deur die Here gekies?

Die Bybel leer ons dat Josef na Egipte weggevoer is, dat sy broers later in Egipte kom kos soek het, en so is Jakob se familie weer herenig. Oor die jare het hulle nasate 'n sterk volk geword, en het hulle 'n eie nasie geword. So het Israel as volk ontstaan en is Israel as volk deur die Here uitverkies om Sy volk te wees. Ons moet onthou dat Esau ook een van Jakob se seuns was, en dat hy en sy nageslagte nie saam met Josef en Jakob na Egipte vertrek het nie. So hoekom is Israel uitgesonder deur die Here?

Moses gee vir ons die antwoord in Deuteronomium 7:7. *"Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke."*

Omdat Israel verneder is en slawe van die Egiptenare geword het, het die Here hulle uitgekies om Sy volk te wees. Hy het ook natuurlik vir Abraham belowe dat Israel Sy volk sal wees.

Ek wil dit ook graag baie duidelik stel dat dit nie vir my gaan of uitverkiesing reg of verkeerd is nie, maar oor wie uitverkies is. Die vers uit Deuteronomium dien vir my as riglyn daaroor. Die Here het die volk Israel in die Ou Testament uitgekies vir hom as volk. Dit beteken dus dat die Israeliete die HERE se uitverkore volk was. Maar wat nou van al die ander nasies? Ons lees dat selfs in Israel se tyd ander persone hulle by die Israeliete kon voeg.

Eksodus 12:48-49 *"48 En as 'n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos 'n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. 49 Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef."*

So in die Ou Testament kon persone van ander nasies hulle by Israel skaar. Dit het ook beteken dat hulle deel van die verbond geword het, want die pasga was slegs vir verbondsgenote, en die besnydenis die teken van die verbond. So Israel was as GEMEENTE gekies, en nie net as volk nie.

---

### Nuwe Testamentiese siening.

Ons leef nie meer onder die Ou Testament(verbond) se reëls en wette nie, so wat van die Nuwe Testament? Wanneer ons na die Nuwe Testament kyk, wat leer Handelinge 10:34 en 35 ons? "En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is." (Hand 10:34-35)

Paulus bespreek dit in Efesiërs 2, as volg: *"11 ¶ Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12 dat julle in dié tyd sonder Christus was,* ***vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. 13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus****. 14 ¶ Want Hy is ons vrede,* ***Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het 15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan;***

***sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep 16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.***"

In hierdie gedeelte sien ons dat die Here Sy volk en Kerk uitbrei na elke persoon wat Hom vrees en Sy geregtigheid doen. So dit gaan nie meer oor die Jode of die Israeliete nie, maar oor elkeen wat die Here vrees en doen wat Hy beveel, met ander woorde glo dat Jesus die Christus is, en die werk aanvaar wat Hy vir ons gedoen het. So, ek en jy kan dus ook deel van God se volk word, en is daar alreeds ook in Eksodus voorsiening vir ons gemaak. Ons moet in Christus deel word van God se volk, of soos dit sovele kere genoem word, deel van hul gemeente.

Wat moet ek doen om deel van God se volk te word? Hand 10:34-35: *"34 En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, 35 maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is."*

Toe Israel in die woestyn was, is dit die tyd toe Moses vir hulle gesê het dat Hy, dit is God, hulle vir Hom uitgekies het. Deuteronomium 4:37 *" En omdat Hy jou vaders liefgehad en hulle nageslag na hulle uitverkies het, en Hy self jou deur sy grote krag uit Egipte uitgelei het."* So vir ons as persone wat ons graag by die volk van God wil voeg, moet ons gaan kyk wat en hoe die volk moes optree om die Here se volk te wees en wil ek graag teruggaan na hoe Israel uit Egipte uit is, wat die betekenis daarvan vir ons vandag is, en hoe hulle in die land Kanaän gekom het.

## WAAR BEGIN ONS?

Eerstens moet ons leer dat die volk in Egipte was voordat Moses hulle uitgelei het. Dit is 'n lewe waar hulle as slawe deur die Egiptenare gebruik is, maar dat dit die plek is waar die Here vir hulle uitkoms gegee het. Ons moet ook besef dat die Here nie uit Sy eie besluit het dat Israel uit Egipte moes kom nie, maar die Israeliete moes eers uitroep tot die Here. Eksodus 2 vers 23: *"¶ En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. 24 En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. 25 En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken."* Een aspek wat my hier opval is dat die Bybel ook verklaar dat dit 'n lang tyd was, so virhonderd jaar. Hoeveel keer vra ons vir die Here uitkoms en raak ons opgewerk as die antwoord nie die volgende dag daar is nie. Hier sien ons dat Moses vir byna 40 jaar in die woestyn was, en Israel moes maar wag totdat God geweet het dat dit nou die tyd is om verlossing te bring. 'n Ander aspek wat ons moet onthou is dat Israel vir Moses gevolg het. Hoekom juis Moses? Hy is deur God gestuur, en het beweeg met tekens en wonders. So as jy iemand soek wat jou uit Egipteland moet neem, soek totdat jy iemand kry wat in tekens en wonders beweeg en deur God aangestel is. Volg sy voorbeeld na.

So ons moet besef dat ons nog in Egipte is, en dit is die eerste werk van die Heilige Gees. Joh. 16: *"7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; 8 en as Hy kom,* ***sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: 9 van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; 10 en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; 11 en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is. 12 Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit***

***nou nie dra nie.*** *13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. 14 Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. 15 Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. 16 'n Klein tydjie, en julle sal My nie sien nie; en weer 'n klein tydjie, en julle sal My sien, omdat Ek na die Vader gaan."*

Wat moes Israel doen voordat die Here besluit het om hulle uit Egipte te lei?

Het jy al tot God uitgeroep? Indien ja, hoe? Dink jy God het/sal jou hoor? Hoekom? (Waaraan het God gedink). Sy Verbond.

## WAT IS DIE EERSTE STAP?

So vir my as heiden, oftewel, nie lid van God se volk nie, moet ek eers besef dat ek in Egipte is, en dan uitroep na die Here vir verlossing. Maar hoe weet ek dat ek in Egipte is? Wat sê Jesus hoe sal ons weet dat ons nog in sonde is, en 'n sondige natuur besit? Jesus het dieselfde probleem gehad toe hy die Jode aangespreek het in Mattheus 5 vanaf vers 17.

Lees Mattheus 5 vanaf vers 17 tot 48 baie aandagtig.

Hier het Jesus met mense te doen gehad wat elke wet noukeurig nagekom het. Ons moet onthou dat die skrifgeleerdes en Fariseërs elke wet in onderafdelings opgedeel het, en elke deel moes nagekom word. Indien hulle dit nie sou doen nie, was hulle bevrees dat die Here hulle weer sou laat wegvoer na Babel of een of ander land toe soos Hy met Israel vroeër gedoen het.

So, hoe het Jesus dit gedoen? Deur vir hulle te bewys dat dit nie gaan oor wat jy doen nie, maar oor hoe jou ingesteldheid is. Jesus moes vir hulle sê dat dit nie gaan oor wie reg of verkeerd is in 'n saak nie, maar oor die gesindheid van die hart. Hoe stel Jesus dit in vers 20: *"20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*

Wat wou Jesus hier vir die Fariseërs leer? Dit, dat dit nie moontlik is om die ewige lewe te beërwe deur wetsonderhouding nie. Dit maak nie saak hoe hard ek probeer deur mooi te lewe en nie te sondig nie. Die probleem is nie om op te hou sondig nie, want al dink ek ek sondig nie meer nie, is selfs my gedagtes sondig. Nee, ek moet besef dat my natuur verkeerd is. Ek moet leer dat ek verander moet word. Maar hoe? Kyk wat sê die profeet Esegiël in hoofstuk 11:19 *"En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee",* en weer in Esegiël 36:26 "*En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee".*

So die probleem lê by die hart. Ek moet van hart verander, en dit geskied met wedergeboorte, soos Jesus dit vir Nikodemus in Johannes 3:4-6 stel, *"4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? 5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. 6 Wat uit die vlees*

*gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. 7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie".*

So wat moet ek doen. Ek moet van hart (nasie) verander. Ek moet besluit om van Egiptenaar (sondaar) na Israeliet (uitverkorene) te verander. Ek moet besef dat ek nie voort kan gaan as Egiptenaar en so die koningryk van God beërwe nie, maar dat ek deel van Sy volk moet word. Hoe word dit gedoen? Deur te glo dat Jesus die mag het om my te wederbaar in Sy volk in. Ek moet soos die Israeliete van ouds, onder die bloed van die Lam kom. Dan kan die doodsengel my nie aanraak nie. Ek moet dus bely dat Jesus se bloed my kan reinig van al my ongeregtighede. Ek moet glo dat Hy 'n volmaakte weg gebaan het vir my. **Ek moet glo dat die verbond wat Hy namens my verwerk het, die antwoord is.**

Vers 20 van Mattheus 5 het vir ons die sleutel: *"Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*

## So wat is die probleem?

Geregtigheid. Ek staan in die pad van myself om die ewige lewe te beërwe. Deur wetsonderhouding sal ek nooit daar uitkom nie. Want dit is nog steeds wat ek probeer doen. Ek is nog steeds vas gevang in sonde. Ek moet eers besef dat ek sondig is. Ek moet besef dat my wese verkeerd is. Dit kan ek leer uit die gedeelte in Mattheus. Al dink ek net verkeerd, pleeg ek alreeds sonde. Ek moet sterf.

### Kan ek uit Egipte trek sonder dat ek besef dat ek in Egipte is?

Sodra ek besef dat ek in Egipte is, dan kan ek voortgaan. Indien ek nie besef dat ek in Egipte is nie, sal ek later altyd wil teruggaan na my vorige lewe toe. Indien ek nie besef dat ek in Egipte is nie, gaan dit met 'n persoon soos wat Charles Finney dit in Revival Fire beskryf : *"I have already intimated that pains enough had not been taken to search the heart and thoroughly detect and expose the sinner's depravity, so as to make him see the need of the gospel remedy. If I am not mistaken, there has been, in many cases, an error committed in urging sinners to submission before they are prepared to understand what true submission is. They have been urged to repent, before they have really understood the nature and dessert of sin; to believe, before they have understood their need of Christ; to resolve to serve God, before they have at all understood what the service of God is. They have been pressed to make up their minds to enter immediately upon the service of God, and have been taught that they needed only to make a resolution to obey the Lord. Hence their religion, after all, has been only a religion of resolutions, instead of a religion of faith, and love, and of a broken heart. In short, it appears to me that, in many instances, the true idea of what constitutes pure religion has not been developed in the mind, and that consequently spurious conversions have been distressingly numerous. I have been more and more surprised from year to year, to find how very numerous those professors of religion are who manifestly have not the true ideal of pure religion before their minds. It seems that, in many instances, the idea that love is the essence and the whole of religion, is left almost, if not entirely, out of view."*

Hoekom moet ek besef dat my wese sondig is? Watter sondes is daar in jou lewe? Hoe raak ek ontslae van my sondes?

Wat moet ek hê voordat ek in die koninkryk van God kan kom?

Geregtigheid.

### Oplossing vir die probleem.

So ek moet besef hoe ver ek weg is van die Here, voordat ek kan dink aan die oplossing. Dan kan ek eers besef dat ek vergifnis verlang, sodat ek weergebore kan word. So wat dan? Ek moet aanvaar wat God alreeds vir my gedoen het. Dan kan ek die Here nader vir vergifnis. Dan kan ek my hart leeg maak voor die Here. Dawid skryf vir ons in Psalm 51 hoe ons die Here kan nader vir vergifnis nadat die profeet Natan na hom gekom het, toe hy by Bátseba ingegaan het.

Lees Psalm 51

Wanneer ek die Psalm lees dan besef ek opnuut hoe na Dawid aan die Here gewandel het. Dan besef ek weereens dat die Here wil nie weet van my grootheid nie. Hy wil dat ek in verslaenheid en nederigheid Hom sal nader, sodat Hy my kan rein was van my sonde.

Hoe het die Here vergifnis bewerkstellig? Deur die nuwe verbond. Maar wat beteken die nuwe verbond vir my ?

Dat God die mens se verbondsvennoot is, en dat Hy, terwille van die verbond wat God met Jesus Christus as God se offer vir sonde gesny het, nie meer die sonde van die mens wat in Jesus glo, teen hom hou nie. God het Sy volmaakte Seun, Jesus Christus aangewys om die plek van die mens in die verbond in te neem, as hoëpriester eens en vir altyd en tot in ewigheid, sodat die belofte wat deur eedswering gemaak is, sonder 'n skaduwee van twyfel aan hulle wat glo, sal toekom. Om die wet te verbreek was om die verbond te verbreek, en dit was strafbaar met die dood. God het met Jesus gehandel volgens ons verdienstes. In onderhouding van die wet kan die mens nooit verseker wees dat hy God behaag nie.

Jesus se geregtigheid is dus die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid.

Dit is om die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Sodra ons die verbond van geregtigheid ontvang en daarin wandel, dan heers ons vanuit die gunstige posisie van die ewige lewe deur Jesus Christus. Die verbond beantwoord ook die stelling wat Jesus gemaak het dat ons volmaak moet wees soos ons Vader in die Hemel volmaak is.

Wat beteken dit om Jesus se geregtigheid te besit? Wat het Jesus gedoen vir ons?

# Verbond van geregtigheid

Ons wonder baie maal waarom ons as Christene so 'n klein verskil in die wêreld maak. Ons sien dat ander godsdienstige groepe so getrou hulle tyd met hulle god afstaan, maar tog is dit vir ons as Christene moeilik om dit ook so te doen. Dan kry ons nog opmerkings ook wanneer ons bely dat ons Christene is, dat ons dweep, of dat 'n persoon eerder met 'n nie-Christen besigheid doen as met 'n Christen omdat die Christene waarmee hy besigheid gedoen het al, hom in die rug gesteek het, of weggeloop het met alles wat hulle gekoop het of wat ook al. Wat beteken dit dus om 'n Christen te wees?

Die definisie wat ek daaraan wil gee is as volg: Die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons 'n oorvloed van die gawe van geregtigheid ontvang.

Wat en waar kom die woord geregtigheid vandaan?

Mat 6 : *33 "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."*

Ons is baie geneig om klem te lê op om eers die koninkryk van God te soek, maar ons kyk baie maal die tweede gedeelte, die geregtigheid van God mis.

Onthou die skrifgedeelte. Matt 5 : 17 - 48.

Ons vind verder dat Jesus die gedeelte afsluit in vers 48 met 'n versoek wat vir ons as mense, onmoontlik klink: ***"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."*** Die vers is regtig moeilik om te verstaan as ons na die voorafgaande verse kyk.

Ons moet onthou dat Jesus hier met die Fariseërs en Sadduseërs en Skrifgeleerdes gepraat het. Ons moet ook verder onthou dat hulle het nie net die tien gebooie gehad nie, maar elke wet is verder afgebreek in nog wette. So het die wet dan bestaan uit ses honderd en dertien wette, wette wat die Jode vandag nog alles moet onderhou. Jesus het hier vir hulle probeer wys dat wat hulle ook al probeer doen om die ewige lewe te verkry, nie deur wetsonderhouding verkry kan word nie. Tog roep Hy hulle op om volmaak te wees. Hoe word ons dus volmaak soos ons Vader in die Hemel? Mat 5:20 "***Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."***

Wat doen ons vandag wanneer iemand tot bekering kom? Hoe maak ons dissipels van mense?

My ondervinding is dat die persoon kom uit na 'n oproep deur die pastoor of soortgelyke persoon, en doen 'n gebed om Jesus aan te neem. Daarna word hy geleer 'n Christen doen nie die volgende nie: Rook, drink, steel, vloek, en nog baie ander moenies. Die persoon moet hard werk, bid, Bybel lees, dienste bywoon, sy tiende gee, en oor die algemeen net goed wees. Die persoon trou, kry 'n goeie geleerdheid, 'n goeie werk, dien die HERE deur Sondagskool, tienerkerk, helper of by wat ook al betrokke te raak. Die persoon maak sy kinders groot, tree af, en gaan dood.

Nou mag jy dalk vra maar wat is fout daarmee. Baie.

Wat leer Handelinge 1 vers 8 ons? *“8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.”*

Waar is dié Krag? Jou lewe is leeg sonder Krag. Kom ons kyk 'n bietjie na ons eie lewe. Sukkel ons nog met sondes soos trots, skinder, jaloesie, eie geregtigheid, en onverdraagsaamheid wat ons nie los van kan kom nie. Hoe probeer ek die probleem oplos? Lees meer Bybel. Bid meer. Lees boeke wat belowe dat ek sal ophou met die sonde. Luister bandjies. As dit nie help nie gaan ons vir berading en word ons vertel om maar te volhard in gebed en vas. Wat leer die Bybel ons.

Matt 10: 38 *“En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.”*

Die Bybel sê nie dat ons dit altyd maklik gaan hê nie. Dit gaan my iets kos. Dit gaan my kos om my kruis op te neem en te sterf. Ons sien altyd net die kruis as die kruis wat Jesus op gesterf het en so vir ons sondes betaal het. Ons sien net wat Hy vir ons gedoen het vir die vervulling van die verbond, maar ons sien nie die kruis as die plek waar ek ook my lewe moet gaan neerlê en Hom volg nie. Ons sien nie die kruis as iets wat ek moet opneem om Hom te volg nie. Ons kan nie weergebore word as ons nie eers sterf nie. Dit is onmoontlik om lewendig weergebore te word. Ek moet my eie lewe, my eie geregtigheid, my eie ek, gaan neerlê by die kruis, sodat ek in 'n nuwe lewe kan opstaan, en Jesus dan volg. Wedergeboorte vereis dood. Dan sal ons gebed nie wees " Here ek bring al my sondes na U toe. Sal u hulle asseblief vergewe, en dankie dat ek nou 'n nuwe skepsel is". Nee. My gebed sal wees "Here Jesus ek kan myself nie red nie, ek vertrou U daarvoor. Daaroor lê ek nou my lewe voor U by die kruis neer, en ontvang ek U gawe. Dankie dat U my red".

Dit is ook die eerste stap van geloof, omdat ek nou die Here vertrou om my te red. Voordat ek gesterf het, is dit wat ek gedoen het godsdiens, nou is dit 'n lewe neergelê tot eer en verheerliking van Hom, ons Here Jesus.

Wat moet ek doen voor wedergeboorte? Besef dat ek verlore is en nie die ewige lewe kan beërf nie. So ek moet sterf van myself, en Jesus se offer vir sonde aanvaar.

Hoe weet ek of ek regtig gesterf het?

Kom ons kyk gou na 'n paar aspekte wat ons graag wil of nie wil hoor nie. Die godsdienstige persoon wil graag saam heers, maar wil nie suffer nie. Hy wil hemel toe gaan, maar hy wil nog steeds doen net wat Hy wil. Hy wil hê die Here moet hom seën, maar hy wil niks opgee nie. Hy sal kilometers ver ry om boodskappe van krag, voorspoed (blessings), ewige lewe, geestelike gawes en wat ook al na te luister, maar hy hou nie van boodskappe van self aflegging, onderwerping, oorgee en heiligmaking nie. Hoekom? Want ek wil nie sterf nie. Ek wil in beheer bly van my lewe.

Die geredde persoon sê, "Nie ek nie, maar Christus". Hoekom? Kom ons kyk na Lukas se weergawe van dieselfde gebeurtenis.

Lukas 9: 23: *“23 En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.”*

Vir my beteken dit dat ek elke dag moet verwag om sonde in die oë te kyk. Daar sal versoekings na jou kant toe kom. Maar ek moet onthou dat die kruis die verskil maak in my lewe. Vergifnis is

nie ‘n enkele gebeurtenis nie, maar ‘n daaglikse gebeurtenis. Ek het elke dag vergifnis nodig vir dit wat ek verkeerd gedoen het, waar ek gesondig het en moet ek dit elke dag kruis toe neem om vergifnis te ontvang. So om my kruis elke dag op te tel beteken ek moet erken dat daar nog goed is in my lewe wat ek nog aan moet werk, maar ek moet vergifnis ontvang en wegdraai van daardie sonde en aangaan en nie weer in dieselfde slagyster trap nie. So, ek moet myself elke dag verloën. Ek moet elke dag sterf van die sonde wat ek nog van weet of doen.. As ek nie sterf nie, kan ek nie ewig lewe nie. Wanneer ek ewig lewe, het die dood geen mag oor my nie. Wanneer ek jou vra hoe jou verhouding met die Here is, stel ek nie belang in wat die Here 20 of 10 of 5 jaar of selfs 1 maand gelede gedoen het in jou lewe nie, maar wat was Sy invloed vandag in jou lewe. Was dit deur 'n nuwe openbaring van Sy Woord, of die verhoring van 'n gebed vandag, of dalk het Hy jou net bederf deur iemand wat jy mis oor jou pad te bring.

Wat het die Here vir jou die afgelope week gedoen?

Ons het vroeër gesien dat ons moet sterf. Maar waarvan moet ons sterf?

Die mens bestaan uit 'n gees, 'n liggaam en 'n siel. Die mens se siel, m.a.w. jou emosies, wil, en denke is gewoond daaraan om sekere dinge te doen, en aanvaar sekere gewoontes as normaal. Jou gees daarenteen, is min ontwikkel in wie of wat God is. So wanneer ons ons sondige natuur verruil vir 'n geredde natuur, moet ons wêreldse gewoontes plek maak vir gewoontes wat God verheerlik. Dit beteken dus dat ek God moet koning maak in elke aspek van my lewe. Ek moet dus God se wette in my hart ontvang.

Ek moet verstaan wat dit beteken dat Hy my Middelaar is, m.a.w. Hy staan tussen my en God sodat God Hom sien en my kan kwytskeld. So is daar baie aspekte wat Hy homself wil openbaar aan ons, en waar ons Hom moet koning van maak, soos ons geneesheer, advokaat, regter, ons verlosser. Elke nuwe area waar ek Hom in ontdek, bou my geloof. Die Bybel leer ons ook dat dit onmoontlik is om God te behaag sonder geloof. So, ek moet elke aspek van my lewe gaan neerlê by die kruis, sodat ek in die plek daarvan Christus kan ontvang om die gewoonte of aspek van my lewe oor te neem.

# WAT MOET EK AFSTERF?

Gaan elke skrifgedeelte na, en ondersoek jouself hoeveel van die aspekte moet jy nog by die kruis gaan neerlê.

| Aspek wat ek moet afsterf | Woordeboek betekenis | Skrifverwysings |
|---|---|---|
| Owerspel | Vrywillige seksuele gemeenskap met iemand anders as jou huweliksmaat | Deut 5:18, Lev 20:10-12, Spr 2:18-19, 1Kor 6:9-10, Open 21:8 |
| Hoerery | Vrywillige seksuele gemeenskap voor die huwelik, of om gemeenskap te hê sonder om getroud te wees | Mat 15:19-20, 1Kor 6:18, 1Kor 5:9-11 |
| Onreinheid | Besoedel deur rituele, fisiese, morele of geestelike onreinheid | Lev 15:1-33, Rom 14:14, Mark 1:21-28 |
| Ongebondenheid | Behep met verkeerde dade, verwerping van gesag | Eseg 16:27,58, Eseg 22:9-11, Jer 14:27, Eseg 23:27-49 |
| Afgodery | Ander gode aanhang en aanbid | Hand 17:29, Rom 1:22-23, 2Kor 6:14-18, Gal 4:8-10 |
| Towery | Die praktisering van towerkuns | Deut 18:10-11, Miga 5:11-12, Open 9:21 |
| Vyandskap | Om ‘n gevoel van haat teen iemand te hê | Gen 37:4-5, 2Sam 13:12-22, 1Kon 22:8, Mat 24:9, Joh 3:20 |
| Twis | Ernstige verskille met ander persone te hê | Spr 13:10, Hand 15:36-39, 1 Kor 1:10-13 Gal 5:15, Tit 3:8-9 |
| Jaloersheid | Om iemand anders se werke te haat | 2Sam 19:41-43, 1Kor 3:3-5, 2Kor 12:20-21 |
| Toornigheid | Om kwaad te wees | Spr 11:4, Spr 12:16 Spr 14:29, Spr 15:18, Spr 16:14, Spr 19:12, Spr 21:14, Spr 30:37 |
| Naywer | Onenigheid, tweedrag te saai | Spr 16:28, Spr 17:19, Spr 22:10, Spr 29:22 |
| Tweedrag | Naywer, onenigheid | Hand15:2, Hand.23:10 |

| Aspek wat ek moet afsterf | Woordeboek betekenis | Skrifverwysings |
|---|---|---|
| Partyskap | Om skeiding te veroorsaak | Hand 5:17, Hand 26:5, Hand 24:5, 14, 2Pet 2:1-2, Gal 1:7 |
| Afguns | Om 'n ander persoon se sukses te beny | Spr 27:4, Rom 1:28-32, 1Tim 6:4 |
| Moord | Die onwettige doodmaak van 'n mens | Eks 21:14, Mat 15:19, Mat 5:21-22, 1Joh 3:15 |
| Dronkenskap | Staat van bedwelming | Spr 20:1, Jes 5:22-23, Jes 28:7, Rom 13:13, 1Tess 5:6-7 |
| Brassery | Die hou van swelgpartye en deurnag partye | 1 Pet 4:3 |

Daar is 'n baie interessante gedeelte ook opgeteken vir ons in 'n boek wat Markus geskryf het nadat hy en Barnabas van Paulus geskei is. In die Bybel kry ons net die gedeeltes oor Paulus, maar Barnabas wat saam met Paulus gewerk het en Markus wat die eerste van die vier evangelies geskryf het, lees ons nie verder van nie.

Wie was Barnabas en wat was sy leerstellings? Hy het vir die Jode geleer dat hulle nie net moet kyk na die fisiese voorskrifte van Moses nie, maar ook wat die geestelike betekenis daarvan is.

Beskrywing van Barnabas deur Chris van Wyk | Nico Simpson | Frederick Marais van hul boek oor Barnabas.

"Ons gebruik 'n meesterverhaal, dié keer nie 'n hoofstuk of boek in die Bybel nie, maar 'n karakter in die Nuwe Testament, **Barnabas**. Barnabas is een van die onvertelde en onderskatte verhale in ons Bybelse biblioteek. Hy is egter by uitstek iemand wat wys hoe 'n lewenstyl gevorm word deur die geestelike gewoontes wat jy beoefen:

- Die **Here** kon Barnabas se dankoffer gebruik om die eerste gemeente finansieël te bemoedig en te laat oorleef. Sonder sy **vrygewigheid** sou die gemeente baie moeilik 'n basis kon wees vir die eksponensiële groei van die koninkryk in die eerste paar dekades van ons jaartelling.
- Die **kerk** kon Saulus en sy bediening aanvaar weens Barnabas wat hom **gasvry** ontvang het en só vir Saulus as borg in die eerste gemeente opgetree het. Daarsonder sou die kerk baie maklik eksklusief-Joods kon bly en kon kies om nie grense na ander oor te steek nie.

- Die jong Johannes **Markus** het in Barnabas ‘n begeleier en mentor van formaat gevind wat hom deur sy gawe van **bemoediging** in staat gestel het om nie net uiteindelik met Paulus te versoen nie, maar ook die eerste en oudste evangelie te skrywe. Sy evangelie skets die eerste koherente prentjie van Jesus wat deur die ander sinoptiese evangelies as bronteks gebruik is.

Barnabas het ‘n fenomenale bydrae tot die eerste kerk en die vestiging van die koninkryk gemaak. Woorde ontbreek eintlik om sy bydrae na waarde te skat.

Hy was veral ‘n **Bemoediger**, soveel so dat dit sy bynaam geword het. Hy was ‘n **Borg** vir Saulus, ‘n **Brugbouer** in Antiogië, ‘n **Bemagtiger** van Saulus as leraar, ‘n pionier **Bedienaar** van die evangelie aan die heidene en ‘n bobaas **Begeleier** van jong gelowiges.

Barnabas is dus vir almal van ons ‘n voorbeeld van iemand wat sy arsenaal van gawes – bemoediging, vrygewigheid, gasvryheid, begeleiding – tot voordeel van die kerk en in diens aan die Here aangewend het. Hy illustreer vir ons hoe ‘n Christelike lewenstyl werk.

Of ‘n mens nou kan peil trek op die 6de eeuse monnik van Siprus, Alexander Monachus, se beskrywing van Barnabas al dan nie – “his face was like that of an angel ... and he had sparkling eyes” (Laudatio Barnabae, 25) – Barnabas verdien ‘n plek in die harte van Christene wêreldoor as ‘n man wat uitnemend geslaag het daarin om sy gawes in diens van sy roeping in die kerk en koninkryk in te span. Hy is ‘n ware stigterspionier van die kerk van Christus wat meegewerk het aan sy wêreldgestalte.” Tot hier is hulle beskrywing.

Maar wat het Barnabas die mense geleer?

Daar is eerstens die Evangelie soos opgeteken deur Markus, wat ‘n metgesel van Paulus en Barnabas was. Markus is die oudste van die vier evangelies van die Bybel, en dit is hoe Paulus en Barnabas die evangelie weergegee het aan die Jode en ander in die sinagoges. Na Paulus se vertrek het Markus agter gebly by Barnabas, en het hy nog twee boeke geskryf wat nie in die Bybel soos ons dit vandag ken opgeteken is nie. Die hoofrede daarvoor is dat Barnabas kort daarna gedood is en Markus toe na Egipte gevlug het en daar gaan werk het. Sy latere skrywes was dus onbekend in Asië en Europa waar Paulus en Petrus gewerk het.

Die een boek, die handelinge van Barnabas vertel die verhaal van hoe hulle in Cyprus gewerk het onder Barnabas se landsgenote, en hoe hy uiteindelik opgehang is en tot as verbrand is. Die tweede boek is een wat ek ‘n gedeelte vir ons in Afrikaans vertaal, aangesien die boek sover aan my bekend, net in Engels beskikbaar is.

Die boek van Markus, is die brief van Barnabas. In die brief gebruik hy deurgans die vertolking van fisiesegebeure of voorskrifte, en dan lê hy dit uit in geestelike konteks. Omdat hy meestal onder die Jode gewerk het, het hy gedeeltes uit die Ou Testament geneem en dan vir die Jode gewys wat daarmee bedoel word in ‘n Nuwe Testamentiese siening.

Die gedeelte wat ek graag wil gebruik gaan oor watter kos verbode was vir Israel en dan die geestelike impak wat ons vandag ook nog daaraan kan koppel. Dit beslaan die hele hoofstuk 10 van die brief.

*“Hoofstuk 10 – Geestelike betekenis van die voorskrifte van Moses ten opsigte van verskillende soorte kos.*

*Nou, waarom het Moses gesê julle mag nie vark eet nie, ook nie 'n arend, of 'n valk, of 'n roofvoël nie, en ook nie enige vis wat nie skubbe het nie. Hy het drie leerstellings vasgestel in sy gedagtes met die voorskrifte. Die HERE het in Deutronomium die volgende vir hulle gesê. "Maar jy, bly hier by My staan, dat Ek jou kan meedeel al die gebooie en die insettinge en die verordeninge wat jy hulle moet leer, dat hulle dit kan doen in die land wat Ek hulle sal gee om dit in besit te neem."(Deu 5:31) Is daar nie 'n bevel dat hulle die goed nie moet eet nie? Daar is, maar Moses het ook 'n geestelike betekenis daaraan gekoppel. Vir hierdie rede het hy die vark genoem, dat jy jou nie sal voeg by mense wat soos varke leef nie. Wanneer hulle die lewe geniet, vergeet hulle van die HERE, maar wanneer hulle behoefte het, dan soek hulle die HERE. Dit is soortgelyk aan die vark, want wanneer hy geëet het, erken hy nie sy eienaar nie; maar sodra hy honger het skreeu hy totdat hy weer kos ontvang. Hy sê ook dat jy nie die arend, valk of roofvoël eet nie. Dit beteken jy sal jou nie by mense voeg wat nie wil werk vir hulle eie voorsiening nie, maar ander se eiendom op eis in ongeregtigheid, en alhoewel hulle 'n aspek van eenvoudigheid voorstel, is hulle op die uitkyk waar, wat en wie hulle kan plunder. So die voëls sit ledig, vrugteloos, rond, en vind uit hoe hulle die liggame van ander kan verslind, en bewys hulleself so as peste deur al hulle optrede wat geen morele of geestelike waardes ten toon stel nie. En jy sal nie die paling of die pylinkvis of seekat eet nie. Dit beteken jy sal nie jou voeg by mense goddeloos optree deur weg te kruip en op slinkse manier hul prooi te vang nie, soos die visse altyd wegkruip en hul prooi op die bodem van die see vang nie. Verder het die HERE ook beveel dat hulle nie die haas sal eet nie, aangesien hy elke jaar net aanteel sonder ophou. Verder sal jy nie die hyena eet nie, aangesien die hyena die egbreker en homoseksueele voorstel, aangesien hulle geglo het dat die hyena van geslag kan verander, en die mens wat so optree onaanvaarbaar is.  Verder het Moses ook gesê hulle mag nie die wesel eet nie(weasel in Engels), aangesien die dier deur die oor bevrug word en deur die mond geboorte skenk. So dit verwys dat ons ons nie moet meng met mense wat die Woord hoor maar wat met hul mond enige vuilheid voortbring nie. Veral vrouens wat met mooi praatjies mense vang deur heuning om die mond te smeer nie, en dan ongeregtig optree nie.  So Moses het drie lerings gegee wat handel oor vleis met 'n geestelike betekenis. Dawid begryp die betekenis en gee weer die drie beginsels wat daarop gebaseer is deur in die eerste vers van Psalm 1: "Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;". Die eerste beginsel wat na die visse verwys is  "Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose", en so na die vark verwys, "en nie staan op die weg van die sondaars en nie",. Mense wat die naam van die HERE erken en bely, maar wegdraai sodra hulle gevoed is. "nie sit in die kring van die spotters nie;". Die gedeelte verwys weer na die voëls wat wag vir hul prooi, maar tog verstaan hulle die geestelike betekenis van die Woord.*

*Maar Moses gaan verder en sê dat ons dat ons elke dier met 'n gesplete voet mag eet aangesien hulle almal herkou. So hy eet tot hy genoeg het en dan herkou hy alles wat hy geëet het tot sy voordeel. So hulle mediteer op die Woord wat hulle ontvang, spreek die oordele van die HERE uit en gehoorsaam hulle, weet wie hulle voed en verbly hulle in Sy Woord. Maar wat is die betekenis van die gespleete voet? Dat die regverdige nogsteeds in hierdie wêreld loop, maar dat hy uitsien na die heilige staat wat nog moet kom. Kyk net hoe goed het Moses gesien en beveel. Maar hoe was dit moontlik vir hulle om al hierdie goed te verstaan en uit te lê? Ons dan wat die gebooie reg verstaan, kan dit verduidelik soos die HERE dit bedoel het. Daaroor is ons ore en ons harte besny, sodat ons die dinge kan verstaan. – Einde van hoostuk 10."*

Indien jy wil kan jy die hele weergawe van die boek wat ek gebruik het in Engels van my webtuiste aflaai by:

http://www.shama.org.za/boeke/THE%20EPISTLE%20OF%20BARNABAS%20-%20Mark.pdf

## VERBOND

Nou mag u dalk vra waaroor gaan alles. Ek het vroeër gekwoteer uit Matt. 5 48. *"Wees dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is"*. Hoe kry ek dit reg? Jesus het klaar die pad gewys met die nuwe verbond. Kom ons kyk gou na die geskiedenis.

Die eerste verbond was tussen Abraham en God. God het vir Abraham belowe dat hy die vader van alle gelowiges sal wees. Die teken van die verbond was die besnyding. Die verbond is weer deur die Here bevestig met Moses voor die uittog uit Egipte. Hier was die bloed aan die deurposte die teken.

Lees Genesis 15 en let op na dit wat Abram moes doen. Hier lees ons dat Abram moes die vee middeldeur sny en teenoor mekaar lê. Die betekenis daarvan was dat indien enigeen die verbond sou verbreek, die ander persoon die reg gehad het om so met sy verbondsvennoot op te tree. Nou het God vir Abram, hy het eers later Abraham geword, gesê dat uit Isak sou sy nageslag kom. So vir Abraham was dit nie moeilik om die besluit te neem om Isak te offer toe God hom gevra het nie, want die Here moes weer vir Isak uit die dood opwek, want uit Isak sou Abraham se nageslag kom. God kan nie lieg nie. Indien God dit nie doen nie, kon Abram met God maak soos met die diere gemaak is, en hy het geweet dat God nie kan lieg nie, en dat dit onmoontlik is om God dood te maak.

Verder, as een van die partye van 'n verbond iets van die ander een verwag het om te doen, moes die ander party dieselfde verwagting hê. Omdat God van Abram verwag het om sy seun te offer, het die HERE daar verklaar dat Hy vir Jesus sou stuur om te sterwe, want Jesus is Sy seun. Dit is hoekom Jesus moes kom, om die gedeelte van die eerste verbond te vervul. Dit is ook hoekom Jesus net een keer kon kom om vir ons sonde te sterwe.

Indien ons nou verstaan waaroor 'n verbond gaan, is dit vir ons makliker om te glo dat God vir Jesus as offer gegee het sodat ons vry kan wees. Dit is God se natuur om met verbonde op te tree.

### MAAR WAT IS DIE NUWE VERBOND?

Ons hoor so baie van die Nuwe Verbond, maar verstaan ons wat dit beteken, of verstaan ons wat gebeur het? Volgens die Ou Verbond is daar elke jaar ingegaan na die Allerheiligste in die tempel om met bloed versoening te gaan doen vir ons sonde. Dit was dan ook die viering van die pasga, waar elke huisgesin 'n lam sonder gebrek moes vat en eet. Die lam het dan versoening gebring tussen die volk en God.

In die Nuwe Verbond vind ons dat Jesus die offer was, dat Hy die Lam geword het wat vir ons sonde gesterf het, en so vir ons vergifnis bewerk het. Al wat ons moet doen is glo dat Jesus die Christus (verlosser) was, en as teken daarvan is die viering van die Nagmaal en dan ons laat doop om te verklaar dat ek saam met Jesus gesterf het, maar ook, dat ek saam met Hom

opgestaan het. Dit beteken verder dat ek my grondgebied moet verander, deurdat ek Egipte, die plek waar die Farao(satan) heers moet verlaat deur gedoop te word, en my vestig onder die koningskap van die HERE.

Wanneer ons die gebruike van die tyd bestudeer en ondersoek, vind ons dat daar verskeie kledingstukke en bewysstukke omgeruil was wat tekens van die verbond was. Kom ons kyk na wat moes die persone omruil wanneer hulle 'n verbond aangegaan het, en wat is die betekenis daarvan vir vandag:

Hulle moes hulle bokleed omruil. Vir ons beteken dit dat Hy Sy kleed vir ons gegee het sodat ons Sy natuur en karakter kan ontvang.

Hulle moes lyfbande omruil. Sy lyfband bied ons Sy krag en Sy Sterkte

Hulle het hul polse gesny en die bloed vermeng. Die vermenging van die bloed beteken vir ons dat ons reiniging van sondes ontvang.

Alles wat myne was het die ander persoon s'n geword, insluitend hulle name. Ons vind dus dat ons naam verander, en daardeur ontvang ons Sy reputasie en outoriteit, terwyl Hy ons Sy litteken aanbied aan die kruis as 'n permanente verbintenis.

Besittings is verruil. Hy verruil ook ons besittings, en so ontvang ons die ewige lewe, en neem Hy ons dood op Hom.

Die verbond is verseël met 'n ete. By die Nagmaal eet ons as deelgenote saam die verbondsmaal, en word die verbond dus bevestig.

Die laaste teken van die verbond, die gedenkpaal, is die bloedbevlekte kruis op Golgota. Want as Hy nie gesterf het nie, sou ons nie die ewige lewe kon ontvang nie.

Hoe word ek deel van die verbond? Die eerste keer wat ek nagmaal gebruik, waar ek verklaar dat net Hy my kan red. Dan kan ek deel aan Sy liggaam, die brood, en die wyn, die bloed van die Lam. Dan moet ek trek uit Egipte, om weg te kom van die heerskappy van die Farao(satan). Hoe doen ek dit? Deur die doop van die gelowige en die doping met die Heilige Gees wat die afsterwe van die ou mens, en die opstanding van die nuwe mens aandui. Want ek moet kies of ek deel wil word van die verbond. Nie my ouers, kerk of iemand kan vir my besluit nie. Ek moet my lewe gaan neerlê by die kruis. Johannes 3 vers 5 en 6 *"Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. 6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees."*

As ons besef dat ons deel het aan Sy verbond met ons, sal ons ook die Krag weerspieël wat ons as Christene kortkom, en doen wat Hy gebied. Die Krag kom van Hom en word ons s'n as deel van die verbond. Die Krag is dieselfde Krag as wat Jesus noem in Matteus 28 vers 18 dat alle mag aan Hom gegee is in hemel en op aarde. Dit is ook dieselfde Krag wat Jesus uit die dood opgerig het. Dit beteken dat dieselfde Krag en Mag wat Jesus besit aan ons bemaak is in die verbond.

## GEBED

Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus. Vader ek kom lê my lewe neer voor u en bevestig weer dat slegs U my kan red. Here vergewe my my oortredinge en tekorte. Teen U alleen het ek gesondig want ek het dit gedoen voordat ek U ontmoet het. Nou lê ek my vorige lewe neer. Daarom ontvang ek U nuwe lewe. Here, was my wit soos wol, en skenk my U Krag wat U in U Woord my belowe. Dankie dat u my red. Amen.

Nou kan ek glo dat Jesus my waarlik gered het van die verderf. Nou kan ek glo dat Hy my verlosser is.

Ek wil graag hier net verwys dat deel drie van die boek die verbond en die stappe volledig beskryf, maar ek wil graag eers dat ons die groter prentjie hanteer, voordat ons in detail na die verbond self kyk.

# GELOOF

Dit is een van die onderwerpe wat altyd 'n groot debat ontketen. Ek onthou toe ek eendag tussen 'n groep van my ex-kollegas (ingenieurs) gepraat het oor geloof, hoeveel debat dit veroorsaak het. Soveel so, dat een van hulle my selfs gevra het of ek glo dat ek slange kan opneem sonder dat ek sal sterf as hulle my pik. My antwoord was " As die Bybel so sê, dan is dit so". Natuurlik het Markus presies geweet waaroor dit gaan, aangesien hy en Barnabas saam met Paulus gewerk het in die begin totdat Paulus terug gekeer het Jerusalem toe. So dit is hoekom Markus dit kon skryf in sy evangelie, wat die eerste geskrewe evangelie was, aangesien hy dit beleef het.

## SO WAT IS GELOOF?

Hebreërs 11 vers 1 *"1 Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."*

Waarom is geloof noodsaaklik?

Hebreërs 11:6 *"6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."*

In die Hebreërboek handel die Bybel uitsluitlik oor geloof en verbond. Dit beteken vir my dat ek moet glo wat ek verstaan die Bybel vir my probeer sê, sonder om te twyfel. Wanneer ek twyfel is dit ongeloof, en moet ek nie verwag dat ek iets van God sal ontvang nie. Verder sal God sy beloftes gestand doen, want Hy is 'n beloner van die wat Hom soek.

Onthou u Abraham se geval met Isak? Die Here sê vir hom om vir Isak te gaan offer. Abraham twyfel nie vir 'n oomblik in wat God van hom verwag nie. Vir Abraham het God twee opsies gehad indien hy Isak moes offer. Hy moes of, soos Hy wel gedoen het, 'n plaasvervanger stuur, of indien Abraham vir Isak geoffer het, moes God hom weer opwek want God kan nie lieg nie, want uit Isak sou Abraham se nageslag kom. Die rede? Abraham het geglo wat God vir hom gesê het. Die teken van die verbond, die besnydenis, het eers 25 jaar na die oorspronklike belofte gekom, maar Abraham het God geglo.

In ons hedendaagse lewe, vind ek dat ons Christen gelowiges in drie kampe kan indeel:

## 1 BERUSTENDE GELOOF.

Die eerste groep is die met berustende geloof. In Engels het ek eintlik 'n beter woord daarvoor, naamlik "resignation faith". Dit is die tipe mense wat maar elke dag aanhou en aanhou en niks buitengewoons van hulle verhouding met die Here verwag nie. Dit is die tipiese "laat Gods water oor Gods akker vloei" tipe van mense. Hulle glo in die Here, en as jy hulle daarna vra, is hul antwoord gewoonlik maar "Ja, ek glo". En as jy hulle vra of hulle die ewige lewe sal beërwe, is hul antwoord " Hoop so". Hulle glo dat God is, maar wil nie glo dat Hy 'n beloner is nie. Hulle verstaan nie die karakter van die Here nie. Hulle glo dat alles wat met 'n persoon gebeur die wil van die Here is. Hulle glo selfs dat siekte, dood en tragedies van die Here kom, en dat goeie goed soos genesing, voorsiening en doping in die Heilige Gees van die duiwel af kom. Hulle het nog nooit opgelet dat die gebed wat Jesus die dissipels geleer het, 'n sinsnede bevat wat sê: "Laat u wil geskied, soos in die hemel netso ook op die aarde". Ek glo nie dat ons siekte, moord en diesulke gebeure in die hemel kry nie, maar tog glo ons dat dit die wil van die Here is. Kan so

'n geloof jou red? Dink jy dat jy gered sal word as jy na God gaan met die volgende woorde: "Wel, ek weet U is God, en alles wat U doen is altyd reg, so ek gaan maar glo dat U weet wat reg is vir my en vertrou dat U my sal red". So 'n uitdrukking ontbreek aan geloof. Hierdie geloof besit 'n tekort aan kennis van die Here, dit verstaan nie Sy karakter nie, dit besef nie dat God en Sy Woord een is nie. Met so 'n geloof sit jy 'n rookskerm op deur baie godsdienstig te lyk en wees, en 'n valsheid van geestelikheid, maar ontbreek jy aan die krag van geloof.

## 2 Algemene Geloof.

Die volgende groep is die met 'n algemene geloof. Die groep is waar die oorgrote meerderheid Christene hulle bevind. Dit is 'n geloof wat glo dat God is en 'n beloner is van die wat Hom glo. Maar dit is 'n geloof wat nie standhoudend is nie. Dit is 'n geloof wat glo, maar sodra daar 'n sweempie van twyfel is, die twyfel sal toeskryf aan God. Waar berustende geloof eintlik ongeloof is, gaan algemene geloof gebuk onder twyfel. Die geloof bou op ondervindings, eerder as die Woord van God. Dit is die tipe geloof wat sal glo dat daar 'n duiwel en demone is, maar sal twyfel dat ek as gelowige nog die mag het om teen hulle te stry en oorwin. Dit is die persoon wat sal bid en wag op die resultaat van sy gebed, en dit dan toeskryf aan die wil van God, eerder om die Woord te ondersoek en te kyk wat die Woord sê aangaande die saak, en so te glo. As ek dit met 'n voorbeeld kan illustreer, is dit as volg. Gestel Koos is in 'n baie sensitiewe finansiële situasie, waar hy weet dat hy huidiglik nie genoeg fondse tot sy beskikking het om in sy daaglikse behoeftes te voorsien nie. Hy weet dat hy binne die volgende week of twee, heeltemal uit fondse gaan raak om vir sy huisgesin kos te voorsien. Nou bid hy tot die Here vir uitkoms, en wag. As die Here vir hom voorsien dan is dit die wil van God, en as Hy nie voorsien nie, is dit ook die wil van God. Maar Koos gaan nie die Woord ondersoek om te kyk wat die Woord daarvan sê nie. So, algemene geloof is geloof waarin twyfel 'n baie groot rol speel. Die rede vir al die twyfel is oor die algemeen 'n gebrek aan kennis van die Woord.

## 3 Oorkomende Geloof

Die derde groep persone is die met oorkomende geloof. Dit is geloof wat die vlees kan oorkom volgens 1 Joh 2:16 *"Want alles wat in die wêreld is--die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe--is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld."* Dit is geloof wat sonde kan oorkom, Satan kan oorkom: 1 Joh 4:4 *"Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is".* Dit is 'n geloof wat siekte kan oorkom indien jy onder die mag van die satan is.Matt 9:22 *"En Jesus het omgedraai en haar gesien en gesê: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. En die vrou het gesond geword van daardie uur af."* Dit is 'n geloof wat glo dat God is 'n beloner van die wat Hom soek, maar meer nog, dat God en Sy Woord een is. Dit is 'n geloof wat glo nie net in die bestaan van God nie, maar in Hom. *"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God"*. Romeine 10:17. Dit is 'n geloof wat kan red. Johannes 12:46 *"Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie"*. Die oorkomende geloof sal vasstaan op wat die Woord sê, en nie ingee oor wat mense sê nie. Dit is onmoontlik om God buite Sy geopenbaarde Woord te soek. Om aan God se kant te wees is om jou saam met Sy Woord te skaar.

As ek die vorige voorbeeld kan gebruik, sal die persoon met oorkomende geloof die Woord ondersoek en vind dat Jesus gesê het volgens Mattheus 5:25 *"¶ Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal*

*aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? 26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? 27 Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? 28 En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; 29 en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. 30 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges? 31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? 32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. 33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. 34 Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad"*. Koos in die vorige voorbeeld, se gebed met oorkomende geloof sal wees dat die HERE Sy Woord in sy (Koos) se lewe sal laat geskied, want die Woord sê hy hoef hom nie te kwel oor wat hy moet eet of wat hy moet aantrek nie, en tog is dit wat hy hom oor moet kwel, so die HERE moet nou Sy Woord bevestig in sy lewe, omrede Koos sy lewe neergelê het vir 'n nuwe lewe en wedergebore is, sodat die gedeelte ook in sy lewe gestalte kan kry. Dit, is oorkomende geloof.

My bede is dat jy ook die Woord sal ondersoek, en God begin vertrou vir wat Sy Woord van en oor ons sê. Dit is geloof.

---

## GELOOFSBOUERS

Hoe kry ek dit reg om te glo wat die Bybel sê? Kom ons kyk na nege punte wat ons gaan help om in geloof te groei.

Weet jy is verlos.

Jy kan die werklikheid van jou verlossing uit die koninkryk van Satan na die koninkryk van Jesus en Sy liefde ken. Ons wandel in God se teenwoordigheid. Kolossense 1 vers 13 en 14 "*13 Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, 14 in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."*

Weet dat jy 'n nuwe skepsel is.

Diegene wat die nuwe skepping nie verstaan nie, beskou hulself en almal rondom hulle bloot volgens die natuurlike dinge van die vlees. Hulle sien glad nie die Krag van God nie. Wat sê 2 Kor 5: 16-17 *"16 ¶ Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tóg nie meer so nie. 17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."* En Kol 1:21,22: *"21 Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen 22 in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel;"* 1Pet 1:23: *"23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly."* 1Pet 2:9: *"9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, 10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is."* Openbaring 1:5 en 6:

*"5 en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed 6 en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen."*

Weet dat Hy in jou en jy in Hom is.

In Hom, in Christus, in wie, hierdie frases kom eenhonderd vier en dertig keer voor in die Nuwe Testament. Dit is wat ons moet verstaan. Rom 8:1: *"1 ¶ Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*

Gal 2:20: *"20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het."*

Weet dat jy Sy geregtigheid besit

Dit beteken vir ons om in die regte verhouding met God te wees. Heb 4:16: *"16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."*

Ken die Krag van die Naam van Jesus

As ons nie ons voorreg en reg om die Naam van Jesus te gebruik verstaan nie, sal ons geloof verhinder word. Wat is in 'n naam: Gesag, reputasie, verteenwoordiging, sukses. Markus 16:17,18: *"17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, 18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word".* Joh 14:12-14: *"12 ¶ Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo--die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. 13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. 14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen".*

## KEN GEHOORSAAMHEID AAN DIE WOORD

Alvorens ons kan wandel in die Woord van God, moet ons eers besef dat God se weë totaal anders is as ons metodes. Ons logiese denke kan ons nie hierin help nie. Ons kan ook nie God gehoorsaam solank ons op ons eie insig steun nie. Ons sal die werklikheid van die Woord betwyfel en altyd dit wat God gesê het, bevraagteken deur te vra of dit werklik is wat God gesê het. Jak 1:22-26: *"22 En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie."* Luk 8:21: *"21 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: My moeder en my broers is die wat die woord van God hoor en dit doen."*

## WEET WAT OM TE BELY

Hou vas aan jou belydenis, dit is die sleutel tot geloof. Heb 4:12 en 14: *"12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. 13 En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het. 14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het*

*wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou."*

# NAGMAAL

Die Israeliete moes toe onder die bloed van die Lam kom. Ons moet dus dieselfde doen en onder die bloem van die Lam kom. Ons het sopas geleer wat die Nuwe Verbond is en dat ek my lewe by die kruis moet gaan neerlê. Dan kan ek Hom vra om my skoon te was met Sy bloed. Dan is ek deel van Sy volk, en kan die doodsengel my nie meer aanraak nie. Ek kan dan verklaar saam met Paulus: *"Gal.2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.* ***21*** *Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe."*

## WAT WAS DIE PASGA?

Die volgende wat die Israeliete moes doen, wat saamval met die bloed van die Lam, was om die pasga te vier. Vir ons vandag is dit die Nagmaal. Maar wat beteken dit vir my? Die Israeliete moes alle suurdeeg uit hulle huise verwyder, en net ongesuurde brode eet. Hoekom? Omrede 'n klein bietjie suurdeeg deur die hele deeg trek. Net so doen 'n klein sondetjie in ons lewe met ons. Al is dit net 'n verkeerde ou gedagtetjie, dit maak dat jy heeltemal onrein is vir God. So, ek moet breek met alles wat verkeerd is in my lewe, en my totaal onderwerp aan Christus. So elke maal wat ek die Nagmaal vier, moet ek weer besef waar ek was, en dat slegs die Lam, Jesus Christus, my kon verlos uit die kloue van Egipte, die sonde en sondige natuur wat ek moes afsterf. Daaroor moet ek van die brood eet, moet ek my vul met Jesus se liggaam, en moet ek die beker drink, my weer rein was met die bloed van Jesus.

Hoekom moet ons die Nagmaal vier? Om te verklaar dat slegs deur dit wat Jesus kom doen het ek die ewige lewe kan kry. Dit is om deel te word van die HERE se verbondsvolk en dit te bevestig.

1 Kor 11:23 *"Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; 24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. 25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. 26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. 27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. 28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink."*

Mag ek die Nagmaal vier as ek in sonde verval het? (Sonder om my sondes te bely). Nee. Want dan eet ek 'n oordeel oor myself volgens 1 Korintieërs 11. "*29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. 30 Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap. 31 Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. 32 Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie."*

Mag ongelowiges die Nagmaal vier? Nee want hulle is nie deel van die verbond nie.

Die Nagmaal is dus ook 'n gedenkmaal, en herinner ons aan die Nuwe Verbond. (Onthou die stappe van 'n verbond)

Nie net vind ons in die gedeelte die rede hoekom ons Nagmaal moet hou nie, maar ook wat dit beteken om jouself te toets. Paulus gee hier te kenne dat ons eintlik vir die HERE vra om ons te toets as ons Nagmaal gebruik sodat ons kan sien of daar nog onbelyde sondes in ons lewe is. Indien ons wel getugtig word deur die HERE, sal ons dan weet dat daar nog sondes is wat ons moet bely, maar andersins sal ons niks oorkom nie. Hy vertel ook dus hier vir die mense in Korinte dat dit die rede is dat daar siekes en selfs mense al dood is in hulle gemeente. Dit alles gebeur sodat ons nie saam met die heidene geoordeel sal word nie, maar dan moet ons deel wees van die verbond.

## EERSTE VRUGTE.

Een aspek wat die Here alreeds hier vir die Israeliete wou tuis bring, is dat hulle Hom moet liefhê en eer. Daaroor, in dieselfde gedeelte as die instelling van die pasga, vind ons dat Moses met die Israeliete praat oor die reëling van die eerste vrugte. Hier alreeds laat die Here hulle weet dat wanneer hulle in Kanaän kom, hulle die Here moet vereer met hulle eerste vrugte, of dit nou kind of dier is, die eerste vrugte behoort aan die Here. So moet ons ook leer dat wat ook al gebeur, ons die Here moet vereer met ons eerste vrugte.

Eks. 13 verse 11 tot 14.*"11 En as die HERE jou in die land van die Kanaäniete bring, soos Hy aan jou en jou vaders met 'n eed beloof het, en Hy dit aan jou gee, 12 dan moet jy alles wat die moederskoot open, aan die HERE afgee; ook elke eersteling, die aanteel van vee, wat jy sal hê—wat manlik is, behoort aan die HERE. 13 Maar elke eersteling van 'n esel moet jy met 'n lam loskoop. En as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Maar al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop. 14 En as jou seun jou later vra en sê: Wat beteken dit? dan moet jy hom antwoord: Die HERE het ons deur 'n sterke hand uit Egipte, uit die slawehuis, uitgelei."*

Wat beteken die gedeelte? Die HERE gee hier te kenne dat alles wat die eersteling is, sal die vloek van Egipte op wees dat dit sal sterf. Die enigste manier om dit te voorkom, is deur dit aan die HERE te offer. So elke vrug van die grond en elke dier se eersteling moet aan die HERE geoffer word. Offers in die tyd het beteken dat hulle dit na die tempel toe moes neem en die priester vra om dit te offer, want slegs priesters kon offer. Die priester was dan, afhangende van die tipe offer, geregtig op 'n gedeelte van die offer om vir hom en sy huisgesin as kos te dien. Die res van die offer is deur die persoon wat die offer bring, en sy huisgesin geëet.

Seuns moes dan besny word om vry te kom van die vloek wat oor die eersgeborene geplaas is. Verder moes alle ander manspersone ook besny word as teken van die verbond. Nou lees ons verder in Esegiël dat eerste vrugte nie in sy tempel van toepassing is nie, omrede Jesus as eersgeborene van die VADER die prys betaal het en die vloek van die eersgeborene volbring het. So dit leer ons dat die wet volbring is soos Jesus verklaar het, en tesame met die offers wat nie meer nodig is vir sonde nie, eerste vrugte ook nie meer nodig is om te betaal nie.

So het ons dus vrygekom van die wet van eerste vrugte en van besnydenis.Wat is die verwagting van vandag? Lees Matteus 25 vanaf vers 34 waar Jesus vir die dissipels en die Fariseers vertel wat is die offers wat vandag aanvaarbaar is vir Hom.

## DIE TREK UIT EGIPTE BEGIN.

Na die pasga begin die trek. Dié nag moes die Israeliete trek om deur die Skelfsee te gaan. Maar ons leer dat hulle nie direk getrek het nie, maar met 'n ompad, sodat hulle nie dadelik in 'n oorlog betrokke raak en dalk wou omdraai na Egipte toe nie. Die Here wil dat ons nie weer moet teruggaan na dit wat Hy ons van vry gemaak het nie, want Hy weet ons sal weer in die versoeking val, en terugkeer na ons sondige lewe. So maak die Here ook met ons, en beskerm Hy ons voor die doopwater, deur ons van aanvalle van die Satan te beskerm. Eksodus 13 vers 17: *"Toe Farao die volk laat trek het, het God hulle nie op die pad na die land van die Filistyne gelei nie, alhoewel dit nader was; want God het gesê: Die volk kan dalk berou kry as hulle oorlog sien, en teruggaan na Egipte. 18 Daarom het God die volk laat wegdraai in die rigting na die woestyn, na die Skelfsee toe. En die kinders van Israel het goed gewapend uit Egipteland opgetrek"*.

Maar, hoekom juis in die nag? Dit is juis wanneer alles donker om jou is en jy nie weet watter kant toe nie, dat God tot jou redding kom.

Hoekom moes hulle deur die Skelfsee trek?

Soos die Here die Egiptenare daarin laat verdrink het, so wil Hy my van al die sondes wat my wil volg, ontslae raak deur dit in die doopwater te laat verdrink. So, vir ons beteken die Skelfsee dat ons moet deur die doopwater gaan. Hy wil dat ek skoon en sonder sonde en sondige begeertes anderkant uitkom sodat ek my oë net op Hom kan hou. Wat sê Paulus in Romeine 6 vir ons? Dat die doop juis dui op 'n begrafnis. Nie net sterf my sondes nie, maar my hele sondige natuur sterf, en staan ek op uit doopwater as 'n nuwe persoon. Net so seker as wat Jesus opgestaan het, net so seker word ek saam met Hom opgewek uit die dood om in 'n nuwe lewe te wandel. Dit is wedergeboorte. Nou het ek verander van eienaar. Ek staan nou nie meer onder die mag van die Farao, satan, nie, maar staan nou onder die mag van die HERE in Sy grondgebied.

Hoekom moet ek breek met my vorige lewe ? Ek kan nie aangaan soos voorheen nie, want dan is daar geen bekering nie.

Lees Romeine 6 volledig.

Die gedeelte wys ons presies wat met die doop gebeur. Kyk ook wat skryf Paulus in Kolossense 2: 9 *"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; 10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; 11 in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, 12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het"*.

Ek het dus saam met Jesus gesterf, en daaroor kan ek nou saam met Hom lewe. Soos die Israeliete bevry was van die Egiptenare, so word ek dus ook bevry van my sondige natuur. Maar, ons moet onthou dat die Israeliete ook nog steeds gesondig het nadat hulle deur die Skelfsee gegaan het. Hulle het nog steeds 'n begeerte gehad na die vleispotte van Egipte. So ek en jy sal

ook nog faal. Maar dit beteken nie dat ek weer myself terug vind in Egipte nie. Nee, ek kan bely dat ek gesondig het, en so weer die skeidsmuur tussen my en God afbreek volgens 1 Johannes 1 vers 8 en 9: 8 ¶ *"As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. 9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig"*.

Word ek nog as ‘n sondaar geïdentifiseer nadat ek deur die doopwater is? So is ek nogsteeds ‘n burger van Egipte? Nee, want ek het van eienaar verwissel, en is nou ‘n kind van die HERE.

Iets wat ons ook leer uit dié geskiedenis, is dat ek eers moet glo, voordat doop kan geskied. Dit help nie dat ek my laat doop voordat ek glo in die verlossingswerk van Christus nie, want ek moet eers besef dat ek in Egipte is, en verlore is voordat ek kan uittrek uit Egipte. Indien ek my laat doop voordat ek glo en besef dat ek Christus as verlosser nodig het, het ek basies vir 'n swem in die Rooisee gegaan, want ek is weer terug in Egipte na die swem. Ek het nog nie getrek nie. Ek het nog nie besef dat ek van nasie moet verander nie. Eers wanneer ek dit besef, kan ek op my tog uit Egipte begin. Eers dan kan ek soos Israel uitroep tot die Here. Alles voor dit is nutteloos en verniet. Die volgorde sluit aan by wat Petrus die skare beveel het na die uitstorting van die Heilige gees. Op 'n vraag oor hoe hulle gered kan word was Petrus se antwoord: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."*

## HOE GESKIED DOOP?

Deur onderdompeling. Dit is hoe Jesus gedoop is. Die woord in Grieks wat vir doop gebruik word, is baptismo. As ons na die betekenis van die woord gaan kyk waar dit buite die Bybel gebruik is in Bybelse tyd, vind ons dat dit byvoorbeeld in 'n resep vir vleis gebruik word. In die resep word 'n sous gemaak, en die vleis word oornag daarin geweek, sodat die vleis die sous se smaak aanneem. Dit beteken ons neem ook Jesus se geur, sy persoonlikheid aan terwyl ons onder die doopwater gaan. Die gebruik van besprinkeling het sy oorsprong in die Roomse Kerk, wat dieselfde tyd bepaal het dat tot dooies gedoop kan word.

## DOPING IN DIE HEILIGE GEES

Die volgende gebeurtenis wat die Israeliete tref, is die water by Mara. Hierdie water is bitter, en hulle kan dit nie drink nie. Maar God kom met 'n oplossing. Moses moes 'n stuk hout in die water gooi, sodat die water drinkbaar kan word. Eksodus 15:25 *"En hy het die HERE aangeroep, en die HERE het hom 'n stuk hout gewys; dit het hy in die water gegooi, en die water het soet geword"*. Wanneer ons water, in ons geval die doopwater, vat, en die kruis van Jesus (stuk hout) byvoeg, kry ons water om te drink, net die verskil is dit is lewende water.

Maar wat is lewende water?

Johannes 7 vers 37-39.*37 ¶ "En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! 38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. 39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie".*

Jesus verwys ook na lewende water in die gedeelte in Johannes 4 vanaf vers 10 waar Hy met die Samaritaanse vrou in gesprek is. Hier vertel Hy haar dat Hy vir haar lewende water sal gee sodat sy nooit weer dors sal kry nie. So wanneer ons die Heilige Gees ontvang, dan sal al ons woorde en dade lewend maak, en nie dood nie. Dit sal soos strome uit ons binneste vloei. Dit sal nie nodig wees om mense te vra om iets vir die gemeente te doen nie, die persone sal self die werk doen, nog voordat daar vir hulle gevra word. So na die doop, moet ek die Here vra om my te verander sodat lewende water uit my kan vloei. Ek moet dus die Heilige Gees ontvang, of anders gestel, ek moet die doping van die Heilige Gees ontvang.

Maar hoe geskied dit? Handeling 2:38 *"38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."*

Hoe weet ek dat ek die Heilige Gees ontvang het? Handelinge 19 gee vir ons die antwoord: 4 *" Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus. 5 En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. 6 En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer"*. Soos wat Paulus in Handelinge 19 die persone gedoop het en hulle hande opgelê het, wil die Here dat ons ook so die Heilige Gees kan ontvang.

Ons lees hier wat die tekens is dat ons die doping in die Heilige Gees ontvang het.

Maar hoe rym dit met wat in Israel se tyd gebeur het? As ons na vers 27 van Eksodus 15 kyk, sien ons dat hulle laer opgeslaan het by Elim, 'n plek waar daar 12 fonteine en 70 palmbome was. Is dit toeval? Of wys dit op die 12 stamme van Israel, sodat elke stam sy eie fontein het. En sewentig, wat weer verwys na die 70 oudstes wat Moses moes aanwys en die Here Sy Gees op hulle laat kom het in Num 11:24 ¶ *"Toe het Moses uitgegaan en die woorde van die HERE aan die volk te kenne gegee; en hy het sewentig manne uit die oudstes van die volk bymekaar laat kom en hulle rondom die tent laat staan. 25 Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van die Gees wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie."*

Maar wat nou as ek nie in tale kan praat nie, of dalk ook nie kan profeteer nie? Jesus het verklaar dat strome van lewende water uit jou binneste sal vloei, met of sonder enigeen van die twee uiterlike kenmerke. So, as ek optree sodat ek die beeld van Jesus in alles wat ek doen uitstraal, is ek besig om lewende water uit te gee, en is ek met die Heilige Gees gedoop. Paulus het ook vir ons opgeteken wat 'n persoon sal doen en hoe 'n persoon sal optree wat met die Heilige Gees gedoop is. 1 Kor. 12 verse 7 tot 11 : *"Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil"*.

So, ook in Israel se tyd was die teken van die Gees van die Here, dat die persone geprofeteer het. Ons lees ook in Joël wat in die laaste dae sal gebeur. Joël 2 vers 28 *"En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. 29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet".*

Dit is wat gebeur wanneer die Here Sy Gees uitgiet. Het jy dit al beleef?

## GENESING

Iets wat ook hier gebeur het, is dat die Here verklaar dat as Israel bly by wat die Here hulle beveel het, hy geen een van die siektes van Egipte op hulle sal laat kom nie, want Hy is die Here wat hulle gesond maak. Eksodus 15 vers 25 en 26 *"Daar het Hy vir hulle 'n insetting en verordening vasgestel en hulle daar beproef 26 en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak."* Hier sien ons dat die Here Sy hand oor die volk gehou het, sodat geen van die plae wat in Egipte die bewoners gepla het, Israel getref het nie.

Was jy bewus daarvan dat die Israeliete se klere nie verweer het, en dat die Here hulle gesond gehou het die hele tyd? Dit is Sy wil. Eksodus 23 vers 25 en 26: *"25 En julle moet die HERE julle God dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën, en Ek sal siektes uit jou midde verwyder. 26 Daar sal geen misdragtige of onvrugbare in jou land wees nie. Ek sal die getal van jou dae vol maak."*

In beide die gedeeltes verklaar die Here dat Hy Israel wil genees. Nie net genees nie, maar geen van die plae van Egipte, ons vorige lewe, op ons wil sit nie. Verder verklaar die Here dat Hy die siekte uit ons midde sal wegneem, en die getal van ons dae sal vol maak. Daar is egter een voorwaarde. *"As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou"* en *"En julle moet die HERE julle God dien"*. Die Here vereis van ons gehoorsaamheid. Wat sê Markus 16 vers 17 tot 18: *"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word."* Die gedeelte het al baie vrae by mense laat ontstaan, maar nou moet ons onthou dat Markus saam met Paulus en Barnabas gewees het, en hulle dit eerstehands beleef saam met Paulus. Daaroor dat hy die enigste een was wat dit in sy evangelie opgeneem het. Al die ander evangelies wys net op dit wat Jesus en sy dissipels gedoen het toe Jesus hulle uitgestuur het. Dan het Lukas weer Handelinge geskryf en ook eerstehandse kennis opgedoen by Paulus, Petrus en Barnabas hoe hulle siekes genees het.

'n Ander gebeurtenis waarby Israel betrokke was, vind ons in Numeri 21 vers 7 *" En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het gesondig dat ons teen die HERE en teen u gespreek het. Bid tot die HERE, dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid. 8 Daarop sê die HERE aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. 9 Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly."*

In Israel se tyd, het hulle nie besef waaroor dit gegaan het nie. Dit verwys na Jesus wat ons sondes en siektes op Hom geneem het, sodat elkeen wat Hom aanroep en in Sy voltooide werk op die kruis glo, gesond sal word. Hier het Israel eerstens erken dat hulle gesondig het teen die Here en dat die slange en die dood wat daarop gevolg het, die gevolg van hulle sonde was. Hier wil die Here ons leer dat Jesus ook op 'n paal soos die slang betaal het vir ons sondes. Al wat ons moet doen is ons sonde erken en bely, dan kan ons opkyk na Jesus wat sonde vir ons geword het, en sal ons genees word. Geen uitsonderings nie. In Israel se tyd is almal genees. In ons tyd wil die Here elkeen genees wat onder die mag van satan is, maar hy verwag sonde

erkenning en sonde belydenis. Hand 10:37-38 *“Julle weet van die saak wat deur die hele Judéa gebeur het en van Galiléa af begin het, ná die doop wat Johannes gepreek het, met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en* ***almal genees wat onder die mag van die duiwel was****, omdat God met Hom was.”* So ja, jy kan dalk soos ek ook sukkel met ‘n ongeneeslike siekte, maar dit is heel moontlik dat jy nie onder die mag van die duiwel is nie, in welke geval ons weet dat die HERE jou sal bystaan. Dawid beskryf dit in Psalms 41: *“Die HERE sal hom bewaar en hom in die lewe hou; hy sal gelukkig gemaak word op die aarde. Ja, U kan hom nie oorgee aan die begeerte van sy vyande nie.* ***Die HERE sal hom ondersteun op die siekbed; sy hele slaapplek verander U as hy krank is."***

Jesaja bespreek dan ook wat Jesus se dood vir ons beteken in Jesaja 53 verse 3 tot 5: *"Hy was verag en deur die mense verlaat, ‘n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ‘n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom."*

So dit is die genesing waarna Jesaja verwys. Ons almal word gebore met die siekte van ewige dood, maar deur dit wat Jesus kom doen het, word ons van daardie siekte genees, en vind ons nou dat ons die ewige lewe besit. Hebreërs 11 vers 6 :*" En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek”.*

## Alleen in die woestyn

Baie maal voel ons en wonder ons of die Here nog by ons is. Dit is nie vreemd nie. Die Israeliete het dit ook gedoen. Die Israeliete het deur die woestyn Sin getrek. Daar het hulle gemurmureer met Moses deur aan hom te sê dat die Here nie by hulle is nie, want hulle het nie water nie. Hoeveel keer het ek en jy al die Here versoek? Maar die Here het hulle versoek toegestaan. Eksodus 17; 6 "*Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel 7 en die plek Massa en Mériba genoem vanweë die twis van die kinders van Israel en omdat hulle die HERE versoek het deur te sê: Is die HERE in ons midde of nie?"* So, wanneer ek en jy vra of die Here nog met ons is, weet dat Hy jou nooit sal verlaat nie, en altyd daar vir jou sal wees.

Voel jy soms alleen en verlate? Weet dat die Here altyd by jou is. Skryf neer wat jy graag vir die Here wil vra oor jou alleenheid.

En dit is nie net Israel wat hulle in die woestyn bevind het nie. Jesus moes self ook woestyn toe om deur die Satan versoek te word Matteus 4: 1 ¶ *"Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel"*. Paulus is na sy Damaskuspad ondervinding vir drie jaar woestyn toe. Galasiërs 1 vers 17: *"maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus. 18 Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly"*; Nou kan ek myself begin toerus om 'n nuwe lewe te leef, want soos Paulus geskryf het, Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.

### Oorlogvoering

Die Here wil ons al vroeg in ons lewe leer om oorlog te voer. Selfs die Israeliete het dit geleer. Hulle is nie aangeval nie. Nee. Hulle moes die aanval loots teen die Amalekiete. Hier het Israel geleer dat met die Here aan hulle kant is die oorwinning verseker. Hier moes Aäron en Hur Moses se arms met die staf van die Here, in Moses se geval die Heilige Gees, omhoog hou om die oorwinning te verseker. Net so wil die Here hê dat ons die Heilige Gees sal gebruik in ons oorlogvoering teen Satan en sy trawante. Maar as ek dit in eie krag gaan aandurf, gaan ek verloor. In die krag van die Heilige Gees, is die oorwinning myne.

Watter areas in jou lewe wil die Here hê dat jy moet teen oorlog voer? Waar voel jy het die vyand nog 'n houvas op jou?

### Verbreekte verhoudings

'n Volgende keerpunt in die geskiedenis van Israel, is die besoek van Jetro aan Moses. Hier omhels Moses en Jetro mekaar en ontvang Moses ook raad van sy skoonpa. Male sonder tal herstel die Here weer verhoudings wat ons gedink het bestaan nie meer nie. Dit gebeur ook maar in ons woestyn tyd.

Watter verhoudings het die Here al vir jou herstel, en watter moet nog herstel?

### Voorsiening

Maar weet jy, net so gou as ons dink alles is nou oor, vind ons soos Israel van ouds dat ons nog nie in die beloofde land is nie, maar in die woestyn. Nou besef ons eers dat die Here ons wil

begin leer soos vir Israel van ouds. Ons moet leer soos hulle om totaal afhanklik van Hom te wees. Hy wil vir ons sorg, soos vir Israel met manna en kwartels. Hy wil vir ons voorsien van water, maar ons moet leer om op Hom te vertrou. Israel het ook maar nog probeer om die Here te toets in alles, soos wanneer hulle manna moes optel, het die een baie opgetel, en die ander een weer minder. Die merkwaardigste van dit alles is dat wanneer hulle die mate afmeet om seker te maak hulle het nie 'n tekort of oorskot nie, sê die Bybel as volg: Eks 16:18 *" Maar toe hulle dit met die gomer meet, het hy wat baie ingesamel het, niks oorgehad nie; en hy wat min ingesamel het, nie te min nie. Elkeen na sy behoefte het hulle ingesamel"*. Die Bybel leer ons hier dat die Here die balans gehandhaaf het tussen mense, sodat niemand 'n tekort of oorskot gehad het nie. Almal het genoeg gehad om van te lewe.

Het jy genoeg om van te lewe? Of dalk te min? Hoe gaan jy maak met jou tekort/oorskot? Wat dink jy sou die Here met jou oorskot/tekort gedoen het?

Die een vraagstuk waarmee die kerk vandag nog sukkel is armoede van sy lidmate. Tog het Jesus vir die Fariseërs as volg gesê : Matteus 23:23 *" Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat"*. Ons moet hier onthou dat die Fariseërs het so hard probeer om te verseker dat hulle elke wet nagekom het, dat hulle selfs hulle tiendes van kruie gebring het, wat nie eers in die wet voorgeskryf was nie, maar Jesus sê vir hulle dat hulle nie die belangrikste doen nie, en dit is om na hulle medemens om te sien. Ek moet met my finansies ook leer dat wat ek oor het, vir barmhartigheid gebruik moet word, want dit is wat die Here wil, en nie vir myself om ryk te word nie.

Wat leer Hebreërs 13:5: *"Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."*

Het jy geweet dat daar ongeveer 3,5 miljoen mense en diere deur die woestyn getrek het? Gaan kyk maar in jou Bybel. En tog het God vir elkeen gesorg. Het Hy elkeen gesond gehou. Het Hy vir hulle met die wolkkolom in die dag en die vuurkolom in die nag hulle gelei na waar hulle moes gaan.

In Matteus 25 vanaf vers 34 vertel Jesus vir die dissipels in die profetiese rede van die ewige lewe en die ewige straf. Hier lees ons dat baie sal vra maar wanneer het ons iemand geklee wat naak was, of wanneer het ons dit nie gedoen nie. Jesus gee hier te kenne dat dit gaan oor hoe ons optree teenoor ons mede gelowige, en nie of ons al die wette nakom nie.

Lees Matteus 25 verse 34 tot 46.

Hoe moet ek nou my offers hanteer? Jesus het in Mattheus vir ons die antwoord gegee. Hieruit sien ons wat liefde vir ons naaste beteken, en dit is wat Jesus verwag.

Paulus gee ons ook 'n riglyn in 2 Korintiërs 8 ***"****12 Want as die bereidwilligheid daar is, is dit welgevallig volgens wat iemand besit, nie volgens wat hy nie besit nie. 13 Want ek bedoel nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle verdrukking nie, 14 maar dat volgens gelykheid julle oorvloed in hierdie tyd hulle gebrek kan aanvul, sodat ook hulle oorvloed julle gebrek kan aanvul en daar gelykheid kan wees"****.*** Die Here verwag nie van jou om te gee as jy nie het nie, maar dat daar gelykheid tussen mense moet wees. As jy

vandag baie het is dit jou plig om te sorg vir die wat nie het nie, sodat indien jy eendag weer tekort het, hulle na jou sal omsien.

Maar waar kry die plaaslike gemeente dan sy inkomste vandaan om te voorsien in die behoeftes van die predikant of pastoor?

Paulus het vir ons spesifieke opdragte daarvoor gegee. 1 Kor 9 vers 11 "9 *Want in die wet van Moses is geskrywe: 'n Os wat graan dors, mag jy nie muilband nie. Is dit miskien oor die osse dat God Hom bekommer? 10 Of spreek Hy inderdaad om ons ontwil? Ja, want om ons ontwil is dit geskrywe, omdat hy wat ploeg, op hoop moet ploeg; en hy wat dors, op hoop om wat hy hoop, deelagtig te word. 11 As ons vir julle die geestelike gesaai het, is dit 'n groot saak as ons julle stoflike goed maai?"* Verder ook in vers 14 *"So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe."* Galasiërs 6 vers 6 *" Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee."* Onthou net dat jy moet leer by jou plaaslike gemeente. Dit is nie ‘n plek vir lekker partyjies hou en ‘n musiek uitvoering soos by ‘n diskoteek nie. Dit is waar jy God se wil en karakter moet leer ken.

Wat nou van 'n gebou om saam mee te vergader? Dit moet julle as gemeente self oor besluit. As almal saamstem dat daar 'n gebou nodig is, moet almal betaal daarvoor. Dit is hoe die Israeliete die tempel opgerig het. Elkeen het volgens sy vermoë bygedra vir die bouwerk.

So, om saam te vat, wat moet ek doen met my offer, my bydrae wat ek vir die dienswerk van die Here afstaan? Eerstens moet ek sorg dat ek die wat kortkom help sodat hulle kos en klere het. *"maar dat volgens gelykheid julle oorvloed in hierdie tyd hulle gebrek kan aanvul"*. Tweedens moet ek sorg dat die persoon wat my leer uit die Woord, nie 'n tekort het nie. *"Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee"*. Onthou net jy moet leer by jou gemeente, en nie net goed voel boodskappe kry nie.

Die laaste vraag nou, is hoeveel moet ek gee? Sodat daar gelykheid in die gemeente kan wees. Sodat niemand, die leraar(s) inkluis, 'n tekort het nie. Dit is wat die nuwe verbond verwag.

## PRAAT DIE HERE NOG MET MY?

Drie maande nadat Israel uit Egipte getrek het en God vir Israel mooi geleer het oor voorsiening, bevind Israel hulle by die berg Sinai. Nou wil die Here dat jy met Hom persoonlik sal kommunikeer. Ons het nie nodig dat iemand anders by die Here hoor en dan vir my laat weet wat die Here wil hê dat ek moet doen nie. Nee, Hy wil met my persoonlik verkeer. Hy wil bo-op die berg sit en met my aan Sy voete wil Hy met my praat. Wat sê die Here vir Moses: Eksodus 19: *"So moet jy aan die huis van Jakob sê en aan die kinders van Israel verkondig: 4  Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het. 5  As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. 6  En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees".* As priesters wil die Here dat ons persoonlik aan Hom offers sal bring, dat ons met Hom kan kommunikeer. Die belofte is dan ook dat ons 'n heilige nasie vir Hom sal wees.

---

HET DIE HERE AL MET JOU GEPRAAT. HOE, EN WAAROOR?

Daarna het die Here vir Moses die wet gegee, maar weet jy wat was Israel se antwoord daarop? Eksodus 20:18 ¶ *"En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. 19  En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons".* Dit is wat ons ook baie maal doen. Ons vra die Here dat Hy eerder deur iemand anders met ons sal spreek, deur die predikant of dominee of pastoor, omrede dit so angswekkend is vir ons. Ons deins terug en kan nie glo dat so 'n almagtige God, met Sy maaksel wil praat nie. Maar, deur dit te doen, kan ek dit ook gebruik as 'n skuiwergat later in my lewe. Nou hoef ek nie te aanvaar dat dit wat Hy van my verwag, regtig nodig is nie, want Hy het dit nie vir my persoonlik gesê nie. Is dit hoe jy optree?

---

HOE PRAAT DIE HERE VANDAG MET ONS?

Die manier wat ek persoonlik ondervind, is dat Hy eerstens deur Sy Woord, die Bybel, met my praat. Ek het al soveel kere ervaar dat 'n sekere gedeelte in die Bybel net oopgaan vir my, al het ek dit al 100 keer voorheen gelees. Ander kere wanneer ek werklik nodig het om bevestiging vir iets te kry, of dalk net 'n trooswoord, vind ek dat ek die Bybel oopmaak en skielik is daar 'n vers of gedeelte wat direk met my praat oor my gemoedstoestand.

---

HET DIE HERE AL SO MET JOU GEPRAAT?

Ander kere praat die Here deur omstandighede met 'n persoon. Net wanneer jy dink dat die Here nie jou gebed hoor nie, word jy bewus gemaak van omstandighede wat direk verband hou met jou situasie.

Ander kere kom daar dalk net 'n Bybel teks by jou op, en wanneer jy dit naslaan, vind jy die antwoord in die teks. Nog ander male stuur die Here dalk net iemand na jou met 'n boodskap, of net deur wat die persoon met jou deel, spreek jou direk aan. Daar is so baie maniere wat die Here gebruik, soos deur die natuur, direk in jou gedagtes, en so baie ander maniere, maar weet verseker dat Hy met jou wil praat.

Wat het Hy onlangs met jou gedeel?

## SINAI - BESNYDENIS VAN DIE HART

Hier by Sinai in die woestyn, moes die Here met Moses al die wette deel wat ons opgeteken vind in Eksodus, Levitikus, Numeri en in Deuteronomium. Hy moes hulle nie net opskryf nie, maar moes die volk onderrig aangaande alles. Hier het hulle gekamp vir meer as 'n jaar lank. Verder moes hulle die tabernakel en die ark bou, en daarmee saam al die instellings van priesters en owerstes oor tien, vyftig, honderd en duisend man moes aangewys word. Vir ons vandag is dit 'n tyd waar die Here ons toets, en Sy Woord op ons harte skryf. Die hele tyd word ons bewus van 'n roeping wat die Here vir ons het, maar Sy instellings moet eers gevestig word voordat ons daarin kan wandel.

Het die Here al Sy wette op jou hart geskryf? Watter areas moet nog deel word van jou lewenswyse?

Hoeveel mense het ek al gesien wat dink dat dit hulle bestemming is, maar nie besef dat dit slegs 'n tyd van onderwerping, lering en toetsing is nie. Hierdie is die tyd waarvan die Hebreërsskrywer in hoofstuk 6 vers 1 en 2 van praat. *"Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel."*

Kan jy al mense leer oor al ses die leringe wat die skrywer van praat. Dit is wat jy moet leer by die Kerk. Eers as jy hiermee klaar is, kan jy Kanaän toe.

Hier sien ons ook mense wat verkeerde gewoontes het, en vir jou sal sê dat die Here nog nie vir hulle gesê het dat hulle die gewoonte moet los nie. My antwoord is maar die standaard antwoord. As jy my die gewoonte of gebruik in die Bybel kan wys waar dit as aanvaarbaar verklaar word, dan sal ek die Bybelse uitspraak aanvaar. Maar indien nie, dan kan die gewoonte of gebruik nie van die Here af kom nie. Dan moet ek daarmee breek, en hoef ek nie te wag totdat die Here vir my persoonlik sê dat dit verkeerd is nie, want die Bybel is Sy Woord. Hoekom wil jy langer tyd as nodig by Sinai in jou lewe spandeer? Breek met wat nie van God is nie en gaan voort. Die doel is nie om Sinai jou tuiste te maak nie. Die doel is om in Kanaän te kom.

Nog 'n gebeurtenis wat 'n geweldige impak op ons lewens het, is dit wat afspeel gedurende die tydperk wat Moses op die berg was om die wet van die HERE te ontvang. In die inleiding het ek 'n gedeelte uit Korintiërs 10 aangehaal. Ek wil net 'n gedeelte weer hier aanhaal: "*"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie."*

Die stuk verwys na Exodus 32, waar Israel gewag het vir Moses om van die berg af te kom. *"15 En Moses het omgedraai en van die berg afgeklim, met die twee tafels van die Getuienis in sy hand, tafels wat op altwee kante beskrywe was; hulle was op die een en op die ander kant beskrywe. 16 En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van God, in die*

*tafels gegraveer"*. Ons lees in die geskiedenis dat die mense na Aäron gaan en vir hom sê dat hy vir hulle moet afgode maak want Moses kom nie terug nie. Nou volg die gedeelte oor hoe hy toe die goue kalf gemaak het. *"Daarop sê hulle: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het. 5 Toe Aäron dit sien, het hy daarvoor 'n altaar gebou. En Aäron het uitgeroep en gesê: Môre is daar fees tot eer van die HERE. 6 En hulle het die ander dag vroeg klaargemaak en brandoffers geoffer en dankoffers aangebring; daarop het die volk gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan om te speel."* 'n Baie interesante gedeelte is dat Aäron sê hy het net die goud in die vuur gegooi en toe spring die goue kalf daaruit. U sien ons wil ook nie erken dat dit ons handewerk is nie, dit het sommer vanself gebeur.

Dit is die gedeelte wat Paulus hier aanhaal. Maar hoekom juis die gedeelte? Daar is so baie simboliek wat hier afspeel waarna ons kan kyk. Eerstens moet ons onthou dat die HERE vir Moses geroep het met 'n spesifieke roeping. *"Eksodus 7:**1** En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees."* So Moses is aangestel as God se verteenwoordiger en sy broer as die profeet, so hy moes die spreekbuis van God wees. Nou gaan Moses weg, net soos Jesus ook weg is huidiglik om vir ons plek te gaan berei, en die volk, so in ons tyd die lidmate van die verskillende gemeentes, dring daarop aan dat die Kerk moet verander, en die bestuur van die kerke stem saam. Die leiers bring al hierdie afgode dienste in, en sê dit is hoe ons nou gaan "kerk hou". Aäron bou selfs 'n altaar en kondig aan dat hulle die volgende dag 'n fees vir die HERE gaan hou, met die goue kalf as die hoof trekpleister. Maar, wat het gebeur? Moses word terug gestuur na die volk met die oorspronklike beloftes na die volk, en hy gooi dit stukkend wat ons daarop wys dat die Ou Verbond deur die HERE verbreek sal word aangesien Israel nie vir Jesus as God wou aanvaar nie. Nou gaan Moses terug en kry die tweede stel woorde by die HERE, en dit wys op die Nuwe Verbond wat vir alle mense gemaak is. Dit is ook interesant dat Moses die tweede stel tafels moet maak, waar die eerstes deur die HERE voorsien is. Dit dui ook daarop dat die mens die oorspronklike verbond gebreek het en daarom moes die tweede of nuwe verbond van die mens se kant af herstel word, en daarvoor moes Jesus as mens dit kom herstel. Nêrens word ook na die tafels as die tien gebooie verwys nie, aangesien dit reeds in hoofstuk 20 aan die volk meegedeel is. Hierdie tafels word slegs as die tafels van die Getuienis genoem in die Bybel. Wat alles daarop geskryf was word nooit verder vir ons weergegee nie.

Verder wys dit ook daarop dat die afval sal kom deur die leiers van die Kerk in ons dae, omdat hulle sal toegee aan die lidmate se versoeke, en het ons dit reeds gesien met die kerke se siening oor seksueele wanpraktyke en ander gebruike, veral die uit die ooste, wat hulle goedkeur. Verder sal ons oplet dat Paulus ook verklaar dat nie een van die mense in Kanaän ingegaan het nie, behalwe Kaleb en Josua se stamme wat God geglo het. So sal dit ook in ons dae wees, dat niemand wat deel in hierdie vernuwing, of soos dit eintlik uitgespel is in Eksodus, afgodediens, se name in die boek van die lewe sal staan nie. Slegs die kinders wat 20 jaar en jonger was, is in die beloofde land in, so hulle was die oudstes wat Kanaän ingegaan het, want hulle was te jonk om self verantwoordelikheid te neem vir hul dade, hulle ouers moes die verantwoordelikheid dra. Dit blaas die hele leerstelling van Calvyn uit die water aangesien Israel 'n keuse moes maak om in Kanaän in te gaan of nie. Hulle het besluit om hulle eie koppe te volg en het in die woestyn gesterf, en nie verkry dit wat die HERE vir hulle ingedagte gehad het nie.

So dit beantwoord ook die vraag van Openbaring 18 vir ons wie die hoer is. *"4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar*

*sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. 5 Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou. 6 Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. 7 Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie 8 daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel."* Dit val saam met wat Jesaja in hoofstuk 1 vir ons ook uitlig. *"21 Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars! 22 Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. 23 Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloninge na. Aan die wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie. 24 Daarom spreek die Here HERE van die leërskare, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande!"*

Ons lees verder in Eksodus 32 die volgende wat Moses gesê het: *"Wie vír die HERE is, kom na my toe! Toe het al die seuns van Levi by hom versamel. 27 En hy het vir hulle gesê: So spreek die HERE, die God van Israel: Laat elkeen sy swaard aangord aan sy heup. Gaan heen en weer van poort tot poort in die laer, en laat elkeen sy broer en elkeen sy vriend en elkeen sy naaste doodmaak. 28 En die seuns van Levi het gehandel volgens die woord van Moses, en daar het van die volk op dié dag omtrent drie duisend man geval. 29 Toe het Moses gesê: Vul vandag julle hand om te offer aan die HERE—want elkeen is teen sy seun en teen sy broer—sodat Hy vandag 'n seën oor julle kan gee. 30 En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Júlle het 'n groot sonde begaan; maar nou sal ek na die HERE opklim: miskien kan ek vir julle sonde versoening doen. 31 En Moses het na die HERE teruggegaan en gesê: Ag, hierdie volk het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak. 32 Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het! 33 Toe het die HERE Moses geantwoord: **Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek. 34 Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gesê het. Kyk, my engel sal voor jou uit gaan. Maar die dag as Ek besoeking doen, dan sal Ek hulle sonde oor hulle besoek.** 35 So het die HERE dan die volk getref, omdat hulle die kalf gemaak het wat Aäron vervaardig het."*

So ons leer hier dat indien jy deel het aan die afgodediens wat ons vandag mee te doen het, die persone se name uit die boek uitgedelg sal word. Daar is soveel kerke en mense wat leer eenmaal gered, altyd gered, maar dit is nie wat hier staan nie. Nee, die HERE sal jou naam uitwis uit die boek van die lewe indien jy jou voeg by die wat ontrou is en afgodediens beoefen. Dit word ook bevestig in Esegiël 18 en Hebreërs 6. Lees die hoofstuk in Esegiël en jy sal geskok wees oor wat daar staan. Ek sluit die gedeelte van Hebreërs hier in: *"4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, 5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, 6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."* Dit sluit ook aan by wat die HERE vir Moses gesê het toe Moses net na die goue kalf episode vergifnis gaan vra het. Eks. 32 34: *"Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gesê het. Kyk, my engel sal voor jou uit gaan. Maar die dag as Ek besoeking doen, dan sal Ek hulle sonde oor hulle besoek."*

Maar hoe lyk Kanaän nou weer? *"Psalm 1 :1 ¶ Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; 2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. 3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit"*. Dit is Kanaän. Dit is wat vir my en jou beskore is. Dit is wat die Here se plan vir my en jou is. As jy dit nie wil aanvaar nie, moet jy dalk ook soos Israel vir nog 'n vêrdere 40 jaar woestyn toe gaan. **Het jy geweet dat al die Israeliete oor 20 jaar oud, nooit die beloofde land ingegaan het nie, behalwe Josua en Kaleb?** Numeri 14: 28 *"Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen. 29 Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, **van twintig jaar oud en daarbo**, julle wat teen My gemurmureer het. 30 Waarlik, júlle sal nie in die land kom waaroor Ek my hand opgehef het om julle daarin te laat woon nie, behalwe Kaleb, die seun van Jefúnne, en Josua, die seun van Nun."* Die mense het dit nooit gesien nie omrede hulle getwyfel het dat die Here die oorwinning vir hulle sou gee. Moenie dat jy nooit bereik wat die Here vir jou beoog het nie. Glo Hom. Glo in Sy Woord. **Moenie jou oortuigings bou op die oorlewering van mense nie. Paulus het daarin gespesialiseer. Maar toe ontmoet hy Jesus.** Ek vertrou dat jy Kanaän toe wil gaan.

Een antwoord wat die Woord hier vir ons gee, is vir 'n vraag wat baie mense oor wonder. As ons sê dat 'n persoon eers moet glo voordat hy gedoop word, wat word van die wat nooit gedoop is nie. Die Here het nie die persone van onder twintig jaar laat sterf nie, want Hy verwag nie dat hulle al 'n keuse gemaak het nie. Hy wil seker maak dat jy weet dat jy Hom nodig het voordat jy gedoop word. Eers na twintigjarige ouderdom, verwag die Here dat jy 'n keuse moet maak, en sal jy volgens jou keuse beoordeel word. Ons lees ook verder in Josua 1 en 2 dat al die Israeliete wat uiteindelik in Kanaän ingegaan het, ook eers deur die Jordaan moes gaan, wat ook op 'n doop wys.

Wat wil jy nog doen of aflê voordat jy in Kanaän ingaan?

## Die Tabernakel.

Nog iets wat in die woestyn gebeur het is dat die Here vir Moses gevra het om die tabernakel te bou. Wat het die tabernakel na verwys? Dit was 'n plek waar slegs priesters kon offer, (intree), vir die sondes van Israel. Maar daar was ook 'n plek, die allerheiligste, waar die Here fisies gemanifesteer het by die verbondsark. Onthou dat die eerste verbond was ingestel met besnydenis van die mens se kant, en 'n ark waar die Here gewees het. Die hoëpriester kon slegs eenmaal per jaar daar ingaan om vergifnis te vra vir die sondes van Israel. Hy kon ook slegs daar ingaan met bloed.

### Wat is die doel van die tabernakel dan vandag?

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het die gordyn wat die heiligste van die allerheiligste geskei het, van bo na onder geskeur. Dit is vir ons 'n teken dat God self die skeiding wat daar tussen ons en Hom was verwyder het, aangesien die gordyn van bo na onder geskeur het. Jesus het toe ingegaan en met Sy bloed eens en vir altyd 'n aanvaarbare offer vir sonde gegee. Ons kan dus nou onsself onder die bloed van Jesus plaas en met vrymoedigheid na God toe gaan, sonder dat iemand vir ons moet optree as tussenganger. Ons hoef ook nie net eenmaal per jaar toegang na God toe te verkry nie, aangesien Jesus elke oomblik vir ons intree. Ons kan nou ook soos wat Samuel dit gedoen het in Eli se tyd al, onder die verbondsark slaap. Dit beteken ons kan ons lewe in die teenwoordigheid van God deurbring, **en so nooit hoef te twyfel of ons die reg het om kinders van God genoem te word nie.** Maar, dit beteken ook dat as ek tyd afstaan en altyd in Sy teenwoordigheid deur bring, ek ook die salwing van 'n hoëpriester soos Samuel of 'n Josua sal hê.

Hoeveel tyd spandeer jy by die Here? Hoe spandeer jy dit?

Daar is natuurlik ook die beeld van hoe die tabernakel gelyk het. Ek het ‘n afbeelding op die volgende bladsy daarvan vir jou ingesluit. Kyk daarna en sien hoe die uitleg van die tabernakel ook vir ons ‘n heenwyse is om by die Vader in die allerheiligste te kom. Gaan lees deur Eksodus 35 tot 40 en sien hoe dit presies dieselfde volgorde het as die uittog van Israel uit Egipte, en ook dieselfde uitleg as Hebreërs 6 verse 1 en 2.


### Kanaän, of terug woestyn toe.

Die Israeliete was ook bly toe hulle uiteindelik by Kanaän aankom, en het verspieders uitgestuur om die land deur te gaan en verslag aan hulle te kom gee. Die verslag wat hulle gehoor het, het hulle nie van gehou nie, want daar was nie geloof nie. Hulle het nie geglo dat die Here die vyand in hulle hand sal gee nie, maar wou 'n nuwe leier aanstel om hulle terug te vat na Egipte. Hier het hulle getoon dat hulle nie die Here geglo het wat Hy kan doen nie. Hoeveel keer hoor ek nog vandag dat al hierdie wonders wat in die Bybel bespreek word, net vir daardie tyd was. Die mense vergeet die gedeelte dat Jesus gesê het dat ons nog groter wonders as Hy sal doen. Maar daar is 'n voorbehoud. Ons moet glo. Ons moet glo dat die Here aan ons kant is. **Ons moet glo dat Sy beloftes wat Hy in Sy Woord vir ons gee, waar is.** Hoeveel keer het die Here al met jou gepraat en gesê dat Hy 'n groot bediening vir jou het, maar deur ongeloof kom jy nie daar nie. Of hoeveel keer het jy al mense se drome verpletter deur te sê dat jy nie glo dat die Here hulle kan gebruik nie. Al hierdie faktore moet ons in ag neem as ons deur die Jordaan wil gaan

om Kanaän in besit te neem. As ons twyfel, is ons nog steeds in die woestyn, en moet ons dalk vir nog veertig jaar sukkel, of dalk nooit in Kanaän uitkom nie.

Hoe lyk jou lewe? Glo jy dat die Here jou kan help? Skryf neer oor hoe jou lewe vandag daar uitsien.

Een aspek wat ons ook moet onthou is dat die stamme van Ruben en Gad nooit hulle erfdeel in Kanaän ontvang het nie. Hulle het self besluit hulle wil duskant die Jordaan bly, want dit was vir hulle aanloklik en aanvaarbaar. Hulle was veeboere, en die groen velde was vir hulle aanloklik om as weiveld te gebruik. Hulle het besluit om nie dit wat die Here vir hulle gehad het, te aanvaar nie, maar om hulle eie koppe te volg. As ons na die latere geskiedenis kyk, sien ons dat die twee stamme geen vêrdere invloed op Israel se toekoms gehad het nie. Moet nie in die woestyn agterbly nie.




## KANAÄN - UITEINDELIK!!!!!

Wat was die eerste ding wat Israel moes doen toe hulle in Kanaän kom? Jerigo aanval en verwoes. Watter vestings is daar nog in jou lewe wat verwoes moet word?

Het Israel al die vyande op een slag oorwin? Nee. Die Bybel verklaar ook dat hulle een vir een stad in besit geneem het. Moenie bekommerd wees as die vyand nog vestings in jou lewe het nie. Oorwin hierdie vestings een op 'n slag. Moenie probeer om almal op een slag aan te vat nie, want jy sal faal. Weet dat die Here jou wil help, maar weet ook dat dit georden moet gebeur. Een aspek wat ons ook hier leer is dat elke stam nie apart sy vyande aangevat het nie. Nee, Israel het as volk die vyand aangevat en oorwin. Dit is wat ons as Christene moet doen. Ons moet saam die vyand aanvat, dan sal ons oorwin. Dit help nie dat ons sê dat ons as Christene 'n verskil in die wêreld moet maak, maar elkeen wil dit op sy eie manier doen nie. Nee, gaan na die Here en vra Hom hoe om die vyand aan te vat. Met Hom is die oorwinning verseker.

'n Ander aspek wat ons ook in die oog moet hou is dat toe die Israeliete in Kanaän aangekom het, is dit ook die tyd gewees dat die Here Sy bo-natuurlike voorsiening gestop het. Toe die

Israeliete die oggend opstaan nadat hulle die eerste keer van die opbrengs van die land geëet het, was daar geen manna meer nie. Hoekom? Nou sal die Here seën wat ons doen. Al wat Hy verwag, is gehoorsaamheid. Deuteronomium 11 vertel ons presies wat die Here gaan doen. Waar ons vroeër self moes werk om te kan voorsien, sê die Here Hy sal sorg vir die groei, ons moet net plant en oes. Vers 11 en 12 stel dit so: ***"11 Maar die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is 'n land van berge en laagtes wat van die reën van die hemel water drink; 12 'n land waar die HERE jou God voor sorg; die oë van die HERE jou God is altyddeur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar."*** Nou kan ons ook verstaan waarvan Salomo in Psalm 127 van praat: *"1 ¶ 'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. 2 Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet--net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!"* So, in Kanaän sal die Here alles wat ek doen seën, solank ek my hou by wat Hy van my verwag om Hom te dien, en nie afdwaal na vreemde gode nie. Is daar nog vreemde gode in jou lewe?

Om die gedeelte mee af te sluit, wil ek graag seker maak dat jy in Kanaän ingaan. Ek wil jou graag 'n vraag vra wat Moses vir Israel ook gevra het voor hulle in Kanaän in is.

---

## MY VRAAG VIR JOU.

Die vraag kom uit Deuteronomium 30 :15 ¶ *"Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. 16 Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem .17 Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien ,18 dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. 19 Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, 20 deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee".*

My gebed vir jou is dat jy, Dié Weg, sal kies.

# Deel 2 - Wat is, en hoe lyk die oorwinnaarslewe van die Bybel?

Wanneer ek besef dat ek in Kanaän is, is die volgende vraag weer oor wat maak ek wanneer ek daar aankom? Gaan ek soos Israel van ouds agter ander gode aanhardloop, of gaan ek my kant van die verbond hou?

Ons lewe so in 'n eeu waar almal eerder boeke lees oor Bybelse onderwerpe as wat ons die Bybel self lees, en wag ons almal vir die wegraping en al die gevolge daarvan soos deur hoevele skrywers uitgelig, maar weet ons dat ons gaan oorwin? Weet ons wat van ons verwag gaan word om te doen? Weet ons dat ons nie net heeldag gaan rondloop in strate van goud en niks doen is nie?

Maar wat en hoe gaan dit dan wees?

Dit is wat ek gaan poog om deur te gee. Dit is hoe ons as oorwinnaars, ons van wie die Bybel verklaar, "Aan hom wat oorwin", sal optree en wat van ons gaan word die dag wanneer die agtste dag volgens Henog, gaan aanbreek. Die dag waar daar geen tyd meer sal wees nie.

## Oorwin Kanaän

Hoe tree ek op wanneer ek besef dat dit wat die Bybel van my verwag om te doen om geloofsekerheid te verkry, gedoen is? Besef ek dat ek nou kind van God is, en sodoende die ewige lewe het? Besef ek dat ek 'n nuwe wese is? Dat ek skoon gewas is deur die bloed van die Lam? Dat ek Jesus se geregtigheid besit? Dat ek nou sonder smet of blaam voor Vader kan verskyn?

Maar, dit is nie waar dit eindig nie. Die Bybel is baie spesifiek oor wat gaan gebeur met hulle wat oorwin. Maar wat is dan die verskil tussen die twee begrippe? Ek dog ek moet net kind van God word en dan is dit die einde. Nou sê jy dat daar nog oorwinnaars ook is. Wat is dan nou die verskil tussen die twee begrippe?

As ons na Israel kyk en hoe hulle geskiedenis verloop het in die Bybel, sien ons dat hulle uit Egipte getrek het, 40 jaar in die woestyn rondgeswerf het, en toe in die beloofde land in is. Miskien is dit die plek waar jy vandag jouself bevind. Jy het alles gedoen wat van jou verwag word, en nou het jy mos Kanaän beërwe. Jy weet dit is die plek waar die Bybel van getuig waar jy moet saai, die HERE sal water gee en laat groei, en jy moet net weer oes.

Maar is dit hoe dit in Israel se geskiedenis gegaan het?

Nee. Hulle het deur die Jordaanrivier getrek, en die eerste keer nadat hulle van die land se vrugte en koring geëet het, het die manna opgehou. En toe lê Jerigo nog voor hulle. Hulle was toe al in Kanaän in, maar nog niks het verander nie. Hulle moes toe eers oorlog voer om grondgebied te verkry. Hulle moes die hele land deurtrek om elke stam se erfdeel in besit te neem.

## Hoe neem ek Kanaän in besit?

Deuteronomium 4:1 *"¶ Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem."*

Dit is nogal moeilik om altyd te verduidelik hoe dit is as iemand iets in besit neem. Ek wil graag ‘n alledaagse voorbeeld gebruik. Die voorbeeld is iets wat elke persoon seker ten minste eenmaal in sy of haar lewe sal doen, en dit is om ‘n huis of woonstel in besit te neem.

Wat beteken dit om iets in besit te neem? Dit is om dit jou besitting te maak. Wanneer iemand ‘n eiendom of ‘n vaste bate koop, is daar gewoonlik ‘n bewys van eiendomsreg wat die item vergesel. Die een wie se naam op die titelakte staan, is die wettige eienaar van die item. Dit is wat die HERE van ons verwag, om eienaarskap van Kanaän te neem.

Op ‘n titelakte is daar ook gewoonlik voorwaardes of beperkings. So kan ek nie ‘n hotel op ‘n residensiële erf bou nie, want die titelakte beperk dit. Ek kan slegs die land gebruik waarvoor dit in die titelakte beskryf word.

Dit is ook wat die HERE met ons doen. As ons na die voorwaardes op Kanaän se titelakte kyk, is daar die volgende klousule: *"Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen."* Ons kan slegs die land in besit neem, wanneer ons in die insettinge en verordeninge van die HERE wandel. Kanaän is nie gemaak vir my om te doen wat ek wil nie. Hoekom nie? Die HERE verklaar dat Hy daar vir ons ‘n God sal wees en ons vir Hom ‘n volk sal wees. Hy is die een wat die titelakte vervaardig het, so Hy kan die beperkings bepaal wat op die titelakte van toepassing is. Wanneer ek ‘n eiendom aankoop, kan ek nie vir die prokureur of aktevervaardiger aansê om besigheidsregte by die titelakte te voeg nie. Nee, indien ek dit wil doen moet ek eers die owerheid se toestemming kry.

Dieselfde geld met Kanaän. Die HERE het bepaal dat ons na Sy verordeninge en insettinge sal luister. Indien nie, het ek geen reg op Kanaän nie. Ek kan ook nie nuwe voorwaardes stel nie, want die voorwaardes is al eeue terug deur God bepaal en is deel van die nuwe verbond. Daarin word bepaal dat Hy my sondes sal vergewe en my lei om in Kanaän in te kom. Alles wat nie hierin vervat is nie, is nie deel van die titelakte nie.

Nou mag u dalk vra dat omdat die voorwaardes so lank terug bepaal is, kan dit nie verander nie? Nee, ongelukkig nie. Vir die van u wat die Kaap ken, sal weet dat daar geen alkoholiese drank in Vishoek verkoop of bedien mag word nie. Die voorwaarde is deur die eerste houer van die titelakte bepaal, en is vandag, 300+ jaar later, nog steeds van krag. Dieselfde geld vir Kanaän. Wanneer ons Kanaän in besit wil neem, moet ons aan al die voorwaardes voldoen. Die voorwaardes het die HERE vir die Israeliete gegee toe hulle dit in besit geneem het, en is vandag nog op ons van pas, naamlik dat ons na Sy verordeninge en insettinge sal luister.

Ek vertrou dat u wil in Kanaän bly. Dus moet ons aan die vereistes voldoen.

Dit is wat ons in ons lewe ook maar moet doen. Ek wil so graag agteroor gaan sit en sê dat ek nou die HERE se wet in my hart ontvang het, ek glo dat al hierdie vrugte wat Hy vir my gewys het in my lewe sal manifesteer, en dan wil ek maar weer aangaan met my lewe, of dalk weer aangaan met my vorige lewe. Maar dit is nie hoe dit werk nie. As ons na die natuur kyk en ‘n plant sien wat glad nie groei toon nie, weet ons een van twee goed: Die plant is of besig om dood te gaan, of is alreeds dood. So is dit in ons lewens ook. As ek nie groei nie, is ek of reeds dood of besig om dood te gaan. Ek moet groei toon. Ek kan nie maar net anderkant die Jordaan op die gras gaan sit en piekniek hou nie. Nee, die mense van Jerigo gaan my aanvat en my wegjaag of doodmaak.

So wat staan my te doen? Ek moet by die HERE gaan hoor wat ek moet doen om Jerigo te verower. Daar is nog orals vestings in my lewe wat ek moet oorwin. Miskien is dit die baasspelerigheid oor my vrou en kinders. Miskien is dit maar my potjie golf Sondagoggend saam met my vriende. Onthou net jy kan nie vrugbaar wees as jy nie die grond besit nie. Die vyand gaan met jou woer-woer speel as jy nie die vestings van Satan in jou lewe vernietig nie.

Wat het die HERE vir Israel gesê toe hulle in die beloofde land in is. Deut 7 :1 *"¶ As die HERE jou God jou inbring in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem, en Hy baie nasies voor jou uit verjaag: die Hetiete, Girgasiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, sewe nasies, meer en magtiger as jy; 2 en die HERE jou God hulle aan jou oorgee, dat jy hulle verslaan, dan moet jy hulle geheel en al met die banvloek tref; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle nie genadig wees nie. 3 Jy mag jou ook nie met hulle verswaer nie--jy mag jou dogter nie gee aan sy seun, en sy dogter nie neem vir jou seun nie; 4 want hy sal jou seun van My afvallig maak, sodat hulle ander gode dien en die toorn van die HERE teen julle ontvlam en Hy jou gou verdelg."*

Wanneer ek weet dat ek weet dat ek kind van God is, kan ek nie met verskonings kom en daarmee verkeerde dade en optredes in my lewe mee goed praat nie. Nee, ek moet totaal breek met alles wat nie van die HERE is nie. As ek nie die HERE se naam verheerlik met dit wat ek doen of hoe ek optree nie, is dit nie van die HERE nie. Dit is wat die Bybel verklaar.

Maar gelukkig is daar darem ook vir ons 'n ander vers wat vir ons tyd gun om met alles te breek. Die vers kom net later in hoofstuk 7 voor: Vers *22 "En die HERE jou God sal hierdie nasies so langsamerhand voor jou uit verjaag; jy mag hulle nie gou vernietig nie, dat die ongediertes nie teen jou die oorhand kry nie."*

So ek het nie nodig om elke vesting onmiddellik mee te breek nie. Maar ek moet sorg dat ek nie vashou aan die vers om my optrede mee goed te praat nie, want indien ek dit so wil doen, is dit wat ek dan probeer goedpraat, nog steeds sonde. Al wat ek kan doen is om te breek met dit wat die HERE vir my elke dag uitlig. Dit is ook waarvan Jesus gepraat het toe Hy aan die dissipels verklaar het dat hulle elke dag hulle kruis moet opneem en Hom volg. Hy sal elke dag vir my vestings van die vyand in my lewe openbaar sodat ek daarmee kan breek. Sodra Hy dit openbaar het vir my, is dit my plig om daarmee te breek, en kan ek nie vers 22 voorhou dat dit tyd sal vat nie. Nee, soos Israel deur Kanaän gegaan het, het hulle elke vesting of stad verwoes wat hulle gesien het. Hulle het nie om die stede gegaan en die mense daar gelaat en die stede nie verwoes nie. Nee, hulle moes die stede verwoes.

Maar wat is al hierdie vestings? Paulus het alreeds die navorsingswerk gedoen, en dit vir ons neergeskryf in Galasiërs 5 vers 19: *"En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; 21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie."* Hy gaan voort met vers 24 *"Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. 26 Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie."*

Paulus skryf ook aan Efese die volgende: *"4:31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Hoofstuk 5: 3 Maar hoerery*

*en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; 4 ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging. 5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie."*

Noudat ek al die vestings in my lewe mee gebreek het, sal ek ‘n oorwinnaar wees. Hoekom? Ek het met alles wat skeiding maak tussen my en die Vader gebreek. Dit is wat die Bybel verklaar dat ek moet oorwin om deel te hê aan dit wat vir my wag, ‘n ewige lewe saam met die Vader en Jesus.

## HOE LYK 'N OORWINNAAR?

Nou verklaar die Bybel ook dat ons meer as oorwinnaars is deur Hom wat ons liefgehad het. Hoe lyk hierdie oorwinnaarslewe? Kan ek nou al deel hê daaraan, of is dit eers van toepassing na my dood?

As ons na ons alledaagse lewe kyk, hoe lyk 'n oorwinnaar? Daar word daagliks vir ons so baie oorwinnaars voorgehou, atlete, rugbyspelers, krieketspelers, politici, werkers, "mooi meisie kompetisies", selfs Lotto wenners.

Die begrip laat my altyd dink aan een van Danie Botha se gewildste liedjies, Wenners. Dit is wat ons almal graag wil wees. Ons wil almal met die oorwinnaarskroon of beker rondloop om te wys hoe goed is ons. Ons wil tog net vir almal bewys ons is iemand. Ek is nie net die ou vaal seuntjie wat so ronddwaal in die strate nie. Nee, ek is my ouderdomsgroep kampioen. Ek het die beste gevaar. Dan is daar nog die glorie en die spoggerigheid wat daarmee gepaard gaan.

In die wêreld kry ons twee tipes wenners. Die eerste groep se storie is gewoonlik as volg: "Weet ma, Sannie is so slim sy staan al weer eerste in die klas, is dit nie pragtig nie. Sy werk tog so hard". Maar terug by die huis is ma die een wat nie vir Sannie kans gee om eers toilet toe te gaan nie, nee, sy moet net leer. Maar dit is die gedeelte wat ons nooit van hoor nie. Meeste van die tipe oorwinnaars is oorwinnaars omdat hulle iemand anders se drome moet uitleef. Hierdie tipe oorwinnaar leef sy of haar hele lewe iemand anders se droom.

Die tweede tipe is die wat besluit het dat hulle 'n beter lewe wil leef as dit wat hulle in groot geword het, of hulle is groot gemaak om die beste uit die lewe uit te haal. Hulle is gewoonlik die wat dit ver bring in die lewe, en vir ons as voorbeelde voorgehou word. Hulle sal lang ure insit net om iewers te kom. Om aanvaarding te kry vir dit wat hulle bereik het in die lewe. Hulle streef ook altyd na nog hoër hoogtes, nog groter prestasie. Maar hulle kom nooit by die punt waar hulle hulself net aanvaar vir wie hulle is nie. Daar is nie tyd om te dink aan myself nie, nee ek moet nog dit of dat klaarmaak. Hulle antwoord is altyd: "Weet jy nie dat ek nie tyd het vir al hierdie ander aktiwiteite nie, nee die saak verlang al my aandag."

Maar dit is nie die oorwinnaars waarvan ek wil skryf nie. Die Bybel leer ons dat ons sal oorwin, en dat daar spesifieke pryse is wat vir ons as oorwinnaars wag. Maar wat beteken die begrip oorwin in die Bybel. Lukas gee vir ons lig op die onderwerp. Lukas 11:21-22 *"Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit."*

As ons die verse ontleed, vind ons wat die betekenis van oorwin in die Bybel is. Dit beteken dat ek sterker moet wees as my teenstander, sodat hy my nie kan oorval en oorwin nie, en ek nie my wapenrusting verloor en dit as buit uitgedeel word nie. Maar hoe kry ek dit reg? Kom ons kyk na al die verskillende begrippe wat in die skrifgedeelte voorkom.

*"Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid."*

Dit is wat die Bybel verklaar. Eerstens moet ek 'n sterkman wees. Ek moet weet waar my krag vandaan kom. Ek moet weet dat ek deur Jesus tot alles in staat is. Ek moet verseker weet waar my sterkte vandaan kom.

Hoe lyk u lewe vandag? Is u sterk in die geloof? Kan die vyand u kom aanvat soos hy met Jesus gedoen het in die woestyn? Is u seker van u sterkte? Onthou net u kan baie sterk lyk, maar eintlik nie baie sterk wees nie. U sterkte kan slegs bepaal word wanneer dit getoets word. Nou wil ek nie verkondig dat u aanhoudend in situasies betrokke moet raak waar u elke keer u sterkte as Christen wil toets nie. Nee, want my sterkte is nie in myself nie, maar in Christus. Alleen Hy is my sterkte. Alleen in Hom is ek sterk. Die Bybel verklaar juis vir ons dat wanneer ons in situasies kom waar ons as Christene aangevat gaan word moet ons nie terug deins nie. Nee, die Heilige Gees sal ons dan gee wat om te sê.

So my sterkte moet ek in Christus gaan soek. Alleen wanneer ek weet wat Hy vir my kom doen het en ek dit besef, sal ek kan oorwin, sal ek sterk kan staan.

So die eerste kenmerk van ‘n oorwinnaar is iemand wat sterk is.

Die tweede aspek van ‘n oorwinnaar is iemand wat goed gewapen is. Dit is wat die skrifgedeelte vir ons uitlig. Maar, hoe lyk my wapens? Waar in die skrif kry ek ‘n beskrywing van my wapens? Daar is drie skrifgedeeltes wat ek graag na wil verwys.

Die eerste skrif kom uit Romeine hoofstuk 13. My wapens is die wapens van die lig. *"11 ¶ En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. 12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. 13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie. 14 Maar beklee julle met die HERE Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie."* Ek mag geen iets in my lewe hê wat ek vir iemand moet wegsteek nie. Al my werke moet aan die lig kan kom sonder om my te benadeel. Alle mense moet kan sien en weet dat ek kind van God is. Ek moet myself so kan handhaaf dat niemand iets teen my kan inbring nie. Dit is my wapens. My lewe moet getuig dat ek iemand is wat lewe vir Christus. ‘n Lewe sonder smet of blaam. Teen so ‘n lewe kan die vyand niks inbring om my te laat struikel nie.

Die tweede wapen kom uit 2 Korintiërs 6 vers 7: *"in die woord van waarheid, in die krag van God, deur die wapens van die geregtigheid in die regter-- en linkerhand;".* As ek nie weet dat ek nie deur myself nie, maar deur Christus se toedoen geregtig is op ‘n ewige lewe saam met Hom nie, kan die vyand my probeer oortuig dat ek nie werklik gered is nie. Ek moet kan weet dat die verbond wat Hy vir ons berei het, ‘n ewige verbond is en dat Hy dit vir ons volbring het. Ek moet dit glo. Dit is my wapens. Dit kan ek slegs doen wanneer ek die Bybel ken en verstaan en weet wat Jesus vir my kom doen het.

Die derde gedeelte oor wapens kom uit 2 Korintiërs 10 vers 3: *" Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; 4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, 5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, 6 en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is."* Die gedeelte sluit aan by die vorige twee oor wapens. My wapens is geestelik, met ander woorde dit is in my gees en in my sielsarea waar ek moet weet dat ek moet optree soos iemand wat sy lewe afgelê het en vir Christus leef. Dit sal my help om elke vesting wat die vyand dalk nog in my lewe het, of dit ‘n slegte gewoonte of

onbeheerste optrede is, te kruisig en af te lê. Dit is wat die skrifgedeelte verklaar. My wapens kan elke vesting van die vyand neer werp. Ek kan oorwin oor alles wat skeiding maak tussen my en God. Ek hoef niks te vrees nie.

Maar die gedeelte in Lukas verklaar ook dat ek moet my huis, of my lewe en my liggaam bewaak. Ek mag nie toelaat dat ek vir ‘n oomblik my waaksaamheid laat vaar nie. Ek moet elke oomblik van die dag waaksaam wees. Alleen wanneer ek dit alles doen, sal my besittings, dit wat ek van die HERE ontvang, veilig wees.

Ek kan nie toelaat dat my waaksaamheid vir ‘n oomblik verswak nie. Dit is wat die Bybel verklaar. Dit is wat ons as Christene moet doen. Die Bybel verklaar nie vir ons dat ons nie aangeval sal word nie. Nee, ek moet elke oomblik waaksaam wees.

Kom ek neem ‘n voorbeeld. Die gedeelte wat ek hierbo geskryf het, het ek die aand so tussen sewe en half nege geskryf. Dit was vir my snaaks dat ek meteens nie my gedagtes kon vestig op die onderwerp nie, en het ek besluit om maar alles te stoor en die rekenaar af te skakel. Ek het skaars opgestaan van waar ek gesit het, of die telefoon lui. Ek het dit geantwoord en onmiddellik besef dat iets nie pluis is by my een dogter nie. Sy wou onmiddellik met haar ma praat. Ek het geskrik toe ek hoor dat Hettie, my vrou, vir haar verduidelik hoe om ‘n wond se bloeding te stop, en dat hulle onmiddellik hospitaal toe moet gaan. Ons sou hulle daar kry.

Toe Hettie aflui, het ek gehoor dat my skoonseun deur twee swart mans in sy tuin aangeval is en hy met ‘n mes in die rug gesteek is. In vandag se lewe hoor ons maar gereeld van aanvalle op mense by huise, maar wat my dadelik laat dink het aan waaroor ek geskryf het, is die feit dat hulle in ‘n sekuriteitskompleks bly, dat daar aanhoudend wagte is wat rond beweeg, daar elektriese heinings rondom die kompleks is, en dat hulle alle voorbereidings getref het om hulle te beskerm, en tog is hy aangeval.

U sien hy het sy waaksaamheid laat vaar. Hy was mos oortuig dat dit onmoontlik is om nou nog steeds misdadigers in so ‘n kompleks teen te kom. Al wat hy gaan doen het was om die water toe draai want die tuintjie was nou nat genoeg. Niemand verwag mos dat daar iemand vir jou buite sit en wag nie. Nie in jou eie tuin nie.

Maar dit is waar die vyand ons aanvat. Hy weet mos as ek na ‘n nagklub of iets soortgelyks toe gaan dat ek op my hoede sal wees. Ek sal hom mos daar verwag. Dit is hoekom ek mos nie na sulke plekke toe sal gaan nie. Maar, ek verwag hom mos nie in my eie huis nie. Ek verwag hom nie op my eie gemeente se preekstoel nie. Maar dit is waar hy begin om twyfel te saai. Dit is deur ons eie mense wat hy ons aanvat. Hy het selfs vir Eva verlei in die teenwoordigheid van God, by Hom in die paradys.

So die vierde eienskap van ‘n oorwinnaar is iemand wat waaksaam is. Iemand wat aanvalle verwag en op sy hoede is vir elke aanslag van die vyand. Want as ek nie waaksaam is nie, gaan hy my verower. Dit is wat die Bybel vir ons verklaar in die skrifgedeelte. Hoe lui die skrif weer? Lukas 11:21-22 *"Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit."*

Wanneer ek so optree, weet ek dat my besittings, my saligheid veilig is. Ek moet onthou dat ek nie ‘n oomblik kan verslap nie. Wat leer die Hebreërs skrywer ons in hoofstuk 12: *"11 Nou lyk*

*elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is. 12 Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op; 13 en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word. 14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die HERE sal sien nie; 15 en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie. 16 Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het. 17 Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer."* Dié skrywer het presies geweet waaroor ‘n oorwinnaars lewe gaan. Ek kan nie later my lewe verander nie. Nee, ek moet dit nou doen terwyl ek die geleentheid het. As ek dit nie doen nie, kan ek soos Esau op eindig.

Maar ek weet dit is nie wat ons wil hê nie. Nee, ons wil ‘n lewe van oorwinning saam met Jesus Christus verkry.

Wat moet my ingesteldheid wees as Christen om as oorwinnaar gereken te word?

Afhangende met wie jy mee praat, kan jou ingesteldheid as Christen hemelsbreed verskil van die volgende persoon. By die wat nie sterk is in die geloof nie, mag dit wees dat jy maar net moet glo en die res aan die HERE oorlaat. Dan is daar die wat so hard werk om in die hemel te kom, en dan is daar ook nog ‘n groep wat vra dat jy die Woord moet uitleef. En dit is maar net drie van die verskillende groepe se standpunte.

Een ding waaroor ons kan seker wees, is dat dit maak nie saak wat jy sê nie, daar sal altyd amper onmiddellik iemand wees wat van jou gaan verskil. Jy kan ook seker wees dat elkeen sal ook sy eie versie of versies hê om hul standpunt mee te bevestig en te verdedig.

Selfs die Bybel lyk vir ons partymaal het verskillende standpunte. As ons kyk na Hebreërs 4 vers 16, verklaar die skrywer ons moet met vrymoedigheid na die genade troon toe gaan. Iemand wat vrymoedig is, was nog altyd vir my iemand wat presies geweet het wat hy wil doen, en dinge doen sonder om te aarsel. Maar as ons na Dawid kyk verklaar hy weer dat die HERE naby die is wat gebroke van hart en gees is. Dit was nog altyd vir my iemand wat maar redelik neergeboë was en nie juis ‘n groot oortuiger van enige standpunt was nie.

So nou kan ons tereg vra, watter standpunt is nou reg? Verder, hoe weet ek ook dat die standpunt waarmee ons gaan eindig, die regte standpunt is? Die tweede vraag is redelik maklik om te antwoord, in die sin dat ons kan kyk na wat die Bybel belowe vir iemand met so ‘n ingesteldheid. Die eerste vraag is ‘n perd van ‘n heel ander kleur.

Nou waar begin ons?

Ek wil graag begin by wat die Woord verklaar ons as Christene as prys sal ontvang. Die woord leer ons uitdruklik in Openbaring dat net oorwinnaars sal ingaan en die ewige lewe beërf. Ons moet oorwin. Maar hoe oorwin ons? Die antwoord kom vir ons uit Openbaring 12:11 *"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."*

Uit hierdie skrifgedeelte, kom daar drie aspekte na vore. Kom ons kyk nou na die drie aspekte.

*“En hulle het oorwin deur die bloed van die Lam.”*

Hoe oorwin ons deur die bloed van die Lam? Ons moet ‘n verklaring doen dat ons nie op onsself vertrou nie, maar dat ek vertrou op die bloed van Jesus Christus om my te red. Dit is wat Israel in Egipte moes doen. Hulle moes die bloed van ‘n lam aan hulle deurposte smeer met ‘n hisop takkie, en so het die doodsengel by hulle huise verby gegaan. Hierdie enkele aksie het gemaak dat die doodsengel nie by hulle huis ingegaan het nie. Hulle moes weer die verbond bevestig.

Maar, as ons na dié geskiedenis kyk, was daar tog voorwaardes aan verbonde. Wat moes Israel doen? Hulle moes die pasga vier die aand voor die doodsengel deur getrek het. Hoe is dit gedoen? Eerstens moes hulle alle suurdeeg uit hulle huise verwyder. Dit beteken vir ons dat ons alle sonde moet bely en daarmee breek. Tweedens moes hulle die lam slag, en sy bloed aan die deurposte smeer met hisop. Hoekom? Die bloed aan die deurposte het verklaar dat die huis gereinig is, dat alle onreinheid verwyder is.

Vir ons vandag moet ons verklaar dat Jesus se bloed ons reinig van elke ongeregtigheid. Maar ons moet eers daarmee breek. Dan kan ons van die brood en van die Lam eet. Ons moet ons vul met die Lam dat daar geen honger na enige iets anders is nie. Ons moet ons vul met Sy Woord. Dit is hoekom die Israeliete die lam wat hulle moes slag, daardie aand heeltemal moes verorber. Niks moes oorbly tot die volgende dag nie. Hulle moes nie nog lus gehad het vir ‘n Egiptiese burger nie. Nee, hulle moes hulleself trommeldik geëet het. Daar moet dus vir ons geen begeerte na enige wêreldse iets wees nie. Nee, Jesus moet ons alles in alles wees.

Dit verklaar ook wat Jesus in Johannes 6 bedoel het met Sy woorde dat Hy die brood van die lewe is. Ons lewe moet totaal en al deur Hom oorheers word. Ek moenie nog ‘n agterdeur oophou na die wêreld toe nie. Na die Israeliete die bloed aan die deure gesmeer het, moes hulle binne in die huise bly. Hulle kon nie weer uitgaan nie. Hulle moes onder die bloed van die Lam bly. Dieselfde geld vir ons. Ons kan nie weer onder die bloed van Jesus uitgaan nie. Nee, ons moet daar bly, want dit is ons beskerming. Dit verseker dat die vyand my nie kan verlei of aanvat nie.

Dit is wat bedoel word met die gedeelte in Openbaring. Ons moet oorwin met die bloed van die Lam. As ons in Sy huis bly, kan die duiwel my nie aanraak nie. Dit sluit aan by wat Petrus ook vir ons verklaar, dat wanneer ons die duiwel weerstaan, hy van ons sal wegvlug. Hy kan nie teen die Bloed van Jesus wen nie. Dit is ook wat die nuwe verbond vir ons beteken, en doen.

*“En hulle het oorwin deur die woord van hulle getuienis”.*

Hoe lyk jou getuienis? Hier leer ons dat ons moet kan getuig van ons stand as Christene. Wat getuig jou lewe? Onthou net dat meer as 80% van wat jy sê, word deur jou lyftaal en optrede gepraat. Verbale kommunikasie is verantwoordelik vir minder as 20% van wat ons kommunikeer.

So wat moet my getuienis dan wees? Jesus verklaar vir ons in Matteus 23:23b: *"die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. "* Jesaja beskryf dit ook in hoofstuk 58 : *"Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? 7 Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? 8 ¶ Dan sal jou lig*

*deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees."*

So my lewe moet getuig dat ek self reg laat geskied aan alle mense, barmhartigheid bewys aan almal, en dat ek nie troueloos handel nie. As daar dus mense is wat se reg geskend word, moet ek sorg dat aan hulle reg sal geskied. So moet ek ook mense kan help wat barmhartig is. Ek moet sorg dat daar gelykheid onder alle mense is. Die HERE het nie aan my 'n klomp geld gegee om daarmee te doen net wat ek wil nie. Nee, Hy verwag van my dat ek sal omsien na die wat tekorte het in hulle lewe. Of het jy self besluit dat jy 'n hoë intelligensie het? Nee, alles kom van die HERE, en verwag Hy van jou om te doen wat die Bybel ons leer.

Kom ek gee 'n voorbeeld. Hoekom is daar armes? Dit mag dalk vir jou na 'n nuttelose vraag lyk, maar eintlik is dit iets wat my moet aanspreek. Wat sê die HERE aan die Israeliete toe Hy hulle onderrig in die woestyn? Deuteronomium 15:4 *"Maar daar moet geen arme by jou wees nie, want die HERE sal jou ryklik seën in die land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee om dit in besit te neem;"*

Jy sien, die HERE gee nie vir jou 'n oorvloed en vir die ander persoon niks nie. Nee, Hy verwag van jou om dit wat jy oorhet aan die armes te gee. Maar, daar is nog. Indien jy 'n besigheid besit, of dalk mense in diens neem, is dit ook jou plig om te sorg dat daar eerstens aan mede broeders en susters in die geloof werk verskaf word. Jy mag nie met 'n ongelowige aan dieselfde juk trek nie. Nou mag jy dalk sê ek kan 'n persoon nie in diens neem nie omdat hy nie 'n goeie geleerdheid het nie, of dalk lewer die persoon nie werk van gehalte nie. Indien die persoon nie 'n goeie geleerdheid het nie, wat is die rede daarvoor? Het die persoon dalk nie die geleentheid gekry het nie, of dalk het hy nie die vermoë nie?

Dit is jou plig as die sterker en meer vermoënde een om vir hom die geleentheid te gee om die nodige geleerdheid te verkry, of met die persoon te praat oor die gehalte van sy werk. As hy nie die vermoë het om die nodige geleerdheid te kry nie, is dit my plig as sterker een om dan te help met die nodige lewensmiddele. Dit is waarvan ek praat as ek sê die mense lees jou dade.

Verder moet ek betroubaar wees. My woord moet betroubaar wees. As ek iets verklaar, moet dit so wees dat daar nie verskuilde agendas agter my optrede is nie. My ja moet ja en my nee moet nee wees. As ek iets skryf, soos wat ek doen, moet ek nie probeer om my eie sienswyse deur te gee nie. Ek moet nie my eie teologie deurgee nie. Ek moet slegs verklaar wat die Bybel verklaar.

So, my getuienis moet opreg wees. Sonder enige tierlantyntjies of frilletjies. Mense moet kan verklaar dat hulle kan sien dat ek aan Christus behoort.

*"En hulle het nie hulle eie lewe liefgehad nie".*

Dit is seker die moeilikste gedeelte om na te kom. Is jy bereid om jou lewe op te gee vir Jesus? Sal jy kan verklaar soos die skooldogter in Amerika wat deur twee leerlinge doodgeskiet is in die skool se biblioteek dat hulle haar maar kan skiet, want sy sal nie van haar standpunt verander en verklaar dat daar nie 'n HERE is nie. Regtig? Sal jy dit nog steeds doen as iemand jou stukkie vir stukkie opkap terwyl jy vasgemaak is? Dit is ook wat jy verklaar wanneer jy gedoop word. Jy verklaar daarmee dat jy jou lewe neerlê, en jouself met Jesus Christus beklee. Jy verklaar met ander woorde dat jy sterf, en dat die lewe wat jy nou lewe, lewe jy vir Hom.

Dit is hoe ons sal oorwin. Oorwinning is nie vir sissies nie. Jy moet kan sterk staan om te kan oorwin. Dit is wat die Bybel verklaar. Jy moenie maar net "go with the flow" nie. Nee, jy moet kan standpunt inneem vir Jesus. Jy moet kan opstaan vir Hom wanneer die mense Hom belaglik maak. Wanneer professore en geleerdes die geldigheid of gebeure in die Bybel in twyfel trek, moet jy kan opstaan en hulle aanvat. Jy moenie dink dat hulle meer weet as jy nie. Miskien het hulle nog net nie vir Jesus ontmoet nie. Jy moet met outoriteit kan opstaan en verklaar wat die Bybel verklaar, dat elke knie sal moet buig voor Jesus en verklaar dat Hy HERE is. Dit is hoe ons oorwin. In vandag se dae waar menseregte so kop uitsteek en van die Kerkgenootskappe allerhande sondes wil goed praat en self toelaat dat dit nie sonde is nie, moet jy standpunt kan inneem en verklaar dat dit is wat die Bybel verklaar, en hulle nie toelaat om sonde goed te praat nie.

As deel van die prys wat ons sal ontvang, leer ons ook dat ons saam met Christus sal heers. So ek moet leer om op die aarde te heers, want ek kan nie eendag in die hiernamaals eers leer om te heers nie. Waaroor moet ek hier leer om te heers? Sonde. Ek kan nie eers daar leer om oor die sonde te heers nie, nee, ek moet hier al leer om te heers. Ek moet kan breek met elke sonde in my lewe. Ek moet kan heers oor my eie sonde. Wanneer ek kwaad word, moet ek nie sondig nie. Ek moet nie toelaat dat ek in situasies kom waar ek versoek sal word nie. Wanneer dit wel gebeur, moet ek sonder blaam kan wegloop, sonder om toe te gee aan die versoeking.

## WAT IS DUS DIE REGTE INGESTELDHEID?

Noudat ons weet hoe ons as oorwinnaars moet optree, wat moet my ingesteldheid wees? Hoe gaan ek dit regkry, deur vol van myself te wees, of deur min van myself te wees?

Wat verklaar die Bybel oor ons? Sal ek oor almal stap omdat ek weet ek is meer as ‘n oorwinnaar? Sal ek al wat lering is aanhang wat my wil ophemel en motiveer sodat ek sal weet wie ék is en hoe ék moet optree?

Die skrif verklaar dat ek meer as ‘n oorwinnaar is, maar daar volg ook ‘n vêrdere deel van die sin. Die gedeelte verklaar dat ek slegs ‘n oorwinnaar is, *deur Hom wat my lief gehad het.* Ek self is nie in staat om ‘n oorwinnaar te wees nie, maar ek is net ‘n oorwinnaar deur Christus. Die vraag is nou: Hoe kry ek Sy aandag sodat Hy my kan liefhê? Wat verklaar die Bybel vir ons hieroor?

Die volgende paar verse gee vir ons ‘n baie duidelike riglyn.

*"Esegiël 21:26: so sê die HERE HERE: Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie: Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is!”*

*“Kolossense 3:12 ¶ Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.”*

*“Jesaja 61:1 ¶ Die Gees van die HERE HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;"*

Uit die verse is daar twee begrippe wat telkens voorkom, naamlik nederig en ootmoedig. Dit wil vir my lyk as ek na die verse en baie ander verse kyk, dat die HERE ‘n spesiale plek het vir die

wat weet dat hulle niks is nie. Vir die wat nie dink hulle is beter as ander nie, maar weet dat hulle verstoot, verlate en sommer net weggegooi is. Dit is die mense wat die HERE se aandag kry. Jesaja verklaar ook dat dit vir dié mense is wat die evangelie bedoel is.

Hoe seker is ek dat dit die geval is? Kom ons kyk na 'n ander Bybelvers: Jesaja 57:15 *"Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes."*

Dit is wat die Bybel verklaar. Ek moet uitkom by nederigheid. Dit help nie dat ek probeer om met my eie ek te doen wat ek wil nie. Nee, die HERE is by die wat gebroke is, nederig, verbrysel, en ootmoedig.

Maar hoekom moet ek so wees? Wanneer ek nie nederig en ootmoedig is nie, is ek vol van myself. Dan is ek nog nie gestroop van my eie waardigheid nie. Ek het nog nie besef dat ek net van die HERE afhanklik is nie. Ek dink nog dat ek vir myself sorg. As ek hard werk, sal ek genoeg geld inbring om vir my en my huisgesin te sorg. Maar is jy bewus dat jy more kan opstaan met kanker, of 'n hartaanval kry, of dat jou besigheid bankrot kan speel deurdat een van jou vername kliënte nie hulle rekening kan betaal nie? Of dalk besluit die bank net dat hulle jou oortrokke fasiliteit herroep.

Jy moet eers by die besef kom soos wat Job moes kom, dat hy nie vir die HERE kan voorskryf of self iets doen nie. Wat leer ons van Jeremia. Jeremia 13:23 *"Kan 'n Kusiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen."* So net so min as wat ek beheer het oor die kleur van my vel of 'n luiperd oor sy kolle, net so min beheer het ek oor wie en wat ek is in die lewe. Indien ek met 'n baie hoë intelligensie geseën is, moet ek besef dat dit 'n seëning is, en nie dit gebruik om myself hoër as ander te ag nie. Dit is die mense waarmee die HERE kan werk. Hulle wat totaal en al van hulself gestroop is. Wat in die oggende opstaan en vra waarvoor hulle vandag gebruik kan word. As jy nog nie by die punt in jou lewe uitgekom het nie, vra die HERE dat Hy vir jou sal wys waar jy nog aan moet werk. Maar weet jy, die maklikste is om Jesus te volg.

Ons dink altyd die kruis is net 'n plek waar Jesus gesterf het. Maar weet jy dat as jy sy dissipel is, jy ook by die kruis moet uitkom. 'n Dissipel doen wat sy leermeester doen. Jesus was gekruisig. Het jy al jou lewe by die kruis neergelê? Jou beklee daarna met Sy lewe? Dit is wat jy moet doen. Dan sal jy Sy nederigheid weerspieël. Dit is wat die Bybel ons leer.

Al hierdie woorde en begrippe kan saamgevat word in een woord: Gehoorsaamheid. Dit is wat Jesus kom doen het, en toe het die Vader Hom verhoog.

## HOEKOM GEHOORSAAMHEID?

Deuteronomium 12:28 *"Luister sorgvuldig na al hierdie woorde wat ek jou beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed kan gaan tot in ewigheid, as jy doen wat goed en reg is in die oë van die HERE jou God."*

1 Samuel 15:22 *"Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme."*

Romeine 6:16 *"Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie óf van die sonde tot die dood, óf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"*

Dit is hoe ek Sy aandag kry. Deur my te voeg by die gehoorsames, die wat doen wat die HERE van ons verwag, die nederiges, die wat verstoot is. As ek hierdie gesindheid openbaar, sal ek Sy aandag kry. Dan sal die evangelie ook vir my oopgaan, sal ek besef dat ek maar ‘n baie kort rukkie op aarde lewe, maar sal dit ook vir my duidelik word dat hoe ek hier lewe, bepaal waar ek ‘n ewigheid sal spandeer. Dit is die prys wat ons almal so graag wil hê.

## Wat is die prys wat ons as oorwinnaars sal ontvang?

Die prys wat ons dan ontvang is waarvan ons vroeër geleer het in Esegiël : *"Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is!"* Dit is wat die Bybel verklaar. Dan sal ons saam met Hom wees in hemelse plekke. Maar dit is nie al wat hierdie ingesteldheid vir my beteken nie. Ons lees in Openbaring van heelwat beloftes wat bestem is vir die wat oorwin. Kom ons kyk daarna.

Die beloftes is seker een van die gedeeltes in die Bybel wat ons almal seker die meeste van wil weet. Vir baie mense is dit al waaroor dit gaan. Maar, ongelukkig, soos ons in die vorige gedeelte geleer het, is dit slegs oorwinnaars wat die pryse gaan ontvang. Ek kan nie verwag om 'n prys te kry as ek nie aan die wedloop deelgeneem het nie. Dit is waarvan Paulus skryf in Filippense 3 vers 14 ; "*Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*

So hoe lyk hierdie verskillende pryse?

---

### Openbaring 2:7

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is."*

Dit mag dalk vir jou snaaks wees om te lees dat ons sal eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys is. Is dit nie dieselfde boom wat die val in die paradys veroorsaak het nie? Nee, daar was twee bome. Die een wat die val veroorsaak het was die boom van kennis van goed en kwaad. Dit is die boom wat gemaak het dat Adam en Eva die verskil tussen goed en kwaad geweet het. Dié een, is die boom van lewe. Nou sal ons eet van die boom van die lewe en sal die boom ons voed met hemelse voedsel, dit wat ons nog nader aan die Vader sal bring.

Waar is die paradys? Wat het van die paradys geword? Word die paradys nog steeds beskerm deur die gerubs? Het u al ook oor die onderwerpe gewonder? As ons na die Bybel kyk, lyk dit nie vir ons of daar juis veel weer daarna daaroor gesê word nie. Maar tog weet ons dat dit iewers nog moet bestaan. Jesus het mos vir die persoon aan sy regterhand gesê terwyl hulle al twee aan die kruis gehang het dat hy saam met Jesus in die paradys sal wees.

Maar nie net sal ons in die paradys wees nie, ons sal eet van die boom wat binne in die Paradys is. Maar wat beteken al hierdie begrippe? So hoe verklaar ek die skrifgedeelte?

Die Paradys word ook vir ons beskryf in die boek Henog wat in die vierde eeu uit die Bybel gelaat is omdat daar besluit is dat slegs een boek wat handel oor die eindtyd van die wêreld, in die Bybel nodig was. Die boek is ook deur verskeie skrywers in die Bybel aangehaal, onder andere Jesus, Petrus en Jakobus. Henog is ook dié een persoon saam met Elia waarvan ons in die Bybel van leer wat lewend in die hemel opgeneem is.

Maar wat leer ons uit Henog? Die boom van die lewe word vir ons beskryf in hoofstuk 24 en 25 van die boek van Henog. Die gedeelte word volledig aangehaal aangesien min persone toegang tot die boek het of besit.

*"Henog 24:4 Tussen hulle was 'n boom soos wat ek nog nooit geruik het nie, daar was geen ander bome soos hy en hy was soos geen ander nie: Dit het 'n geur gehad verhewe bo alle geure en sy blare en blomme en hout verwelk tot in ewigheid nie: en sy vrugte was pragtig, en sy vrugte*

*het gelyk soos die dadels van 'n palm. 5 Toe het ek gesê: Hoe pragtig is hierdie boom, en geurig en sy blare is mooi en sy blomme 'n vreugde in voorkoms. 6 Toe het Migael geantwoord, een van die heilige en geëerde engele wat saam met my was, en hy was hulle leier. Hoofstuk 25:1 En hy het vir my gesê: Henog, hoekom vra jy my omtrent die geur van die boom, en waarom wil jy die waarheid weet? 2 Toe het ek hom geantwoord en gesê: Ek wil alles weet, maar veral oor die boom. 3 En hy het geantwoord en gesê: Hierdie hoë berg wat jy gesien het wie se kruin is soos die troon van God, is sy troon, waar die Heilige, Almagtige God van heerlikheid, die Ewige Koning sal sit wanneer Hy sal afkom om die aarde met goedheid te besoek. (vgl. Dan 7:13-14; Luk 1 32-33). En wat die geur van die boom betref, geen sterfling mag dit aanraak voor die dag van die Groot Oordeel wanneer Hy op almal wraak sal neem en vir alles vir ewig tot voleinding sal bring nie. Dan sal dit aan die regverdiges en die heiliges gegee word. 5 Sy vrugte sal voedsel wees vir die uitverkorenes: dit sal uitgeplant word in die heilige plek, in die Tempel van God, die Ewige Koning. 6 Dan sal hulle van vreugde jubel en met blydskap vervul wees. En hulle sal by die heilige plek ingaan; en die geur daarvan sal in hulle beendere wees, en hulle sal 'n lang lewe op aarde leef, soos hulle vaders geleef het: en in hulle dae sal geen droefheid of plaag, of kastyding of ramp hulle aanraak nie."*

Dit is hoe Henog vir ons die boom beskryf. Maar hy het ook in die Openbaring van Henog die Paradys beskryf. *"Hoofstuk 5:1 En die manne het my daarvandaan weggeneem en het my boontoe gelei na die derde hemel en my daar in die middel van die Paradys neergesit: 2 en daardie plek was mooier as enigiets wat daar te sien is - al die bome het gebot, al die vrugte is ryp, elke soort voedsel was altyd in oorvloed, elke briesie welriekend. 3 En daar was vier riviere wat in stille gang verbygevloei het. Die hele tuin was goed, en het voortgebring wat goed is om te eet. 4 En die boom van die lewe was in daardie plek waar God rus wanneer Hy na die Paradys gaan; en die kwaliteit van die aroma van daardie boom was onbeskryflik - en dit was meer as 'n sieraad vir alle bestaande dinge; en van alle kante het dit in voorkoms gelyk soos goud en skarlakenrooi soos vuur, en dit het alles bedek en alle soorte vrugte geproduseer. Sy wortel is in die tuin aan die einde van die aarde. En die Paradys is tussen die bedorwenheid en onbedorwenheid. En daar is twee fonteine waaruit heuning en melk voortkom en hulle fonteine bring wyn en olie voort, en hulle verdeel in vier dele en gaan op 'n stille koers, en gaan af in die PARADYS VAN EDEN tussen bedorwenheid en onbedorwenheid. En vandaar gaan hulle met die aarde langs voort en het 'n ommekeer in hulle kringloop soos die ander elemente, daar is driehonderd engele wat die tuin in stand hou en met voortdurende soet gesang en met nimmerswyende stemme God dien al die dae en ure. 5 Daar is nog 'n boom daar naby, 'n olyf wat onophoudelik met olie vloei. 6 En elke boom is oortrek met goeie vrugte, daar is nie 'n boom sonder vrugte nie: en die hele plek is geseënd. 7 En die engele wat die Paradys bewaak, is die mees wonderbaarlikes en hulle dien God sonder ophou met ononderbroke stem en soet sang. 8 En ek het gesê: Hoe geseënd is hierdie plek nie! Die manne het my geantwoord:* ***Hierdie plek, Henog, word voorberei vir die opregtes wat in hulle lewe swaarkry moes verduur, 9 wat hulleself kasty en hulle oë afgewend het van die onregverdigheid en ware regverdige oordeel gespreek het, en wat brood gegee het aan die verhongerdes, en die naaktes met klere bedek het, 10 wat die struikelendes orent gehelp het, en diegene behulpsaam was teenoor wie kwaad gepleeg is, wat hulle lewens voor die aangesig van God geleef en Hom alleen gedien het. 11 Vir hulle word hierdie plek toeberei as hulle ewige erfdeel."***

Ek is bewus daarvan dat die twee gedeeltes redelike lang aanhalings is, maar ek vertrou dat dit vir u lig sal werp op waar die Paradys is en hoe die boom van die lewe daar uitsien. Dit is nogal

interessant dat die einde van die gedeelte afgesluit word met dieselfde belofte as wat Jesus belowe in Mattheus 25 vir die regverdiges, en wat Jesaja vir ons geleer het in hoofstuk 58.

## OPENBARING 2:11

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."*

Wat beteken die tweede dood? Dit is die ewige dood. Die dood waaruit jy nooit weer opgewek sal word nie. Dit is die dood saam met Satan en sy engele, in die ewige poel met vuur. Ons vind dit in Openbaring 20 vanaf vers 11: *" ¶ En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. 12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. 13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood."* Nie iets om na uit te sien nie. Gelukkig is ons oorwinnaars, en sal ons vry kom van die tweede dood.

## OPENBARING 2:17

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang."*

Hierdie vers het twee beloftes. Die eerste een bepaal dat ons sal eet van die verborge manna. Manna was die voedsel waarmee die HERE die Israeliete in die woestyn mee gevoed het. Die manna het verwys na die brood van die lewe, Jesus Christus. So ons sal nie ‘n tekort hê van wat Jesus belowe het nie, want hyself staan in vir ons daarvoor. Hy is ons ewige voedsel.

Die tweede belofte is dat ons ‘n wit keursteen sal ontvang met ‘n nuwe naam daarop wat slegs jy sal weet wat dit is. Het jy al gedink dat jy niks werd is nie? Weet jy dat jy so spesiaal is dat jy ‘n spesiale naam ontvang van die HERE wat net jy en Hy van sal weet? Dit is hoe vernaam jy vir die HERE is. Hy het jou so lief dat Hy vir jou alleen ‘n naam het wat niemand van weet nie. En die wit verwys na jou skoonheid. Die HERE sien nie jou sonde raak nie, maar sien jou skoon gewas in die Bloed van die Lam.

## OPENBARING 2:26

*"En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,"*

Kan jy heers oor nasies? Dit is wat jy gaan doen. Jy sal heers oor nasies wat nie die HERE geken het nie. Maar jy moet Sy werke, dit wat Hy van jou verwag om te doen, tot die einde doen. Die skrifgedeelte kom ook uit Openbaring 20: Vers 4 tot 6. *"4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. 5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. 6 Salig en*

*heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank."*

## OPENBARING 3:5

*"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele."*

Hierdie is seker die een belofte wat meeste van ons ken. Dit is die een wat ons altyd sal onthou, want dit troos my om te weet dat ek die hiernamaals saam met Jesus in die hemel sal vier. Dit gee ook vir ons die versekering dat dit maak nie saak wat teen my ingebring sal word nie, as ek oorwin het sal Jesus altyd my naam voor die Vader bely.

Ons leer in Openbaring van twee boeke. Die eerste een word in hoofstuk 5 oopgemaak en bevat al die oordele wat veroorsaak het dat die mense se name nie in die tweede boek, die een van hoofstuk 20 vers 12, geskryf is nie. So dit is die mense wat hier van gepraat word.

## OPENBARING 3:12

*"Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam."*

Die HERE is op soek na steunpilare, mense wat Hy kan vertrou. Mense wat Hy kan gebruik. Mense wat nie hulle eie nie, maar Sy Woord verkondig. Hulle wat nie nodig is om eers te leer wat dit beteken om kind van God te wees nie, maar iemand wat Hy op kan steun deur dik en dun. Was jy bewus daarvan dat die HERE jou in Sy tempel wil gebruik? Nie net wil die HERE jou as ‘n steunpilaar gebruik nie, maar jy sal nooit uit Sy teenwoordigheid verdwyn nie. Jy sal altyd en vir ewig in die teenwoordigheid van die Almagtige God wees, en Hy sal jou Sy steunpilaar noem.

## OPENBARING 3:21

*"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."*

Jesus soek mense om saam met Hom te heers. Ons gaan nie net raadgewers wees en aan Sy regter of linkerkant sit nie. Nee, ons gaan saam met Hom op die troon sit. Ons gaan Sy eer deel. Meer nog, ons sal saam met Vader op Sy troon sit. Weet jy hoe dit moet wees om as koning op ‘n troon te kan sit? Dit is wat die Bybel hier verklaar. Maar dan moet jy Sy lewe gedeel het.

## OPENBARING 21:7

*"Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."*

Hierdie is seker die beste uitspraak wat enige persoon kan ontvang. Dat jy alles sal ontvang, en dat Jesus vir altyd vir jou ‘n God sal wees, en jy altyd vir Hom ‘n seun sal wees. Iemand wat heeldag gekoester word. Iemand waarmee Hy Sy lewe mee wil deel vir ewig en ewig.

## SAMEVATTING

Wat moet my ingesteldheid wees om as oorwinnaar gereken te word? Gehoorsaam. Ek moet nederig wees, ek moet myself gering ag soos Dawid wat verklaar dat hy sal homself met slavinne reken, as dit kom by die HERE. 'n Gebroke gees, is 'n vredemakende gees, en is bereid om saam met ander te stem. Kontensieuse, ongebroke, hardkoppige persone kan nooit eensgesind wees nie. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!

Ek sluit die gedeelte af met ‘n gedeelte uit Jesaja 66. Hier verklaar die HERE deur Jesaja hoe die aarde ontstaan het, asook wie Hy op sal let. Met ander woorde, wie vir Hom aanvaarbaar is. Vers 2: ***"Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord***.*”*

# Deel 3 - 'n Nuwe teologie bring ek vir julle, die van 'n Nuwe Verbond

'n Nuwe teologie bring ek vir julle. 'n Eeu oue teologie van 'n verbond met Abraham, van Jesus en van geregtigheid. Dit mag dalk vir u soos 'n teenstrydigheid klink, maar ek wil graag die dilemma vir u verduidelik.

Ek het die afgelope twintig of meer jare spandeer om uit te vind wat die regte teologie is soos ek dit verstaan, en om uit te vind wat vir my die regte boodskap van hoop is wat die Bybel verkondig. Dit het my geneem van Calvinistiese gemeentes, na Pinksterkerke, Charismatiesekerke, huiskerke en alles tussen in. Party as lidmaat, ander as leraar, en ander as besoeker, en nog ander na hulle webtuistes.

Wat het ek gevind?

Ek glo aan 'n HERE wat Sy woord gestand hou. Aan 'n eeue ou verbond en belofte aan Abraham, die vervulling deur Jesus Christus wat vir ons die baan weg na 'n verbond van geregtigheid.

Die HERE het my op 'n tog deur die Ou Testament geneem en daarom sal u ook agterkom dat ek baie van die Ou Testament gebruik om standpunte mee te verduidelik, maar daar is 'n spesifieke rede daarvoor. Meeste kere wat Jesus met die mense gepraat het, en wat vir ons opgeteken is, het hy probeer verduidelik hoe die Koninkryk van God werk. Iets wat wel baie min van opgeteken is, is wat Jesus oor Homself gesê oor wat die profete en Moses oor Hom geleer het wanneer Hy en die dissipels alleen was. Tog vind ons in Lukas 24 drie gedeeltes, wat alles handel oor hierdie een waarheid wat ontsettend belangrik is, en waaruit ons baie kan leer.

Hier dan die drie gedeeltes: *"En sommige van die wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue ook gesê het; maar Hom het hulle nie gesien nie. En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie? En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het".* (Luk 24:24-27). *"En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle. Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn. En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?"* (Luk 24:30-32). *"En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder."* (Luk 24:44-47)

Die laaste gedeelte wat ek graag aanhaal is wat Paulus vir ons hieroor geskryf het, en kom uit 2 Korintiërs 3: *"Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê*

*daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid."* (2Co 3:12-17)

## WAT BEHELS HIERDIE VERBOND?

Vir my moet ons begin by Abraham, die vader van alle gelowiges. Ons moet onthou Abraham het agt seuns gehad. Die oudste was Ismael, daarna Isak, en daarna nog ses seuns. *"En Abraham het weer 'n vrou geneem met die naam van Ketúra. En sy het vir hom Simran en Joksan en Medan en Mídian en Jisbak en Suag gebaar"* . (Gen 25:1-2) Die Bybel leer ons oor een seun se toekoms waarmee die HERE 'n spesiale verbond mee gesluit het, die van Isak. "*Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar."(*Gen 17:21) Ismael en die ander seuns leer ons nie van in die Bybel nie, maar tog was hulle uit die nageslag van Abraham.

Behoort net Israel as nasie dan aan die HERE? Nee. *"Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte van nasies word. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies. En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees. Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag."* (Gen 17:4-9)

In Efesiërs 2 leer ons die volgende: "*Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.* (Eph 2:11-22)

In Genesis 14 leer ons ook van iemand anders. *"En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles."* (Gen 14:18-20) So voor Isak was daar al ander nasies wat ook die HERE gedien het. Israel word vir ons as voorbeeld voorgehou soos in 1 Korintiërs 10 in die Bybel vir ons uitgelig word. *"Maar al*

*hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."*(1Kor 10:11)

Die eerste verbond met Abraham, is gevier met nagmaal tussen Abraham en Melgisedek, waar Melgisedek die wyn en die brood gebring het. Nou lees ons in Hebreërs die volgende: *"So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs— Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;"* (Heb 5:5-10)

Wat beteken dit? Melgisedek was 'n priester van die HERE en deur die HERE self aangestel. Hy het nie uit 'n stam gekom wat priesters was soos die Leviete nie, om die waarheid te sê was hy nie eers enigsins aan Abraham verwant nie. Nou kom Jesus en word hy weer aangestel volgens die orde van Melgisedek, met ander woorde, deur die HERE self aangestel. Daarom ook dat Jesus weer die Nagmaal instel met brood en wyn, soos dit gevier is deur Abraham en Melgisedek. Verder was Melgisedek ook koning, en so word Jesus dus ook as koning van God se volk aangestel.

Maar wat is die verbond wat die Bybel van praat wat die HERE met Abraham aangegaan het? Kom ons kyk na 'n opsomming van die verbond. Die eerste punt wat ek wil maak is dat daar voordele en nadele in 'n verbond is. 'n Verbond het altyd twee kante, die een kant leer ons wat sal gebeur indien ons by die verbond hou, en dan die anderkant wat sal gebeur indien ons dit nie doen nie. Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van Deuteronomium 30 vanaf vers 15: *"Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee."* (Deu 30:15-20)

Die laaste gedeelte is vir my ontsettend belangrik. Ek moet kies om my kant van die verbond te hou, dan sal die HERE Sy kant hou. Die vermoë om te kies is al aan ons gegee in Genesis 3:22 *"Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken."* Indien jou Bybel nie so sê nie, is dit omdat die vertalers dit verander het in die nuwe vertaling om by hulle dogma in te pas. En verder is dit die enigste vertaling wat dit so stel. Geen van die Engelse of ander vertalings stel dit soos dit in die nuwe verdwaling gestel is nie. Die mens het as deel van die sondeval die vermoê verkry om te weet wat is goed en wat is kwaad.

So my hele lewe gaan dus oor keuses, keuses wat of goeie gevolge gaan hê, of wat kwade gevolge gaan hê.

## STAPPE VAN VERBOND

Nou, met die tweede punt wil ek graag kyk wat die stappe van 'n verbond is. Dit word volledig vir ons beskryf met die uittog van Israel uit Egipte na die land Kanaän. Dit is immers wat die HERE vir Abraham beloof het waar sy nageslag hulle sal vestig. Dit is dan ook my rigtingwyser vir vandag, aangesien ek ook in Kanaän wil uitkom. Die enigste verskil is Israel het die fisiese tog gemaak, terwyl ons vandag die geestelike tog kan meemaak om by ons Kanaän uit te kom. Dit is die plek wat die HERE vir my bestem het. Ek sal eers beskryf wat Israel moes doen, en dan volg wat dit vir ons as Nuwe Verbondsgenote moet doen en wat dit beteken.

Maar hoekom het die HERE hulle uit Egipte laat trek? *"En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken."* (Exo 2:23-25) *"En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete. En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van Israel het tot by My gekom. Ook het Ek die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk."*(Exo 3:7-9)

## 1. BESNYDENIS

Verbond voor Christus: Besnydenis van die voorhuid. Dit moes hulle herinner dat hulle deel is van God se uitverkore volk. *"Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Dit is die insetting van die pasga: Géén uitlander mag daarvan eet nie. Maar elke slaaf wat 'n man met geld gekoop het, dié moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie. In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie. Die hele vergadering van Israel moet dit hou. En as 'n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos 'n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef"*. (Exo 12:43-49)

Verbond met Christus as Lam: Besnydenis van die hart. Alle mense word in Egipte gebore, 'n lewe sonder die HERE, 'n lewe waar ek onder die gesag van Satan(Farao) staan. Soos Israel moet ek uitroep na die HERE om my te bevry van Egipte. So my optrede moet verander. Ek moet besef dat ek niks kan doen om myself te red nie. Ek moet glo dat Jesus alles gedoen het om die verhouding tussen my en die Vader te herstel. Ek moet besef dat ek 'n sondaar is en dat ek verlore sal gaan as ek volhou om my eie lewe te lei. Ek moet tot bekering kom. Ek moet soos 'n kind van die HERE optree. Ek moet die liefde van die HERE volgens 1 Johannes 3 begin uitleef op aarde. My optrede moet die bewys wees dat ek kind van God is. Geen uitwendige besnydenis is nodig nie. Maleagi 3:18*: "Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die*

*goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie"*. Jer 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees"*.

*"En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle verfoeisels en hulle gruwels aan loop—hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek die Here HERE."* (Eze 11:19-21)

Kolossense 2:9 *"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; 10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; 11 in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, 12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het"*.

Wat sê Paulus oor ons as onbesnedenis na die vlees: *"Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." (Rom 3:29-31) maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God."* (Rom 2:29)

## 2. Brood

Verbond voor Christus: Brood sonder suurdeeg moes geëet word. Suurdeeg was 'n teken dat jy opgepof was en dat jy sonde gehad het. So hulle brood moes wys dat daar nie sonde was nie. Ons vind die volgende skrif in Korintiërs: *"Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid."* (1 Kor 5:6-8)

Verbond met Christus as Lam: Jesus is die brood van die lewe. Hy kon geen sonde hê nie, want Hy is ook God. *"Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee."*(Joh 6:49-51) *"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam."* (Mat 26:26)

## 3. Lam slag

Verbond voor Christus: Hulle moes 'n lam slag en eet. *"Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoond is om te eet,*

*moet julle die getal op die lam bereken. Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand."* (Exo 12:3-6)

Verbond met Christus as Lam: *"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers".* (Open 5:6-10)

## 4. Bloed van die Lam

Verbond voor Christus: Hulle moes die bloed aan die deurposte smeer. Dit het beteken dat die dood by die huis verby gegaan het. Exo 12:12-13: *"Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie."*

Verbond met Christus as Lam: Ons moet onder die bloed van Jesus kom. *"Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."* (Mat 26:27-28) So indien ek nagmaal gebruik sal die doodsengel my nie kan aanraak nie, en verkry ek die ewige lewe.

## 5. Waar was die wet?

Verbond voor Christus: Wet op kliptafels geskryf soos opgeskrywe in Eksodus 20. Moses beskryf die gevolge ook daarvan verder: "*En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is. En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het.*" (Deu 6:22-25) So hul geregtigheid was uit onderhouding van die wet.

Verbond met Christus as Lam: Wet op die hart geskryf. Jer 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* Die Hebreërs skrywer druk dit as volg uit: *"Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* (Heb 8:10) *"Kyk, daar*

*kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID".* (Jer 23:5-6) So ons geregtigheid is Jesus as verlosser.

## 6. OP WIE WAS DIT VAN TOEPASSING?

Verbond voor Christus: Beide Israel en buitelanders. Eks 12:49 *"Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef. Eks 12:38 En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en kleinvee en beeste—'n groot hoeveelheid vee."* So selfs in Moses se tyd was vreemdelinge deel van die verbondsvolk. Dit bevestig ook wat die HERE vir Abraham beloof het. *"Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies"*.

Verbond met Christus as Lam: Daar is geen verandering nie. Want dit is nie nodig nie. Daar was reeds vir ons voorsiening gemaak. Jesus het net dit kom volbring wat nodig was sodat Hy dit wat op Hom gewys het gedoen het en alle sonde op Hom kon neem en ons in die regte verhouding met die Vader geplaas. Dit geld vir elke persoon wat glo dat Jesus die Lam is, Israel en vreemdeling. Nou kan ons in die geregtigheid van Jesus lewe, want Hy is ons geregtigheid. Soos Jeremia dit stel: *"In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID."* Jer 33:16 Wanneer ons Sy geregtigheid besit dan kan ons met vrymoedigheid na die HERE gaan : *"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."* Heb 4:16.

## GEREGTIGHEID

Paulus beskryf Jesus se geregtigheid as volg: *"Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."* (Rom 10:3-10)

Wanneer word ek dus deel van die Verbond met Christus as Lam? Met Nagmaal, soos in Israel se tyd met die pasga. So dit beteken ook dat geen onbesnedene mag deel hê aan die nagmaal nie, aangesien die nagmaal die bewys is dat ek my lewe prys gegee het, en 'n lewe kies wat ek in gehoorsaamheid aan die Vader sal leef.

Wat sê die Nuwe Testament daaroor? Wanneer sal ek oorwin en hoe oorwin ons? *"En hulle het hom(Satan) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie"*. Openbaring 12 vers 11.

Wat is die ooreenkoms met die verbond voor Christus?

Met die bloed van die Lam (Bloed aan die deurposte)

Woord van hulle getuienis (Besnyding)

En hulle het tot die dood hulle lewe nie liefgehad nie. Ons moet ons kruis elke dag opneem en sterf aan ons eie wil. *“En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red”* (Luk 9:23-24)

So is dit met ons as kinders van die HERE. Ons almal word deel van die verbond wanneer ons besluit om Hom te volg en ons lewe neer te lê. Ons almal wat die Bybel ken volg Israel en die pad wat hulle moes neem tot in Kanaän, omdat dit die voorbeeld is wat vir ons opgeskrywe is en wat ons stap vir stap kan navolg. Dit is ook die land wat aan Abraham as ‘n ewige besitting gegee is. Na ons dood gaan ons almal, al Abraham se nageslag, leer om die HERE te dien vir wie Hy is, en om eendag saam in die Nuwe Jerusalem te kan woon. *“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.”*(Jes 2:3, Miga 4:2)

Dit is ook die eerste stap wat die Heilige Gees in elke persoon op aarde kom doen. *“Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.”* (Joh 16:7-11)

So alle persone het die vermoë om te kies aangesien die Bybel onomwonde bevestig dat die Heilige Gees gekom het om die wêreld te oortuig van sonde, en te leer wat geregtigheid is. So sal almal wat die lewe kies, gered word. *“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie”*(Joh 3:16-18)

Ons moet dus glo dat Jesus die volmaakte offer vir sonde was, en dat ons slegs deur dit wat Hy gedoen het vir ons, die reg het om kinders van God genoem te word.

Indien u nie die HERE kies in hierdie lewe nie, so u glo nie dat die enigste weg na die Vader Jesus is nie, sal u skuldig staan by die wit troon oordeel. *“En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.”(*Open 20:5). *“En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en ‘n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.”*(Open 20:11-15)

Wat beteken Jesus se verbond van geregtigheid dus?

Die definisie wat ek daaraan wil gee is as volg:

Die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons ‘n oorvloed van die gawe van geregtigheid ontvang. En dit is wat Jesus kom doen het.

## Watter stappe volg dan na die Verbond?

Ons moet uit Egipte trek, deur gedoop te word. Dit is waar die krag van Satan, in Israel se tyd, die Farao, gebreek word in jou lewe, en jy jou onder die heerskappy van die Vader plaas. Hier verlaat jy die gebied waaroor die Satan heers, en hoef jy nie meer bakstene te maak om Satan se koninkryk uit te brei nie. Na die doop het die sonde nie meer mag oor jou nie. *"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"* (Rom 6:11-16)

Soos Israel moet ons ook die doping in die Heilige Gees ontvang. *"Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van die Gees wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie. Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad; en die Gees het op hulle gerus—hulle het behoort by die wat opgeskrywe was, hoewel hulle nie na die tent uitgegaan het nie—en hulle het in die laer geprofeteer. Toe hardloop 'n seun en vertel dit aan Moses en sê: Eldad en Medad profeteer in die laer. En Josua, die seun van Nun, die dienaar van Moses van sy jeug af, antwoord en sê: My heer Moses, belet hulle dit! Maar Moses sê vir hom: Ywer jy vir my? Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee!"* (Num 11:25-29)

Hoe het Jesus dit gestel: *"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie."* (Joh 7:37-39)

By Sinai gaan ons tyd spandeer om die wet van die HERE in ons harte te ontvang. Hierdie is die leer gedeelte van ons lewe waar ons sal uitvind wat is reg en wat is verkeerd vir die HERE, en dit is wat ons plaaslike leraar moet doen. Dit is wat met Israel by Sinai gebeur het. Gedurende die tyd sal die HERE Homself openbaar vir wie Hy is. Hy sal vir ons bonatuurlik sorg soos vir Israel van ouds met brood en vleis, kwartels en manna.

Sodra ons opleiding verby is, sal ons 'n roeping ervaar om in Kanaan te gaan. Dit is die tyd wanneer ons oorgaan van die sesde dag na die sewende dag van die HERE, wanneer ons besef dat niks wat ons kan doen ooit sal maak dat ons in die Koninkryk van God sal kan ingaan nie, maar slegs geloof in Jesus Christus. Dit is waarvan ons in die Hebreërs boek lees in hoofstuk drie en vier: *"Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat*

*dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie."* (Heb 4:1-11)

Onthou net dat 'n persoon nie moet wag om in die HERE se rus in te gaan nie, want elke dag is vandag. Ek kan nie uitstel en sê ek sal dit more doen nie, want die Bybel sê duidelik vandag as jy My stem hoor. Ons almal het 'n roeping, en dit is om mense dissipels te maak, om Jesus se beeld uit te straal. Sommige persone sal die oproep aanvaar en Kanaan ingaan, terwyl die res sal sterf in die woestyn. Dit is die verskil, die sesde dag is in die woestyn alhoewel jy gedoop is, maar die sewende dag is die rusdag en Kanaan, dit waar die HERE wil hê dat ek en jy moet ingaan.

Die meeste mense wat in Kanaan ingaan sal glo dat hulle 'n koning moet dien soos Israel. ('n Koning is iemand wat oor jou sal heers en mag 'n geestelike vader wees of selfs jou kerkverband.) Die eerste boek van Samuel doen verslag as volg: *"Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie. Soos al die werke wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het—so doen hulle ook met jou. Luister dan nou na hulle: jy moet hulle net ernstig waarsku en hulle die reg van die koning meedeel wat oor hulle sal regeer."* (1Sa 8:7-9)

Meeste van die mense wat in Kanaan ingaan, sal sterf terwyl hulle hierdie koning dien, terwyl 'n oorblyfsel geroep sal word om in ballingskap te gaan. *"En aan hierdie volk moet jy sê: So spreek die HERE: Kyk, Ek hou julle die weg van die lewe voor én die weg van die dood: hy wat in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard of die hongersnood of die pes; maar hy wat uitgaan en oorloop na die Chaldeërs wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom 'n buit wees."*(Jer 21:8-9)

## Ballingskap

Wat is dit dan met ballingskap? Kom ons kyk na 'n paar verse en verklarings oor ballingskap. Die eerste is die fisiese ballingskap. In die Bybelse tyd is die verloorder in 'n oorlog altyd in ballingskap weggevoer na die oorwinnaar se land toe. Die verloorder het al sy roerende bates verloor en moes die oorwinnaar se slaaf word. Wanneer iemand dus in ballingskap gegaan het, is sy hele huis se meubels, sy skoene, sy staf ensovoorts, na buite gedra en dan het die persoon vertrek. Al wat agter gebly het was sy huis. Wat is die betekenis vir ons vandag? Ek moet die oorlog teen die HERE verloor, sodat ek Sy slaaf kan word, en weggevoer kan word na Sy land, Sy Kanaän. Ek moet my hele vertroue in Hom plaas sodat ek soos 'n slaaf ten volle van Hom afhanklik moet wees vir dit wat ek moet doen en dit wat ek nodig het om te oorleef. Hy moet soos in die tye van ouds vir my sorg vir huisvesting en vir die daaglikse voedsel. Hy het duur betaal vir

my, met Sy bloed. U sien Hy het die dood wat vir my bestem was, oorwin, maar dit het Sy lewe gekos. So vir my beteken dit dat ek fisies my lewe by die kruis moet gaan neerlê, en my onderdanig aan Hom stel, sodat Hy vir my kan sorg. So sal ek dan tot die besef kom dat alles wat ek het, en alles wat ek is, net genade is en van die HERE afkomstig is.

Die tweede gedeelte, oor ons geestelike ballingskap, kom uit Jeremia 48 vanaf vers 11 : *"Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie."* Hierdie gedeelte het my vir maande gepla, aangesien ek dit regtig nie kon uitpluis nie. Wat die HERE egter hier vir ons wil leer, is dat ons die mense probeer beïndruk met hoe skoon ons is, maar sodra iemand aan ons karring, kom al die onreinheid skielik te voorskyn. Ek moet dus toelaat dat die HERE eers nadat ek Sy slaaf geword het, my van vat na vat sal skei van dit wat vuil is in my lewe. Indien ek dit nie doen nie, verander my geur aanhoudend aangesien ek die afsaksel se geur aanneem. Ek moet my dus self ledig van alles wat my lewe vuil maak en my besmet.

Hierdie skoonmaak proses is ook nie iets wat skielik kan plaasvind nie, aangesien ek tyd moet toelaat vir die afsaksel om weer op die bodem te gaan lê voordat ek weer afgegooi kan word. Dit is ook nie 'n proses wat op jou afgedwing word nie. Jy moet self besluit om deur hierdie proses te gaan om introspeksie te hou in jou lewe sodat alles wat nie reg is in jou lewe, verwyder kan word.

Daar was wel van die Israeliete wat gesê dat hulle in Jerusalem wou bly, want dit help nie om weg te hardloop nie, al was hulle beleër. Die antwoord wat die HERE vir hulle gehad het, was dat die wat in Jerusalem sou bly, sou sterf, of deur die hongersnood, of deur die pes, of deur die swaard. So as u wil weet of u in die groep val, is daar 'n paar vrae wat vir u 'n antwoord sal verskaf. Die eerste vraag is of u nog iets by u gemeente leer? Kan u 'n nuwe bekeerling leer aangaande al die vereistes wat daar is om te verseker dat hy 'n kind van die HERE is? Weet u presies wat die leerstelling van handoplegging behels, hoe dit gebruik moet word en of dit nog van pas is? Dit is wat gebeur wanneer ons tevrede raak met ons stand as Christene. Ons hou op om te leer, en sodoende sal ons sterf aan hongersnood. Wat het u die afgelope jaar geleer?

Die tweede vraag, en dit is die rede wat Jeremia vir die mense gee, is dat hulle sal sterf aan die pes. Hoe weet ek of ek die pes het? Die pes hier beteken vir ons dat ons verklaar dat ons groep alles reg doen en dat ons seker is dat almal wat aan ons groep behoort, die ewige lewe sal beërwe. U sien ons hou nie van introspeksie nie, want dit beteken dat ek die goed wat ek nie mee tevrede is in my lewe, weer in die oog moet kyk. Dit beteken ook dat ek die vraag moet vra of elke beginsel wat ek aan vashou, Bybels is.Hoeveel gewoontes en beginsels het u wat dalk nie in die Bybel gevind kan word nie? Ek besit ook die pes as ek verklaar dat die mense maar kan aangaan met al hulle waarskuwings en debatte, want hulle sal ook eendag "bykom". My lewe is mos heel goed, en ons moet ook nie 'n "te" by alles sit nie. Dit is die groep wat Jeremia verklaar sal sterf van die pes.

Die derde rede hoekom hulle sal sterf is deur die swaard. Wie is die groep dan? Dit is die groep wat besluit dat hulle nie in die eerste twee pas nie, en hulle dus onttrek van hulle gemeente en mede Christene. Hulle wil soos in Jeremia se tyd uit Jerusalem gaan en in die naburige dele gaan woon. Maar Esegiël het ook verklaar dat hulle sal sterf deur die swaard as hulle uit die stad uitgaan. Weet u ons kan nie sonder mede Christene klaar kom nie? Indien ons dit probeer doen

is dit dan dat ons na die Bybel gryp en allerhande snaakse leerstellings mee kom, wat uiteindelik ons dood beteken. Die Woord van God is die swaard wat ons sal oordeel.

Dan is daar ook die mense wat aangedring het om na Egipte terug te keer. In die geskiedenis het hulle Jeremia saam met hulle terug geneem, maar weet u, hulle het nooit weer die geleentheid gekry om terug te keer na Jerusalem nie. *“Daarom, so sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Kyk, Ek rig my aangesig teen julle ten kwade en om die hele Juda uit te roei. En Ek sal die oorblyfsel van Juda wegneem, wat hulle aangesig gerig het om na Egipteland te trek, om daar as vreemdelinge te vertoef; en hulle sal almal in Egipteland omkom. Deur die swaard sal hulle val, deur die hongersnood sal hulle verteer word, groot sowel as klein; deur die swaard en die hongersnood sal hulle sterwe; en hulle sal ‘n voorwerp van verwensing, van verbasing en van vervloeking en smaad word. En Ek sal besoeking doen oor die wat in Egipteland woon, soos Ek besoeking gedoen het oor Jerusalem deur die swaard, die hongersnood en die pes; sodat daar geeneen sal wees wat ontvlug of vryraak vir die oorblyfsel van Juda wat in Egipteland gekom het om daar as vreemdelinge te vertoef nie, dat hulle kan teruggaan in die land Juda waar hulle siel na verlang om terug te gaan, om daar te woon; want hulle sal nie teruggaan behalwe enkele vlugtelinge nie.”(Jer 44:11-14)* Die enkele vlugtelinge wat wel kon terugkeer was Jeremia en Barug se mense aangesien hulle gedwing was om na Egipte te gaan. Hulle is later deur Nebukadnésar na Babilon geneem toe hy Egipte beset het. So ek kan nie terugkeer na my vorige lewe van Egipte nie, want dan sal ek die tweede dood van Openbaring sterf. Dit is hoe ons dit in Hebreërs lees: *“Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.”* (Heb 6:4-6)

U sien die HERE vra ons om uit te kom onder die heerskappy van ons aardse "koning", of in ons geval ons gemeente of kerk groep, en dat ons nie moet vertrou op ons lidmaatskap van 'n gemeente om sodoende die ewige lewe te beërf nie. Nee, ons moet ons losmaak van die gedagte dat lidmaatskap ons kan red, en ons skaar by die Kerk wat Jesus bou. U sien Hy is nie besig om 'n klomp bruide voor te berei nie, nee Hy wil een bruid hê, maar sy moet skoon en heilig voor Hom kan staan. Dit beteken nie dat ek my lidmaatskap van my gemeente moet opsê en nou kerkloos rond te loop nie. Nee, ek moet my vertroue alleen op die HERE stel, dit is wat gevra word. Verder word van ons verwag om soos 'n Daniël en sy vriende die regering tee te staan as hulle allerhande verkeerde norme op ons wil afdwing. Daniël het nie gehuiwer om in die openbaar te bid nie. Hy het geweet dat die aardse gesag nie die opperste gesag is nie, maar dat slegs die HERE enige gesag mag afdwing.

Die gelowiges van die groep verwag nie net herlewing nie, maar ware hervorming, of ballingskap. Wat is die verskil tussen die twee begrippe? Herlewing vir my beteken dat ek net moet gaan soek na dit wat lewe bring, en dit dan verkondig. Indien daar lewe was by iemand, sal dit weer die lewe laat vlam vat. Hervorming aan die ander kant beteken dat ek ontslae raak van dit wat nie van die HERE is nie, en ‘n nuwe lewe begin. Dit is dan ook hoekom die HERE die term van ballingskap gebruik, want ek moet van my afsaksel geskei word.

Hoe weet ek dit is waar? Dieselfde vraag as die een in Jeremia word in Openbaring gevra. Openbaring 18:4 *"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie”.*

U sien as u nie in ballingskap gaan nie, is u besig met godsdiens. En godsdiens is dieselfde as hoerery, en dan is ons deel van die hoer van Openbaring 18. Ek weet ek wil, en ek is seker u wil, deel wees van die Bruid van Christus, daarom moet ek in ballingskap gaan.

Sodra die mense hulle tyd in ballingskap volbring het, sal hulle terugkeer na Jerusalem, die gelowiges, en die ware tempel van die HERE (die Kerk) herstel.

Dit dan ‘n kort oorsig van die eeu oue verbond en wat dit vir ons vandag beteken.

Wat is die gevolge van die verbond op ons huidige teologiese standpunte?

## GEVOLGE VAN DIE VERBOND VAN GEREGTIGHEID VIR ISRAEL

Wat dan van Israel as nasie vandag? Hulle moet ook deel word van die verbond wat met Jesus bekragtig is. Soos ons vroeër al gesien het moet alle mense deel word van die verbond. Die volk Israel van vandag en die land Israel van vandag het NIKS met die Bybel te doen nie. Jesus het self verklaar dat hulle verwerp is, omdat hulle Hom verwerp het. In Matteus kom die volgende gelykenis voor: "*Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig. Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak. Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien. Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen? Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee. Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:33-46)

Lukas het weer 'n ander gedeelte opgeteken: *"En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie."* (Luk 19:41-44)

Dit bewys weereens vir ons dat Israel en sy bewoners, en almal wat die Joodse geloof aanhang wêreldwyd, moet deel word van die verbond met Jesus, om die ewige lewe te beërf. Jesus is die weg en die lewe, Hy alleen. Dit is wat Paulus, Barnabas en al die Apostels verkondig het. Daar is nie 'n ander plan vir hulle nie.

Wanneer ons na die boek van Handelinge kyk, vind ons dat beide Paulus en Barnabas, wat baie mense dink net die heidene bedien het, elke keer wanneer hulle in 'n gebied aangekom het na die Joodse sinagoge toe gegaan het om daar te leer.

Hier dan 'n verkorte lys van die gebeure:

Hand 13:14 *"Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochíë in Pisídië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit."*

Hand 13:42 *"En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. Hand 13:43 En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly."*

Hand 14:1 *"En op dieselfde wyse het hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan en so gespreek dat 'n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het."*

Hand 17:1 *"Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was. Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte Hand 17:3 en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus."*

Hand 17:10 *"Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. "*

Hand 17:16 *"En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. Hand 17:17 Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom. "*

Hand 18:1 *"En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. Hand 18:4 En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig. "*

Hand 18:19 *"En hy het in Éfese aan kom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek."*

Hand 11:25 *"Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochíë gebring. Hand 11:26 En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem."*

So indien Paulus dus 'n geheimenis gehad het dat daar 'n verskil tussen Israel en die Kerk (Christene) is en daar dus 'n wegraping moet wees sodat Christus weer fisies die koning van die Jode moes word, 'n nuwe tempel gebou moes word, en nog 'n klomp ander goeters, dan het hy mos sy tyd gemors om elke keer na die sinagoge toe te gaan en vir die Jode te probeer oortuig dat Jesus die Christus is. Hulle, die bekeerde Jode en Grieke, het dan reeds as Kerk(Christene) bekend gestaan in Paulus se tyd. Dit is ook hierdie selfde Jode wat Paulus gestenig het en gelos het vir dood, en Barnabas van 'n tempel in Cyprus geneem het en hom aan sy nek opgehang het en terwyl hy nog lewend was, hom verbrand het. Om nou te probeer bewys dat die HERE weer vir Christus sal stuur om hierdie mense wat dieselfde stand as enige ander nie gelowige het, te kom red is waansinnigheid en in stryd met die lering in die Bybel.

## GEVOLGE VAN DIE VERBOND VAN GEREGTIGHEID VIR CALVINISME

En wat van Calvyn se uitverkiesings leer? My persoonlike siening is dat sy leer aanklank vind by die persone wat filosofie verkies. Dan kan hulle baie filosofeer oor die saak, en by allerhande slotsomme kom sonder om enigsins by die Bybelse antwoord uit te kom. En dan het Calvyn, soos sovele ander, die voorbeeld van Israel verwerp, want hulle is bang dat die HERE met hulle ook sal doen soos Hy met Israel gedoen het. Ek was eendag teenwoordig toe 'n dominee juis oor Israel as voorbeeld gepreek het, en is hy onmiddelik na die diens aangevat deur van die ouderlinge wat hom summier wou skors uit die gemeente omdat hy dit durf waag het om 'n parallel te trek tussen Israel en gelowiges. So Calvyn het sy hele filosofie en geloofstelsel gebou op slegs die Nuwe Testament en dele wat hy uit die Ou Testament kon gebruik om sy punt mee te bewys. Dit is wat gebeur as jy jou hele leerstellings bou op slegs die nuwe testament, soos die Katolieke, Luther met sy eie gesegdes en haat teenoor die Jode, en sommer 'n hele klomp ander bewegings ook. Onthou net dat beide Luther en Calvyn uit die Rooms Katolieke kerk gekom het, en slegs die gedeeltes van hulle standpunte verander het waarmee hulle nie saamgestem het nie. Die feit dat die apostels en dissipels net die Ou Verbond gehad het om met mense te deel en onderig, is blykbaar nie belangrik nie. Handelinge 17 leer ons juis die volgende: *"Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne.(Hand 17:10-12)."* Ek neem aan die enigste skrifte wat hulle kon ondersoek was die wet en die profete. Wat Calvyn se leer nog verder negeer, is dat hy persoonlik nie juis aan Hebreërs se voorskrifte voldoen nie. Heb 13:7 *"Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na."* Calvyn se eie uitspraak is as volg: *"Honour, glory, and riches shall be the reward of your pains; but above all, do not fail to rid the country of those scoundrels, who stir up the people to revolt against us. Such monsters should be exterminated, as I have exterminated Michael Servetus the Spaniard."* Calvyn aanvaar hier dat hy moord gepleeg het, en ek wil sekerlik nie iemand volg wat 'n self verklaarde moordenaar is en ander aanmoedig om te moor nie. Jesus het ook oor hierdie mense gewaarsku. *"Hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat julle nie mag struikel nie. Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie. Maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat wanneer die uur kom, julle kan onthou dat Ek julle dit gesê het. Maar Ek het julle dit nie van die begin af gesê nie, omdat Ek saam met julle was".* (Joh 16:1-4)

En dan wil hulle nie glo dat jy eers moet besef dat jy 'n verlosser nodig het voordat kan dink om jou lewe neer te lê by die kruis en deel te word van die verbond nie. Met die uittog uit Egipte het die HERE nie die kinders gestraf omdat hulle vaders nie in die beloofde land gegaan het nie. Nee, die Bybel stel dit so: Num 14:29 *"Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en daarbo, julle wat teen My gemurmureer het."* So die kinders moet eers mondig wees voordat hulle uit Egipte kan trek en self verantwoordelikheid neem vir hulle lewe. Baba doop het geen invloed op jou lewe nie en bly jy in Egipte. Dit is hoekom die Calviniste so maklik swig vir versoekings, want hulle staan nog onder die koningskap van die Farao. En omdat hulle nog onder die heerskappy van die Farao staan

maak hulle bakstene vir hom, en bou hulle sy ryk uit. Hulle is wel deel van die verbond, maar dit is een rede waarom hulle nog na die dood eers sal moet leer wie die HERE werklik is. *"En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie."(Zec 14:17-19)* Hoekom die huttefees? Want dit is die fees wat Israel moes vier om hulle te herinner aan die uittog uit Egipte. *"Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE. Op die eerste dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Sewe dae lank moet julle aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan die HERE 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie. Dit is die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan die HERE 'n vuuroffer te bring: 'n brandoffer en spysoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe; behalwe die sabbatte van die HERE en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan die HERE gee. Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees. En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God."* (Lev 23:34-43)

Kinders wat nog nie mondig is nie moet die vader van die huis voor verantwoordelikheid doen by die HERE. *"Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal."* (Gal 4:1-2)

'n Verdere probleem wat ek met Calvyn se standpunt het is dat Jesus nie vir alle mense gestref het nie, maar slegs vir die wat Hy uitverkies het. *"en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie;"* (Joh 16:8-9) Volgens die gedeelte is dit juis die eerste rede waarom die Heilige Gees gekom het, om die wêreld, nie net die sogenaamde "uitverkiestes", te oortuig van sonde sodat niemand met die oordeelsdag kan kla dat hulle nie geweet het nie. So dit vir my negeer Calvyn se standpunt.

Nou moet ek ook erken dat daar tog baie van die leerstellings van die Calviniste baie goed gemotiveerd en Bybels beantwoord word. Oor die eeue heen het daar soos met enige ander begrip ook maar interpretasies gekom wat nie altyd is soos wat beide Calvyn en Luther dit bedoel het nie.

Dan wil ek ook net noem dat vanaf die 1983 vertaling van die Bybel, die teoloë en vertalers, wat ek aanneem meeste met 'n Calvinistiese agtergrond, die begrip van en die woord geregtigheid heeltemal afgewater het of soos in die 2008 vertaling heeltemal verwyder het. Die woord geregtigheid kom 322 keer voor in 305 verse in die 1953 vertaling, en slegs 40 keer voor in die 1983 vertaling.

## Gevolge van die Verbond van geregtigheid vir Dispensasionelisme

Hierdie klomp mense probeer so hard om die Bybel by hulle geloof aan te pas dat hulle met baie snaakse voorbeelde kom, en dan ook uitsprake van Jesus verwerp. Aan die kruis het Jesus gesê "*Dit is volbring"*. Maar hulle glo dat Jesus weer fisies moet kom om Israel te herstel, nadat Jesus alreeds vir hulle vertel het toe Hy op aarde was dat Hy hulle koningkryk weg geneem het. Soos ek vroeër ook aangehaal het: *"Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het".* Die gelykenis gaan nie verder om te kenne te gee dat die Jode weer herstel sal word nie. En ons moet onthou dat dit Jesus is wat aan die woord is, so Hy sou sekerlik dit vir hulle gesê het as dit so beplan was, want Hy is darem God en weet alles.

Dit is juis wat Israel in Jesus se tyd verwag het, hulle het 'n fisiese koning verwag, en nou maak hierdie mense dieselfde fout deur 'n fisiese koninkryk te verwag op aarde.

Ek wil graag 'n gedeelte aanhaal van wat 'n leraar van hierdie leer op hulle webtuiste gepubliseer het na aanleiding van hulle leerstellings. "Maar om bloot op grond van die feit dat Daniël 9 nie praat van 2000 jaar tussen twee verse nie, en dat Sagaria 9 nie praat van 2000 jaar tussen vers 9 en 10 nie, en dat Jesaja 9 nie praat van 2000 jaar en Miga 5 nie praat van 2000 jaar tussen verse 1 en 3 nie, maak sekerlik en gewis nog nie dat die twee dele van die profesie in een en dieselfde tyd moet afspeel nie. Die sleutel is DIE VERBORGENHEID". Volgens hulle is iemand wat nie die gedeelte glo nie, die behoort glo nie aan die HERE nie, want ons verstaan mos glo nie die verborgenheid nie. Die feit dat Jesus en Paulus presies vir ons vertel wat die verborgenheid is, dat die evangelie aan die ganse mensdom verkondig sal word, is glo nie die verborgenheid nie. *"waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul, naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid."* (Col 1:25-27)

En dan wil hulle ook nie glo dat Jesus die skeiding tussen Israel en Kerk afgebreek het nie. Maar die verbond bewys geheel en al dat alle mense wat deel van die verbond word, Sy volk is. Paulus verklaar dat dit die geheimenis is wat wat die profete nie van geweet het nie, soos ek hierbo aangehaal het. Ai tog, as hulle maar net die Bybel en Jesus se uitsprake wil glo. As hierdie mense net die Bybel se uitsprake as die enigste leeringe aanvaar, en nie die leerstellings van mense nie. Net om die gedeelte weer te bevestig is die volgende in Eksodus vir ons opgeteken: "Eks 12:49 *"Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef. Eks 12:38 En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en kleinvee en beeste—'n groot hoeveelheid vee."* So selfs in Moses se tyd is nie-Jode ook as verbondsgenote gereken. Hierdie mense maak dieselfde fout as die Moslems, Mormone en sovele ander mense deur vas te hou aan die leerstellings van mense. Ek wil graag net weer herhaal wat Paulus gesê het en wat ek vroeër aangehaal het oor die Kerk en Israel: In Efesiërs 2 leer ons die volgende: "*Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en*

*onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.* (Eph 2:11-22)

Dan leer hulle ook dat daar 'n geheime wegraping sal plaasvind met die eerste koms van Jesus. (Volgens hulle sal Jesus nie net eenkeer terug kom aarde toe nie). Nou wonder ek net of een van hulle eie verse wat hulle aanhang om hulle leer mee te staaf, dit kan bevestig of weerlê. Dit is wat die Bybel sê: *"1Th 4:16-17 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."* Nou wonder ek net hoe dit 'n geheim sal wees as dit met basuin geklank aangekondig gaan word?

*"En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is"*. Skynbaar is hierdie vers ook nie op hulle van toepassing nie. Hulle kan mos sommer net 'n kort gebedjie doen saam met iemand, of sommer namens iemand, en dan is die persoon gered. Die feit dat slegs die HERE mense in Sy koninkryk kan byvoeg dra geen gewig by hulle nie. *"Almal wat 'n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om julle te laat besny net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolg te word nie. Want ook hulle wat besny word, hou self nie die wet nie; maar hulle wil hê dat julle besny moet word, sodat hulle in julle vlees kan roem. Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"* (Gal 6:12-16) (Sien besnydenis vroeër in hierdie boek.) Die laaste reel is baie interesant. Dit is nie die God van Israel nie, maar die Israel van God, so nie die fisiese Israel nie, maar die nuwe Israel, die wat kies om Hom te dien en deel word van die verbond.

## Gevolge van die Verbond van geregtigheid op die Wegraping leerstelling

Hierdie mense kry jy onder baie verskillende teologiese opvattings, van Calviniste tot Pinkster, Israelvisie, Brits-Joods, Charismatiese lidmate en sommer 'n hele klomp tussen in. Hulle hoofrede is dat hulle glo dat Daniel 9 se laaste verse nog nie vervul is nie, en dat dit eers in die sewejarige verdrukking en daarna vervul sal word. Volgens hulle sal ons as "nie Jode" in die hemel wees en Christus sal op aarde saam met die Jode wees vir 'n duisend jaar. Volgens hulle is daar vyf of ses goed wat Jesus nog moet kom doen op aarde. So hulle glo nie Jesus se uitspraak aan die kruis volgens Johannes nie: *"Joh 19:30 Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas".*

Die leer is gegrond op die feit dat ons nou in 'n genade tyd leef, dat Jesus sal kom om die Kerk voor, gedurende of na die verdrukking weg te vat, dat die HERE dan vir Israel sal herstel, en dat Jesus dan weer sal kom om finaal die wêreld te oordeel. Die aanhangers van die leer beweer dat daar 'n verskil tussen die Kerk en Israel is, en dan verwys hulle na die geheimenis waarvan Paulus praat wat aan hom toevertrou is. Nou word daar beweer dat daar sekere gedeeltes in die Bybel is wat net sekere persone insae oor het, en dit handel oor die feit dat die HERE verskillend gaan optree teenoor die Kerk, as ons dit vergelyk met die Jode. Hulle grootste bewys wat gebruik word, is die gedeelte in Daniël 9 waar die 70 weke bespreek word, en word daar geleer dat die laaste week nog nie aangebreek het nie, en dat dit deel is van die geheimenis waarna Paulus verwys. Die feit dat Jesus en Paulus presies vir ons vertel dat die verborgenheid is, dat die evangelie aan die ganse mensdom verkondig sal word, is glo nie die verborgenheid nie. *"waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul, naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid."* (Col 1:25-27)

Maar ons het so pas bewys dat daar nie 'n verskil tussen Israel en die Kerk is nie. So hoe bewys ek dan dat gedeeltes soos Daniël se sewentig weke reeds vervul is? Ek is bewus daarvan dat baie boeke al oor die wegraping geskryf is en dat persone al hul doktorsgrade verwerf het deur hieroor te skryf. Maar is hierdie leerstelling korrek?

Die wegraping is seker ook een van die leerstellings wat baie Christene gerus maak omdat hulle nie hoef bang te wees dat hulle deur die verdrukking hoef te gaan nie, want die verdrukking is mos net vir Israel en die ongelowiges, of dit is hoe die mense geleer word. Indien ons besef dat ons as Kerk nou Israel geword het, sit ons dus met die probleem dat ons dan ook die verdrukking sal moet deurgaan, en dan raak dinge 'n bietjie moeilik.

Die hele leer van die wegraping is gebaseer op 'n lering dat ons nou in 'n genade tyd leef wat inpas tussen weke 69 en 70 van Daniël. Daar is al baie boeke geskryf oor Daniel se sewentig weke, en hoe dit geïnterpreteer moet word. Oor die eerste 69 weke is almal dit min of meer een dat dit al verby is en dat dit dui op die tydperk van die terugkeer uit ballingskap tot en met die koms van Jesus. En dan is daar ook die fiksie skrywers met hulle Left Behind reeks wat baie mense as die waarheid glo, alhoewel hulle self verklaar en pryse ontvang het as fiksie skrywers.

Die laaste week is die een wat skielik so 160 jaar gelede deur ‘n sekere Darby nuwe betekenis aan gegee is, en nou hardloop almal wat nie sterk is in die geloof nie, agter hom aan. Voor hom was daar geen lering oor ‘n wegraping ooit deur die Kerk verkondig nie. Hy was ook die eerste persoon wat weer onderskeid tussen Israel en die Kerk gemaak het. Die lering het gemaak dat mense vandag duisende rande spandeer om na Israel te gaan en vir die Jode probeer namaak deur weer Shabbat te hou net sodat hulle gesien kan word dat hulle deel wil wees van die beweging om weer die tempel in Jerusalem te vestig, en weer allerhande offers in te stel aangesien Jesus nie geslaag het om diereoffers af te stel nie. Die feit dat meeste van vandag se Jode nie kan bewys dat hulle uit die oorspronklike Israel gekoppel kan word nie, word ook deur die mense ontken. Ons lees egter in die geskiedenis van Europa dat seker 90% van vandag se Jode, Ashkenazi Jode is en uit Europa afstam. So hulle is Europeërs en nie gebore Jode of Israeliete nie. Dit is ook hierdie Jode wat Hitler vermoor het, en die wat Luther in sy boek, “On the Jews and their lies”, beskryf het dat die Duitsers hulle sinagoges moet afbrand en ‘n hele klomp ander goed wat nie in hierdie dokument pas nie, en nooit deur enige teoloog aan sy gemeente sal voorhou nie.

Wat baie van die mense nie weet wat in die wegraping glo, is dat die enigste rede dat daar nou skielik 2000+ jaar as genade tyd gegee is, gebaseer is op ‘n lering dat God die Vader en Jesus Christus nie geweet het dat die Jode vir Christus sou verwerp nie. Daar is hoevele geskrifte wat hierdie standpunt huldig. Nou moet ek ook erken dat dit baie moeilik is om vas te stel wat die leer van die wegraping eintlik is, aangesien daar seker net soveel verklarings is as wat daar mense is wat die lering aanhang. Elke leraar van die leer het sy eie interpretasie, en maak baie geld daarmee.

Maar hoe lui Daniël se profesie oor die sewentigste week? *“En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar ‘n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.”* (Dan 9:27) Hier profeteer Daniël dat in die laaste week, wat eintlik jare is, daar ‘n nuwe verbond gesluit sal word. Wanneer ons na Jesus se bediening kyk, sien ons dat Hy vir drie en ‘n halwe jaar deur Israel gegaan het om die Israeliete te oortuig dat Hy die Christus is, en dat hulle hul moes bekeer en Hom sien vir wie Hy was. Na drie en ‘n half jaar, soos Daniël dit uitdruk, in die middel van die week, is Jesus gekruisig. Ons weet ook dat Jesus die volmaakte offer was en vir die Vader aanvaarbaar was, daarom het die offer soos Daniël dit noem dus ook opgehou, want dit was nie meer nodig nie. Daarna sal Jerusalem verwoes word. Dit word verder bespreek hieronder.

Kom ons behandel die gedeeltes kronologies soos deur Daniël geskryf. Die verbond wat Jesus gesluit het met ons as Nuwe Testamentiese Christene is die sterkste verbond wat daar kan wees, want die verbond is tussen God die Vader en Jesus Sy Seun namens ons gesluit. Ons weet dat Jesus self gesê het dat Hy gekom het om die verbond te vervul, daarom is Hy self geoffer, en daarom is dit die sterkste verbond wat daar kan wees. Mat 5:17 *“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.”* So het Hy die verbond met Abraham vervul, wat bepaal het dat mans besny moes word en slegs besnydes nasate van Abraham en daarom erfgename en kinders van God genoem kon word. Ons moet onthou dat die HERE vir Abraham gevra het om Isak te offer, maar deur hom te vra om sy seun te offer, moes die Maker van die verbond dieselfde doen, en dit is hoekom Jesus geoffer moes word. Die eerste verbond moes aanhoudend bevestig word deur offers te bring aan die

HERE, en moes alle manspersone besny word op die agste dag. Verder moes die volk tiendes betaal aan die Leviete vir hulle diens by die tempel, en moes alle eerstelinge aan die HERE geoffer word. Die besnydenis en offers was nodig omrede die HERE ‘n vloek op elke eersteling geplaas het met die uittog uit Egipte. So moes Jesus dus self sterf en opstaan uit die dood om as eersteling die vloek van Egipte te verwyder.

Die volgende is ‘n kort opsomming van Daniël se gesig en profesie wat hy van Gabriël ontvang het.

*“By die begin van jou smekinge het ‘n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is ‘n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig.”* Daniël 9:23.

1 – “*Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal*,” (Sien ook Lev 25:9 *“Jy moet ook sewe jaarweke tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaarweke vir jou nege en veertig jaar is”).* So die sewentig sewe talle is dus 490 weke waar een week getel word vir elke jaar.

2 – *“om die goddeloosheid te voleindig*” Dat gedurende die tyd die goddeloosheid van die HERE se volk sal verdwyn na die uitstorting van die Heilige Gees, waar almal wat die Heilige Gees ontvang ‘n hart van vlees ontvang sodat hulle nie meer goddeloos sal optree nie. Verder sal hulle dus deur die bloed van Jesus vrygekoop word aangesien Hy reeds vir ons sondes gesterf het.

3 – “*en om die maat van die sondes vol te maak”.* Dat daar ‘n einde sal kom aan die tydperk waar sonde heers oor God se kinders deur die wet, en Jesus die volmaakte offer vir sonde sal wees.

4 – “*en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring”* Dit is waarvoor Jesus gekom het; om versoening te bring sodat ons Sy geregtigheid kan ontvang wat ons sin word as deel van die Nuwe Verbond, waar ons nie meer gesien word deur ons sonde nie, maar onder die Bloed van Jesus, en dus sonder sonde voor die genadetroon van die Vader kan verskyn.

5 – *“en om gesig en profeet te beseël”* Om ‘n einde te bring aan al die profesië rondom die eerste koms van Jesus as verlosser.

6 – *“en om wat hoogheilig is, te salf.”* Jesus moes dus ook gedurende die tydperk gesalf word as Koning, Verlosser, en Profeet.

So dit is alles wat gedurende die 490 weke moes gebeur. Nou begin Gabriël eers met ‘n uiteensetting van wat sal gedurende watter tydperk gebeur.

“*Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors, is sewe sewetalle;*” maw 49 jaar voor die tempel herstel is.

“*en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid”.* So na die herstel tot en met Jesus sal dit dus 434 jaar wees.(62 x 7)

*“En ná die twee en sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word”*, (so gedurende die 70 ste week) *“maar sonder iets vir Hom; en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings”* Nou gee Gabriël hier te kenne dat Jesus gedurende die

sewentigste week uitgeroei sal word, soos vroeër genoem, in die middel van die week sonder dat dit enige voordeel vir Homself inhou en dan ook wat met Jerusalem sal gebeur. Jerusalem sal deur 'n vors wat sal kom, met ander woorde 'n vors wat nie gedurende Daniël se tyd 'n vors was nie, verwoes word, en Jerusalem se einde sal wees soos dit gebeur het, met die leërs wat soos 'n vloed sal inkom en Jerusalem sal verwoes. Verwys maar gerus na Daniël 11:22, 26 en 40 waar soldate na as 'n vloed verwys word. *"en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings".* Dit is vasbeslote verwoestings wat nooit sal ophou nie, dit is waarom daar tot vandag toe nog aanhoudende oorlog in, oor en om Jerusalem is.

Dan 9:27 *"En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."* Hier profeteer Daniël dat in die laaste week daar 'n nuwe verbond gesluit sal word. Wanneer ons na Jesus se bediening kyk, sien ons dat Hy vir drie en 'n halwe jaar deur Israel gegaan het om die Israeliete te oortuig dat Hy die Christus is, en dat hulle hul moes bekeer en Hom sien vir wie Hy was. Na drie en 'n half jaar, soos Daniël dit uitdruk, in die middel van die week, is Jesus gekruisig. Ons weet ook dat Jesus die volmaakte offer was en vir die Vader aanvaarbaar was, daarom het die offer soos Daniël dit noem dus ook opgehou, want dit was nie meer nodig nie. Die verbond wat Jesus gesluit het met ons as Nuwe Testamentiese Christene is die sterkste verbond wat daar kan wees, want die verbond is tussen God die Vader en Jesus Sy Seun namens ons gesluit. Ons weet dat Jesus self gesê het dat Hy gekom het om die verbond te vervul, daarom is Hy self geoffer, en daarom is dit die sterkste verbond wat daar kan wees. Mat 5:17 *"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul."* So is die verbond met Abraham vervul, wat bepaal het dat mans besny moes word en slegs besnydes nasate van Abraham en daarom erfgename en kinders van God genoem kon word. Ons moet onthou dat die HERE vir Abraham gevra het om Isak te offer, maar deur hom te vra om sy seun te offer, moes die Maker van die verbond dieselfde doen, en dit is hoekom Jesus geoffer moes word. Die eerste verbond moes aanhoudend bevestig word deur offers te bring aan die HERE, en moes alle manspersone besny word op die agste dag. Verder moes die volk tiendes betaal aan die Leviete vir hulle diens by die tempel, en moes alle eerstelinge aan die HERE geoffer word. Die besnydenis en offers was nodig omrede die HERE 'n vloek op elke eersteling geplaas het met die uittog uit Egipte. So moes Jesus dus self sterf as eersteling om die vloek van Egipte te verwyder, alle offers te beëindig, en ook die wette rondom die Leviete te volbring. So ons het nie meer nodig om tiendes aan iemand te betaal om namens ons offers aan die HERE te bring nie. Soos die val deur een persoon, Adam, veroorsaak is, so moes dit deur een persoon, Jesus Christus, weer voor betaal word sodat elkeen wat glo vrygespreek kan word. Een voorbeeld wat ons reg deur die Bybel kry, is dat die eerste, of menslike besluit, altyd verwerping bewerk het, terwyl die tweede altyd die Goddelike oplossing wys. Soos genoem het, die eerste Adam het die val bewerkstellig, en Christus as die tweede Adam, die verlossing bring. So sien ons dit tussen Kain en Abel, Ismael en Isak, Esau en Jacob, die eerste tablette met die wet wat slegs vir Israel was maar deur hulle verbreek is deur afgodery, en dus die tweede tablette vir ons almal sal geld. So is Saul ook as eerste koning gesalf en aangestel omdat Israel die HERE verwerp het en het hy ook verkeerd gedoen en is deur die HERE onttroon terwyl Dawid as tweede koning gesalf en aangestel is en wat vriend van die HERE was. Al die ander konings na Dawid is deur mense aangestel en nie gesalf en nie een van die hulle is weer deur die HERE gesalf nie. So geld dit ook vir Israel en Kerk vandag, met Israel wat eersteling was en deur die HERE as Sy gesalfde volk geleef het

maar Christus verwerp het, en ons as Kerk wat as die volmaakte oplossing van die Vader daar gestel is sodat elkeen wat glo in Christus, gered is en sal word. Die eerste geregtigheid was verkry deur die onderhouding van die wet *(En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het. Deut 6:25)* en die tweede geregtigheid, Jesus Christus as verbondsoffer. *"Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe*. (Rom 10:3-5) Jer 23:6 *"In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID."*

Baie van die aanhangers van die leer oor die wegraping, wys daarop dat die daaglikse offer eers met die verwoesting van die tempel opgehou het, en dat ons dit eintlik nie kan gebruik as maatstaf nie. Wat hulle vergeet, is dat indien Jesus die Christus was, was dit nie meer nodig om te offer na Sy dood nie, want Hy was die volmaakte offer vir alle offers wat deur Moses voorgeskryf is. Geen offers was meer nodig daarna nie. So indien hulle die verklaring so wil gebruik, verklaar hulle dus dat Jesus nie die Christus was nie, en dat die HERE nog steeds die offers in die tempel aanvaar het.

Daar is ook 'n ander gedeelte wat vir ons verklaar hoekom Jesus geoffer kon word, en hoekom die Vader spesifiek Jesus se offer raakgesien het en nie die offer wat deur die hoëpriester gebring is die dag van Jesus se kruisiging nie. Toe Jesus deur die hoëpriester ondervra is, het die volgende verhaal hom afgespeel. *"Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou. Daarop staan die hoëpriester op en sê vir Hom: Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U? Maar Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is? Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê: Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor!*" (Mat 26:61-65) Die klere van die hoëpriester moes van een stuk materiaal gemaak word, sonder dat daar nate aan was. Die klere van die hoë priester moes van 'n enkele stuk materiaal gemaak word. *"En dit is die klere wat hulle moet maak: 'n borstas en 'n skouerkleed en 'n mantel en 'n kunstig bewerkte rok, 'n tulband en 'n gordel; so moet hulle dan vir Aäron, jou broer, heilige klere maak, en vir sy seuns, dat hy vir My die priesteramp kan bedien. En hulle moet die goud en die pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en die fyn linne neem. En hulle moet die skouerkleed maak van goud, pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en fyn dubbeldraad-linne, as kunstige werk. Dit moet twee skouerstukke hê wat aan mekaar vas is; aan die twee bo-ente moet dit saamgevoeg word. En die band wat daaraan is om dit vas te bind, moet van dieselfde werk en, daarmee saam, uit een stuk wees, van goud, pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en fyn dubbeldraad-linne."* (Exo 28:4-8) Die hoëpriester kon dus nie met gelapte klere in die tempel gaan om te offer die volgende dag nie, want sy klere was geskeur. So daar was geen manier wat hy voor die HERE kon verskyn sonder om sy klere weer reg te maak nie, maar dit sou nog steeds nate gehad het. Dus kon die Vader nie sy offer aanneem nie omdat hy nie aan die voorskrifte van Moses voldoen het nie, en daarom is Jesus se offer aangeneem,

en het die daaglikse offer opgehou. Daaroor ook dat Sy klere nie verdeel is nie, maar dat hulle die lot daaroor gewerp het.

U moet onthou dat Jesus aan die kruis gehang het van die tyd dat die oggend offer geoffer moes word, tot die tyd dat die aandoffer gedoen moes word, of van nege uur in die oggend tot drie uur die middag. Hy is ook buite die laer gekruisig, sodat Hy ook diè offer kon volbring. *"Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra"* (Heb 13:10-13) So het Jesus dus 'n einde gebring aan alle offers wat deur die hoëpriester en ander Leviete gebring moes word. Hy het dit ook nie in die aardse tempel gedoen nie maar in die hemelse tabernakel. *"Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn; ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen. En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."* (Heb 9:23-28).

Daarom ook dat die voorhangsel van die tempel geskeur het met Sy dood want ons het nou vrye toegang na die Vader. Dit was dus die einde van die eerste helfte van die sewentigste week, met Jesus se bediening op aarde wat drie en 'n half jaar geduur het, wat in Daniël se profesie 'n halwe week was.

Die laaste gedeelte van die week was die tydperk tot en met die gesig wat Petrus gesien het van die onrein diere wat op 'n laken neergedaal het. *"En die volgende dag, terwyl hulle op pad was en naby die stad kom, het Petrus omtrent die sesde uur op die dak geklim om te bid; en hy het baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar 'n verrukking van sinne oor hom gekom: hy sien die hemel geopend en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word. Daarin was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel. Toe kom daar 'n stem na hom: Staan op, Petrus, slag en eet! En Petrus sê: Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie. En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie."*(Hand 10:9-15) Dit was weereens drie en 'n half jaar na Jesus se kruisiging. Gedurende die tyd het die Jode tyd gekry om hulle te bekeer en te erken dat Jesus die Christus was. Met die dood van Stephanus, het die tydperk opgehou, en het die evangelie na ons as heidene gekom. So is Daniël se profesie dus vervul, en het ons as heidene wat glo dat Jesus die Seun van God is en deel van die verbond van geregtigheid geword het, deel van Sy verbondsvolk geword. Ons moet onthou dat die Jode 'n fisiese koning verwag het om te regeer soos in die dae van Dawid en Saul, maar het nie onthou dat die konings oor hulle geheers het omdat hulle Hom verwerp het nie. 1Sa 8:7: *"Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie."*

Daniël wys verder dat daar 'n verwoester sal kom op die vleuels of vlerke van gruwels, en dit sal tot die einde duur. Hier het die Satan as verwoester opgestaan om teen alle vlees oorlog te voer en sodoende te probeer om sy koningkryk uit te brei. Die werke van Satan sal duur tot die einde van die aarde toe.

So het die sewentigste week begin met Jesus se bediening op aarde, en het geëindig met die uit dra van die evangelie aan die heidene. Dit dan die interpretasie van Daniël se sewentigste week asook die bewys dat daar geen wegraping is of sal wees soos dit deur baie persone verkondig word nie. Jesus het self male sonder tal gewaarsku dat ons moet volhard tot die einde toe, en nie verwag om nie deur foltering te gaan nie. In Paulus se tyd was daar ook persone wat nie verstaan het waaroor die evangelie gaan nie. Paulus skryf aan Timótheüs die volgende: *"Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie, en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is. Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie."* (1Ti 1:3-7)

So om saam te vat. Die verbond wat Jesus kom vestig het, was die sterk verbond waarvan Daniël geskryf het, want dit het die vloek van die dood van die eerstelinge verwyder, asook alle offers wat die volk moes bring. Verder het Hy al ons sondeskuld betaal sodat ons vlekkeloos in geregtigheid voor die Vader kan verskyn. So Hy is ons geregtigheid, wat vir ons beteken die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons 'n oorvloed van die gawe van geregtigheid ontvang. En dit is wat Jesus kom doen het.

'n Regtige groot probleem wat ek het met die hele leer rondom die wegraping en die wat daarin glo, is dat hulle leer hulle deel maak van die antichris. Die enigste persoon in die Bybel wat direk verwys na die antichris vind ons in die briewe van Johannes. Sy definisie wat ek graag gebruik is as volg: *"2Jn 1:7 Daar het baie misleiers te voorskyn gekom in die wêreld. Hulle erken nie dat Jesus die Christus is wat mens geword het nie. Dit is wat ek met "die misleier", "die antichris", bedoel".* Die Jode glo nie dat Jesus die Messias was nie, en dit maak hulle volgens Johannes dus deel van die antichris. Die wegrapers deur hul ondersteuning van die Jode, skaar hulle by die Jode en dus by die antichris.

## SLOTSOM

So my standpunt is dat alle mense een maal lewe, en dan sterf. Die wat deel is van die verbond met Jesus en Sy geregtigheid besit, sal in die duisendjarige vrederyk leer hoe om die HERE te dien en ontslae te raak van ons seining van wie gered word, en wie nie. Na die oorwinning oor Satan en sy magte, Gog en Magog, vind die wit troon oordeel plaas, en sal die persone wat oorwin het, saam in die Nuwe Jerusalem lewe.

Ek wil net ter afsluiting uitwys dat alle mense wat nagmaal gebruik, wel deel word van die verbond aangesien dit die verbondsmaal is. Waar ons almal ons sal bevind na die dood, is ‘n perd van ‘n heel ander kleur.

# Aanhangsel A - Jode – Nasie of Kerkgroep?

Ek wil graag na die Joodse geloof van vandag kyk, en vir u as leser probeer wys dat die Jode van die Bybel nie 'n nasie is soos vandag deur meeste mense verstaan word nie, maar in werklikheid, as die eerste Kerk gesien moet word. Baie van dit wat u hier gaan lees het u dalk vroeër in die boek al van gelees, maar ek wil net verseker dat u die gedeelte in sy geheel as een kan sien en lees.

Waarvan praat ek nou? Dat die Joodse geloof en mense in die Ou Verbond voor Jesus se koms, nie as 'n nasie gesien moet word nie, maar dat deur al die eeue heen van voor Moses se dae af as Kerk van die HERE gesien word. Dit sal ook dan vir ons duidelik word dat die geveg wat deur sovele mense geveg word dat wanneer iemand praat van die Kerk versus die Joodse geloof, ons van vervangingsteologie praat, van alle waarheid gestroop word aangesien die Jode en Israel van die Ou Testament as die eerste Kerk gesien moet word. Dit is hoe die Bybel dit gestel het, en dit is hoe die mense van die Ou Testament dit gesien het.

Kom ons begin by die begin van die KERK. En dit begin met Abraham. Die HERE begin met Abram (Abraham) praat lank voor die verbond wat Hy met hom sluit. En Abram luister elke keer en doen wat die HERE vir hom sê om te doen. So wat leer ons hieruit? Daar is twee faktore wat 'n massiewe rol speel. Eerstens glo Abram die HERE en dan is hy gehoorsaam. Dit is die kenmerke van mense wat in die Kerk van die HERE hoort. Ons moet geloof hê en glo wat Hy vir ons sê, en moet ons gehoorsaam wees en doen wat Hy verwag. Dit val saam met Hebreërs 6 vers 1: *"Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God,"*. So Abram lê sy eie lewe neer, bekering, en dan glo hy die HERE, geloof, die tweede kenmerk.

Nou vind ons dat die verbond ingestel word met nagmaal, waar Melgisedek die brood en die wyn bring. *"En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles."* (Gen 14:18-20)

So ons vind dat daar toe alreeds ander mense was wat die HERE aanbid het en as priesters opgetree het. So Abram was nie alleen nie, daar was ander volke wat toe alreeds aan die HERE behoort het.

Nou kom die HERE eers met die verbond. *"Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in 'n gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot. Toe vra Abram: Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is? Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees. Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde:* ***Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.*** *Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee."* (Gen 15:1-7)

Wat beteken hierdie twee eienskappe vir Abram. Dat dit vir hom as geregtigheid gereken is. Sonder geregtigheid is dit onmoontlik om deel van God se Kerk te wees. En nou vind ons hoe die HERE die verbond instel en Abram geen deel daaraan het nie. Hy moes net die diere voorsien. Hier lees ons dat Abram moes die vee middeldeur sny en teenoor mekaar lê. Die betekenis daarvan was dat indien enigeen die verbond sou verbreek, die ander persoon die reg gehad het om so met sy verbondsvennoot op te tree. Nou het God vir Abram, hy het eers later Abraham geword, gesê dat uit Isak sou sy nageslag kom. So vir Abraham was dit nie moeilik om die besluit te neem om Isak te offer toe God hom gevra het nie, want die Here moes weer vir Isak uit die dood opwek, want uit Isak sou Abraham se nageslag kom. God kan nie lieg nie. Indien God dit nie doen nie, kon Abram met God maak soos met die diere gemaak is, en hy het geweet dat God nie kan lieg nie, en dat dit onmoontlik is om God dood te maak.

Verder, as een van die partye van 'n verbond iets van die ander een verwag het om te doen, moes die ander party dieselfde verwagting hê. Omdat God van Abram verwag het om sy seun te offer, het die HERE daar verklaar dat Hy vir Jesus sou stuur om te sterwe, want Jesus is Sy seun. Dit is hoekom Jesus moes kom, om die gedeelte van die eerste verbond te vervul. Dit is ook hoekom Jesus net een keer kon kom om vir ons sonde te sterwe.

Vir die wat wil lees oor wat die verbond van Geregtigheid beteken kan u deel drie van die boek lees.

So na hierdie gedeelte vind ons 25 jaar later dat die HERE die besnydenis instel as teken van die verbond. Nou die interessante gedeelte is dat wanneer ons na die volgorde kyk vind ons dat Abram moes glo, dan nagmaal vier, en dan volg die besnydenis. Na Abraham vind ons hulle moes eers besny word, dan glo, en dan nagmaal vir. So hier vind ons dit in ‘n halwe omgekeerde volgorde maar met Jesus vind ons dat Hy dit weer instel volgens Abraham se volgorde, so eers glo, dan nagmaal, en dan eers vind besnydenis van die hart plaas. Daarom dat ons so baie stryery kry vandag onder teoloë, want die harte is nie besny nie, alhoewel hulle nagmaal gebruik, weier hulle dat die HERE hul harte kan besny, en wil hulle hul verkeerde lewenswyses en insigte afdwing op hul kerkgenootskap.

So die Kerk begin met Abraham, en almal wat glo en deel geword het van die verbond, was Kerk.

Nou kom ons eers by Israel uit. En hier vind ons die volgende beginsel is dat mense van alle volke hulle by die volk kon voeg voor hul trek uit Egipte begin *het. “Die hele vergadering van Israel moet dit hou. En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.” (Exo 12:48-49)* Die Engelse vertalings stel vers 47 egter as ‘n gemeente (congregation), en dit is ook hoe die woord in Strongs se Hebreeus beskryf word. *“Net een wet moet daar vir julle wees die vreemdeling moet soos die kind van die land wees; want Ek is die HERE julle God.”* (Lev 24:22)

So hier vind ons alreeds dat Israel nie ‘n spesifieke nasie is nie, maar almal wat besluit om die HERE as hul God te dien. So almal het dieselfde geloofsoortuiging gehad. So dit wys alreeds vir ons dat hulle eerder as Kerk funksioneer as volk. Dit sluit aan by die belofte wat die HERE aan Abraham gemaak het. *“Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg*

*wees. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder. Toe val Abram op sy aangesig, en God het met hom gespreek en gesê: Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ‘n menigte van nasies word. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies. En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ‘n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ‘n God wees. Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.”* (Gen 17:1-9)

So hier vind ons nog voor en tydens die trek na Kanaän, dat Israel as Kerk funksioneer en nie net as nasie nie. Soos vroeër genoem in Eksodus 12 vers 47, word hulle as ‘n gemeente beskryf en nie as a volk of nasie nie.

Dit is ook waaroor die hele boek van Hebreërs gaan.

Baie mense verstaan nie die boek in die Bybel nie, en daar is baie, soos selfs Martin Luther, wat voel dat die boek nie in die Bybel hoort nie. Dit is maar mense wat voel dat die boek juis aan Jode geskryf is en dat dit ons as Christene nie raak nie.

Maar, nou het ek ‘n probleem met die siening. Hoekom? Aangesien mense die Jode as volk sien en nie as Kerk nie. Dit is seker die grootste verskil wat ons vandag leer. Almal wil dat die boek slegs op die Jode van daardie tyd van toepassing was, maar wil of kan nie verstaan dat die sentrale punt van die boek gaan oor verbond nie.

So dit is nie net geskryf vir die Jode as nasie nie, maar aan die Jode as Kerk. Nou wat is die verskil? Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van wat Paulus aan Korinte skryf, en wat Jesus vir Johannes openbaar in Openbaring. Paulus skryf die volgende: *“En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom.* ***Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.****”* (1Kor 10:6-11)

Jesus se woorde in Openbaring is weer as volg: *“Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk* ***en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie****, maar ‘n sinagoge van die Satan.”* Open 2:9. *“Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan,* ***van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg*** *Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.”* Open 3:9.

So ek gaan eerstens bewys dat Israel as Kerk funksioneer het, en nie as volk nie. Maar, kom ons begin by die begin. Wie is alreeds, en wie gaan nog hemel toe. Die wat reeds in die hemel is, is mense soos Moses, Dawid, Samuel, en nog baie ander persone van die Ou Testament. As ons

na Nuwe Testamentiese mense soek is dit seker mense soos Petrus, Paulus en Johannes. Wat u dalk mag opval is dat ek slegs name van mense noem wat uit Israel afkomstig is. Die rede hiervoor is om vir u te wys dat hulle sekerlik daar is, omdat hulle aan die volk en Kerk van die HERE, Israel behoort het. Wat ek leer uit die Ou Testament is dat slegs persone wat die HERE behaag het en in Hom geglo het die ewige lewe beërwe het en nie alle Israeliete nie. Daarom dat ons lees dat die HERE in die meeste van hulle geen behae gehad het nie en hulle neergevel is in die woestyn, en so in die hel opgeëindig het. *"Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn."* (1Kor 10:5)

Die HERE spreek die volgende woorde uit oor Israel: *"Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.* ***Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte."*** (Deu 7:6-9) Hierdie gedeelte klink vir my eerder as 'n belofte aan 'n Kerk, as 'n belofte aan 'n spesifieke volk.

Maar hoe nou gemaak met ander mense van ander nasies?

Ek wil begin by die begin. Nou mag jy dink dat as ek na Openbaring verwys, ek aan die einde begin, maar Christus is aan die woord, en Hy was van die begin van die aarde al daar. Openbaring 3 vers 9: *"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg".* Hier sien ons dat Jesus aan die gemeente skryf en sê dat sommige voorgee dat hulle Jode is maar lieg. Die gemeente is in Filedelfia, verseker nie in Israel nie. Dit is ook 'n bevestiging van Openbaring 2 vers 9: *"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan."* So hier gee Jesus vir ons 'n belangrike stukkie inligting. Slegs ware Jode sal gered word. Dit stem saam met wat Moses meedeel in Deuteronomium 7 verse 6 en 7: *"Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke".*

Sodra ons besef dat God nooit Sy beloftes sal verander nie, sal ons besef dat daar iets is wat nie pluis is nie. Hoe kan God ons as heidene dan ook red as Sy Woord verklaar dat slegs Jode gered word? Die antwoord kom uit Handelinge 10 vers 34 en 35 *:" En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is."* Hier sien ons dat as ons Hom vrees en geregtigheid doen, ons Hom welgevallig is. Dit los egter nog nie die probleem van Openbaring op nie, want ons is nog nie Jode nie. Die antwoord moet ons gaan soek in Israel se geskiedenis met die uittog uit Egipte. Hier gee die HERE vir die Israeliete 'n wet wat hulle moet gehoorsaam. Numeri 15 vers 15 en 16: *"Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. 'n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van die HERE wees****. Een wet en een reg***

***moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef**."* Eksodus 12 vers 48 gee die finale antwoord vir ons: "*En as 'n **vreemdeling by jou vertoef** en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, **besny word**; en dan mag hy nader kom om dit te vier, **en hy sal soos 'n kind van die land wees**. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.*"

In Israel se geskiedenis sien ons dat wanneer iemand uit ‘n ander volk hom of haar verbind het met die Israeliete, hulle as volksgenote, of deel van die Kerk geag is. ‘n Baie goeie voorbeeld vir ons is Rut. Alhoewel sy die reg gehad het om na haar mense terug te gaan na haar man se dood, het sy gekies om saam met Naomi na haar land te gaan. Die woorde wat Rut ook gespreek het, ontsluit die waarheid verder. Rut 1:16 "*Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. 17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen--net die dood sal skeiding maak tussen my en u."* Hier gee sy te kenne dat sy kies om deel te word van Naomi se volk, en saam met Naomi haar God sal aanbid. Wie was Rut? Dawid se grootouma. Waar kom Jesus vandaan? Uit Dawid se geslag.

Nou hoe pas al hierdie stukke in mekaar? Die HERE het Israel uitgekies as Sy Kerk. Ons, as heidene moet dus kies om by die Kerk van die HERE gevoeg te word. Hoe doen ons dit? Deur deel te word van die verbond met die HERE. Dit is om Christus se geregtigheid te besit. So ons moet weet wat Jesus kom doen het op aarde, en dit is om die Ou Verbond te vervul deur aan al die voorwaardes te voldoen. Dan gee dit ons die geleentheid om deel te word van die Israel van die HERE, soos Paulus vir ons in Galasiërs dit opgeteken het. ***“Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar ‘n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!”*** (Gal 6:15-16) So hierdie gedeelte klink vir my baie meer as beleidenis skrifte van ’n Kerk, as beloftes aan ‘n spesifieke volk. So Israel is nie as volk uitverkies nie, maar as Kerk want slegs die wat deel was van die verbond en geglo het dat slegs die HERE hulle God was, het die ewige lewe verkry.

Waar vind ons die eerste afval van die Kerk? Met die onderverdeling van Kanaän. Die Rubeniete en Gadiete en die halwe stam van Manasse het besluit om nie hulle erfdeel in Kanaän in besit te neem nie. Hulle wou hulle eie kop volg en buite die beloofde land hul erfenis ontvang. So hulle het gekies om nie dit wat die HERE vir hulle wou gee nie, te aanvaar nie. So hier sien ons die eerste afval. Wanneer ons in die geskiedenis van Israel gaan kyk, sien ons dat hulle geen invloed later op die geskiedenis van Israel gehad het nie. Dit is presies wat vandag gebeur. Mense besluit om die Kerk te verlaat en kan nie as gelowiges getel word nie, want slegs mense wat Jesus as hul verlosser bely en lewe soos kinders van die HERE vorm deel van die werklike Kerk. Dit is hoe Hebreërs 6 dit stel : *“Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.”* (Heb 6:4-6) Dit is ook wat in de Ou Verbond gebeur het. Saul raadpleeg die heks van Endor en sterf as ongelowige. Wanneer Israel gesondig het is hulle gestraf om hulle terug te bring na die HERE toe, maar wanneer hulle nie meer aan die HERE

vasgehou het nie, vind ons hulle nie verder in die Bybel nie. Alreeds net na Dawid skeur die koninkryk in twee, en sien ons nooit weer die ander stamme in die geskiedenis nie. So die ander het hul eie “kerk: begin, en is deur die HERE verstoot. Jesus praat ook nie met die mense van die “kerk” nie, behalwe om hulle teen mekaar op te sweep. Dit is wat Hy elke keer met die Fariseërs en Saduseërs gedoen het. En hulle was die “kerk”.

Nou kan ons maar deur Israel se geskiedenis sien hoe meeste van die stamme afvallig word, afgode aanbid en hulle voeg by die nasies wat hulle veronderstel was om uit te roei. Vandag vind ons dat mense sê dat Jesus moet nou eers die mense van die verlore stamme moet kom red, maar hulle het reeds hulle keuses gemaak en besluit om nie deel van die HERE se Kerk te wees nie. Die HERE het nie ‘n spesifieke volk gekies nie, maar ‘n spesifieke groep mense wat in Hom glo as hulle God. Dit is waaroor al die profete gepraat het. Al hul geskrifte is eintlik herlewings boodskappe wat hulle vir die mense gebring het. Almal het vir hulle voorgehou wat hulle moes doen, en dit was om terug te keer na die HERE toe. Daar was wel ook van die boodskappe wat hulle gebring het wat gewys het op Jesus en Sy verlossing wat Hy kom bring het. Maar dit was nogsteeds boodskappe om mense nader aan die HERE te bring. So al hierdie boodskappe gaan oor wat van ons as Kerk verwag word, en nie boodskappe aan ‘n volk nie.

Verder vind ons net soos vandag dat lidmaatskap aan ‘n Kerk groep nie beteken dat jy die ewige lewe gaan beërf nie, maar slegs geloof in Jesus Christus as verlosser.

So Israel was die Kerk onder die Ou Verbond, en ons vorm deel van die Kerk onder die Nuwe Verbond. So daar bestaan nie iets soos vervangings teologie nie, maar slegs boodskappe aan die Kerk van die HERE. En dit het al begin met Moses wat die volgende keuse aan die mense gee: *“Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die hemel opklim en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die oorkant van die see oorvaar en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Maar baie naby jou is die woord, **in jou mond en in jou hart, om dit te doen.** Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. **Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.** Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. **Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ‘n eed beloof het om dit aan hulle te gee.**”* (Deu 30:11-20)

So Israel moes kies om die HERE te volg, en dit klink soos iemand wat moet kies vandag om kind van die HERE te word, en nie ‘n blanko uitspraak dat al Israel se mense die ewige lewe sal ontvang nie. Nee, slegs mense wat Hom gekies het, sal Sy kinders of volk wees.

So om terug te keer na die boek aan die Hebreërs, sien ons dat die boek handel oor die verskillende standpunte in die verskillende Kerke. Daar is eerstens die wat glo dat Jesus alles volbring het en dat slegs deur geloof in Hom ons as Kerk kan funksioneer. Dan is die tweede groep die wat glo dat Jesus die verlosser is, maar tog nog sekere van die Ou Testamentiese werke aan wil vashou om verlossing te kry, en dan die wat nog in die Ou Verbond vashou as die enigste manier om God se kinders gereken te word. En dit is wat die skrywer probeer bespreek, om te wys daarop dat Jesus al die voorskrifte aan voldoen het, en dat slegs volle oorgawe aan Hom en volle vertroue in Hom, die ewige lewe vir ons as mense kan verkry. Geen werke kan maak dat ons as Kerk gereken kan word nie.

So die skrywer wys daarop dat geen werke of nakoming van die Ou Verbond se voorskrifte vir ons die ewige lewe kan gee nie, aangesien Jesus 'n einde daaraan gemaak het toe hy deur die hemelse tabernakel gegaan het. Dit is wat Hebreërs 3 en 4 oor gaan. Dat ons geloof moet hê dat Jesus die Christus is en dat dit onmoontlik is om in Sy rus te gaan daarsonder. Dit is die betekenis van die Sabbat, dat ons oorgaan van 'n werke godsdiens na 'n geloofs godsdiens.

Dit is waarom die nuwe voorskrifte in Hebreërs 13 opgeteken is, en wat dit vir ons beteken. Dit is vir ons al die vereistes om aan te voldoen.

*"Die broederliefde moet bly. Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg. Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het. Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel. Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen? Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie. Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra. Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige. Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely. Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers. Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie. Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles goed wil wandel. Des te meer vermaan ek julle om dit te doen, sodat ek gouer aan julle teruggegee kan word. Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het, julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom t6ot in alle ewigheid! Amen. En ek vermaan julle, broeders, verdra die woord van vermaning,*

*want ek het ook maar kort aan julle geskrywe. Julle moet weet dat die broeder Timótheüs vrygelaat is, saam met wie ek julle sal sien as hy spoedig kom. Groet al julle voorgangers en al die heiliges. Die wat van Italië is, groet julle. Die genade sy met julle almal! Amen." (Heb 13:1-25)*

So dit is die voorskrifte vir Sy Kerk. Nou kan jy self sien of jou gemeente of van die lerings wat hulle huldig aan die vereistes voldoen. Nêrens lees ek in die Nuwe Verbond dat die HERE mense wat hul rug op Hom gekeer het weer 'n geleentheid sal kry om Hom te sien vir wie Hy is nie. Dit beteken ook dat Hy nie Israel as 'n spesiale volk verkies het nie, maar Israel as Kerk gekies het.

So daar bestaan nie iets soos vervangingsteologie nie. Of jy glo die waarheid en beërf die ewige lewe, of jy sterf die tweede dood. Ek en jy wat die HERE dien is deel van Sy Israel, soos vroeër genoem in die aanhaling uit Galasiërs. 6:16 *"En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"* So dit gaan alles oor Sy Kerk.

Ons moet onthou dat die eerste mense wat tot bekering gekom het Jode was. En hulle is ook Christene genoem. *"En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê:* ***So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.*** *Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het,* ***het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochíë sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen.*** *En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochíë gekom het* ***en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer.*** *En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochíë. Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring.* ***Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochíë gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem."*** (Hand 11:18-26)

So die mense was eerstens Jode, maar het toe bekend gestaan as Christene. So die wat praat oor vervangingingsteologie bewys net hulle onkunde, en hulle tekort aan kennis wat in die Bybel staan.

So daar sal nie 'n wegraping wees om die Jode te kom red nie, want dan moet almal wat nie in Jesus glo ook 'n tweede kans kry, en dan beteken die Bybel en Jesus niks nie. So hardloop weg van die mense voordat hulle jou saam met hulle in die afgrond trek. Dit is so dat daar pragtige mense is wat jy dalk voel ek nou aanvat, maar weet jy **net mense wat glo in die volle boodskap van die Bybel sal gered word**. Jesus het in elk geval vir hulle meegedeel dat hulle verwerp is: *"Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle:* ***Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.*** *En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle*

*mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:42-46) Hier gebruik Jesus ook die woord volk, want die ware Kerk, of Bruid, het nog nie bestaan nie, want Hy het nog gelewe. Die is die vervulling van die gedeelte in Jesaja 5. *"Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring. Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en my wingerd. Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring? Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie. Want die wingerd van die HERE van die leërskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu!"* (Isa 5:1-7)

Die dat Openbaring daarop wys dat twee derdes van alle Christene verlore sal gaan, want hulle glo die boodskap van die Bybel, plus hulle interpretasie. Hulle sal veg dat hulle interpretasie reg is en verse kwoteer om jou te probeer oortuig, maar weet jy die duiwel het ook vir Jesus aangevat deur die Bybel te kwoteer, maar Jesus het hom elke keer op sy foute gewys. So ek wil net graag wys dat daar foute is in party van ons lerings, en ons moet self verantwoordelikheid neem vir ons eie lewe, en nie vertrou op mense nie. Dieselfde storie geld vir die tien maagde. Vyf het Hom verwag, en vyf het eers gewag vir die wegraping en al sy gevolge, en het die bruilof gemis.

*"As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog, nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense."* (1Ti 6:3-5)

Verder verklaar Paulus die volgende: *"Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies;* ***hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie.*** *Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik en as* ***hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense,*** *goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars, hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is, volgens die evangelie van die heerlikheid van die salige God wat aan my toevertrou is."* (1Ti 1:5-11)

So indien iemand met jou wil redeneer oor die wet, weet dat hy volgens die vorige gedeelte praat asof hy dink jy is nie geregverdig nie, en dalk is hy nie geregverdig nie. Die wet is slegs 'n tugmeester na die regverdigheid toe, en in sigself kan net die dood beteken. *"Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.* ***Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons***

***geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie."*** (Gal 3:23-25)

So indien iemand jou wil dwing of "reg help" deur die wet te verkondig, weet dat die persoon nie die Bybel verstaan nie, en slegs sy interpretasie vir jou wil leer. So sal hulle jou probeer oortuig om kersfees te vermy, die paas naweek nie te vier en nog 'n klomp ander dae nie, maar ons weet hulle probeer om jou weer onder die wet te plaas. Maar Paulus skryf as volg: *"Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie? Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar; want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny.* ***Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal.*** *Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.* ***Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte; maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook. Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie. Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye."*** (Gal 4:21-31)

So die wat glo dat Jesus die Christus is en ons kom vrymaak het van die wet en Sy geregtigheid besit, is die Kerk van die HERE, en nie die volgens geslagsregisters en onderhouers van die wet nie. *"Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie; maar nou dat julle God ken, of liewer deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae en en maande en tye en jare waar. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het. Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle. Julle het my geen onreg aangedoen nie; maar julle weet dat ek ten gevolge van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het; en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as 'n engel van God, ja, as Christus Jesus."* (Gal 4:8-14)

So wie is Israel? Die wat die wil van die HERE doen om te deel in die Nuwe Verbond, en dit geld al van Moses se tyd af. So dié mense is Kerk.

## Wie is ons?

Ons is Louwrens en Hettie Erasmus, persone wat deur die HERE geroep is om 'n verskil in mense se lewens te maak. Hettie doen al vir byna haar hele lewe innerlike genesing, en het verskeie formele kursusse bygewoon en kwalifikasies ontvang, maar word nog steeds dag vir dag deur die Heilige Gees gelei en geleer.

Ekself is maar die ou wat die skryfwerk doen. So het ek heelwat geskryf oor wat Hy vir my gewys het, en ook hoe die Heilige Gees my gelei het om op die regte tyd die boodskap wat ek gekry het, neer te skryf.

Ongelukkig het ek Carcinoid kanker vir die afgelope 21 jaar al, maar dit het nou 'n drastiese verandering aan my lewenskwaliteit en ander omstandighede tot gevolg. Ons het 'n fondsinsameling van stapel gestuur om te help met onkostes en daaglikse oorlewing. Indien u 'n bedrae wil maak kan u dit doen op twee plekke. Die eerste plek is by die mense wat ons betalings hanteer op ons webtuiste en ons so ondersteun. Hulle bladsy is by https://www.payfast.co.za/donate/go/shamaministries

U kan ook op ons webtuiste bydra by http://shamaministries.org.za/wp/product/carcinoid-cancer-project/

Alle kwotasies uit die 1953 vertaling, beklemtoning self bygevoeg

Webtuiste: http://www.shama.org.za

Bediening Blog: www.shamaministries.blogspot.com

Persoonlike Blog: http://louwrense.blogspot.com

Vir meer oor die onderwerp kan u na my webtuiste gaan by http://www.shama.org.za en van my boeke aflaai en DVD's bestel:

Ander boeke beskikbaar op my webtuiste en by boekwinkels se webtuistes wat ek geskryf het:

- **Die boek van Moses.** Die boek neem u stap vir stap deur die hele proses wat ek hier in kort verduidelik het. Verder beantwoord dit ook baie ander vrae wat ek as Christen elke dag het. So is die boek ingedeel in hoofde wat handel oor die beginsels waarop ons geloof gebaseer is, wat beteken bekering, geloof, doop, liefde ens. Verder kyk ek ook na meer algemene vrae soos hoe maak ek my kinders volgens die Bybel se standaarde en riglyne groot, oor my finansies en die Kerk, oor seksualisme, Vigs ens. Dan is daar ook 'n gedeelte wat ek kyk na wie of wat Kerk is, hoe ek as lidmaat 'n leraar kan beoordeel en sommer nog baie ander vrae. Die laaste gedeelte kyk ek na hoe die hemel daarna uitsien, gebaseer op dit wat ek in die boek vinnig aangeraak het.
- **Is Egipte in die Hemel?** Die boek is gebaseer op my lewe, wat ek ervaar het die eerste keer wat ek 'n baie groot operasie gehad het om kanker te verwyder, en is deels waar, en dan so 'n bietjie fiksie om te verduidelik wat ons in die hemel kan verwag.

- **Ontwaak jy wat slaap.** Die boek kyk na die uitverkiesingsleer, en dan wat die gevolge daarvan is. Dit is ook die ingesluit in die Boek van Moses as 'n aparte gedeelte, maar is ook afsonderlik beskikbaar.

- **Kenmerke van 'n Christen.** Hoe moet my optrede as Christen wees. Moet die wêreld kan sien dat ek 'n Christen is? Wat is die invloed van die HERE op my daaglikse lewens wandel.

- **Die Verbond van Geregtigheid.** Die boek beskryf vir ons volledig wat die verbond vir ons as Christene beteken. Jesus het gesê dat Hy gekom het om te vervul, en nie om nuwe lerings te bring nie. Die boek neem u stap vir stap deur die proses van wat Jesus kom doen het om die verbond te vervul, asook wat die uitwerking daarvan op ons huidige groeperings binne Christendom beteken. Glo my, na u die boek gelees het en besef wat Jesus kom doen het, sal u lewe nooit weer dieselfde wees nie. Dit is as deel 2 van die boek ingesluit.

- **Die Openbaring van die Openbaring van Johannes.** Die boek bekyk die boek deur die bril van Israel as voorbeeld vir ons en wat die gevolge is vir ons as Christene is. Dit is nie 'n boek oor al vandag se gebeure en wie en wanneer die antichris gaan verskyn nie, maar neem Israel as voorbeeld, en hoe dinge dan vandag daar uit sien. Ek kan net noem dat dit absoluut verskillend is van enige van die sienspunte wat vandag gehuldig word. Maar, dan moet ons onthou dat meeste van die standpunte vandag iewers in die Roomse Kerk hul oorsprong het. Almal gebruik glad nie Israel as voorbeeld nie, want dan maak ons 'n hele boks vol wurms oop.

- **DVD's** Daar is ook 'n hele paar van die boeke wat ek as DVD's opgeneem het, en wat gebaseer is op die eboek met dieselfde naam, maar waar addisionele inligting ook beskikbaar is. Die DVD's is self opgeneem en is beskikbaar in volledige HD (high definition) formaat.

- **Youtube** Die videos wat ek opgeneem het kan ook gratis gekyk word op youtube by https://www.youtube.com/user/LouwErasmus